# Via Afrika Ekonomie

Via Afrika

Our Teachers. Our Future.

## Graad 11 Studiegids

C. Chaplin, I. Badenhorst, G.S.T. Mabaso, H.S.S. Tshabalala,
S.S. Pienaar, J.S. van Zyl



C. Chaplin

Studiegids

# Ekonomie

## Graad 11

Via Afrika

Our Teachers. Our Future.

ISBN: 978-1-41546-310-9

# Inhoud

Onderwerp 1 Basiese konsepte, bevolking en arbeidsmag .................................. 2
OORSIG ............................................................................................ 2
1 Die produksiefaktore ............................................................................ 3
2 Gemeenskapsdeelname aan besluitneming ..................................................... 8
3 Ekonomies gemarginaliseerde groepe .......................................................... 9
Vrae ................................................................................................. 11
Antwoorde ......................................................................................... 12

Onderwerp 2 Sirkulêre vloei en kwantitatiewe elemente: ekonomiese goedere en dienste ................................................................................................. 13
OORSIG ............................................................................................ 13
1 Finale en tussentydse goedere ................................................................... 14
2 Finale verbruiksbesteding deur huishoudings (C) ............................................ 16
3 Verbruiksbesteding deur die staat .............................................................. 17
4 Bruto vastekapitaalvorming (I) ................................................................... 18
5 Die hooftotale ...................................................................................... 19
Vrae ................................................................................................. 22
Antwoorde ......................................................................................... 23

Onderwerp 3 Ekonomiese stelsels: gemengde ekonomie ................................. 24
OORSIG ............................................................................................ 24
1 Die markekonomie ................................................................................. 25
2 Die sentraal beplande ekonomie ................................................................ 26
3 Die gemengde ekonomiese stelsel van Suid-Afrika ........................................... 27
4 Ekonomiese doeltreffendheid .................................................................... 28
Vrae ................................................................................................. 30
Antwoorde ......................................................................................... 31

Onderwerp 4 Basiese ekonomiese probleem, handelsiklusse en openbare sektor: ekonomiese struktuur ....................................................................... 32
OORSIG ............................................................................................ 32
1 Die primêre sektor ................................................................................. 33
2 Die sekondêre sektor .............................................................................. 35
3 Die tersiêre sektor ................................................................................. 36
4 Suid-Afrikaanse infrastruktuur .................................................................. 38
Vrae ................................................................................................. 40

# Inhoud


Antwoorde ........ 41

Onderwerp 5 Dinamiek van marke: pryselastisiteit ........ 43

OORSIG ........ 43

1 Grensnut ........ 44

2 Pryselastisiteit van vraag ........ 46

3 Pryselastisiteit van aanbod ........ 48

4 Inkomste-elastisiteit van vraag (Yed) ........ 49

5 Kruis-pryselastisiteit van vraag (Xed) ........ 51

Vrae ........ 55

Antwoorde ........ 56

Onderwerp 6 Dinamiek van markte: verhouding tussen markte ........ 57

OORSIG ........ 57

1 Relatiewe pryse ........ 58

2 Verhoudings tussen vraag en aanbod ........ 59

3 Die verhouding tussen goedere- en faktormarkte ........ 61

4 Markstrukture ........ 62

5 Klassifikasie van modelle ........ 65

Vrae ........ 66

Antwoorde ........ 67

Onderwerp 7 Dinamiek van markte: gevolge van koste en inkomste ........ 68

OORSIG ........ 68

1 Oogmerke van besigheid ........ 69

2 Korttermynkostes ........ 70

3 Langtermynkostes ........ 74

4 Inkomsteberekeninge ........ 76

Vrae ........ 77

Antwoorde ........ 78

Onderwerp 8 Ekonomiese groei en ontwikkeling: ekonomiese groei ........ 79

OORSIG ........ 79

1 Proses van welvaartskepping ........ 80

2 Meting van die verspreiding van welvaart ........ 81

3 Redes vir 'n ongelyke verspreiding van welvaart ........ 83

# Inhoud


4 Ekonomiese groei .......... 84
5 Faktore wat lewenspeil bepaal .......... 87
Vrae .......... 88
Antwoorde .......... 89

Onderwerp 9 Ekonomiese groei en ontwikkeling: ekonomiese ontwikkeling .......... 92
OORSIG .......... 92
1 Metodes vir ontwikkeling .......... 93
2 Gemeenskaplike kenmerke van ontwikkelende lande .......... 95
3 Ontwikkelingstrategieë .......... 97
4 Suid-Afrika se pogings .......... 98
5 Inheemse kennisstelsels (IKS) .......... 101
Vrae .......... 102
Antwoorde .......... 103

Onderwerp 10 Heersende ekonomiese kwessies: armoede .......... 105
OORSIG .......... 105
1 Armoede .......... 106
2 Die Suid-Afrikaanse regering se maatreëls ter verligting van armoede .......... 109
Vrae .......... 110
Antwoorde .......... 111

Onderwerp 11 Geld en bankwese .......... 112
OORSIG .......... 112
1 Geld .......... 113
2 Bankwese .......... 115
3 Mikro-uitlening .......... 118
4 Sentrale bankwese .......... 119
5 Bankmislukkings en gevolge .......... 121
Vrae .......... 122
Antwoorde .......... 123

Onderwerp 12 Ekonomiese groei en ontwikkeling: Suid-Afrika se ekonomiese belang in Afrika .......... 124
OORSIG .......... 124
1 Afrika se ekonomiese afbakenings, byvoorbeeld die AU en SADC .......... 125

# Inhoud

Vrae ........ 128
Antwoorde ........ 129

Onderwerp 13 Globalisering ........ 131
OORSIG ........ 131
1 Globalisering ........ 132
2 Absolute en vergelykende voor- en nadele van handel ........ 135
3 Die Noord–Suid-verdeling ........ 137
Vrae ........ 138
Antwoorde ........ 139

Onderwerp 14 Ekonomiese herstel: omgewingsagteruitgang ........ 141
OORSIG ........ 141
1 Omgewingsprobleme in Suid-Afrika ........ 142
2 Beskerming van die omgewing ........ 143
3 Benaderings tot volhoubaarheid ........ 145
4 Die globale en plaaslike impak op Suid-Afrika ........ 146
Vrae ........ 148
Antwoorde ........ 149

Eksamenvraestelle ........ 151
Halfjaar-eksamenvraestel 1: Makro-ekonomie ........ 151
Halfjaar-eksamenvraestel 2: Mikro-ekonomie ........ 157
Jaareindeksamenvraestel 1: Makro-ekonomie ........ 163
Jaareindeksamenvraestel 2: Mikro-ekonomie ........ 169

Memorandums ........ 175
Halfjaar-eksamenvraestel 1: Makro-ekonomie memorandum ........ 175
Halfjaar-eksamenvraestel 2: Mikro-ekonomie memorandum ........ 179
Jaareindeksamenvraestel 1: Makro-ekonomie memorandum ........ 183
Jaareindeksamenvraestel 2: Mikro-ekonomie memorandum ........ 188

# KWARTAAL 1

## Oorsig

| KWARTAAL 1 | | | |
|---|---|---|---|
| ONDERWERP 1 | ONDERWERP 2 | ONDERWERP 3 | ONDERWERP 4 |
| Bladsy 2 | Bladsy 13 | Bladsy 24 | Bladsy 32 |
| Basiese konsepte, bevolking en arbeidsmag | Sirkulêre vloei en kwantitatiewe elemente: ekonomiese goedere en dienste | Ekonomiese stelsels: gemengde ekonomie | Basiese ekonomiese probleem, handelsiklusse en openbare sektor: ekonomiese struktuur |

ONDERWERP 1

# Basiese konsepte, bevolking en arbeidsmag

## Oorsig

Onderwerp 1 behels 'n bespreking van die vier produksiefaktore, die vergoeding daarvoor, die maniere waarop gemeenskappe betrokke kan wees by ekonomiese besluitneming, asook die insluiting van voorheen ekonomies gemarginaliseerde groepe.

| Onderwerp 1 | | |
|---|---|---|
| BASIESE KONSEPTE, BEVOLKING EN ARBEIDSMAG | | |
| Bladsy 3 | Bladsy 8 | Bladsy 9 |
| 1<br>Die produksiefaktore | 2<br>Gemeenskapsdeelname aan besluitneming | 3<br>Ekonomies gemarginaliseerde groepe |

**ONDERWERP 1**

# 1 Die produksiefaktore

Die vier produksiefaktore is die hulpbronne (**insette**) wat gebruik word om goedere en dienste (**uitsette**) te produseer. Hulle is:

- natuurlike hulpbronne
- arbeid
- kapitaal
- entrepreneurskap.

In ’n markstelsel is die meeste produksiefaktore in private besit. Elke faktor ontvang sy eie beloning of vergoeding.

| | | |
|---|---|---|
| natuurlike hulpbronne | → | huur |
| kapitaal | → | rente |
| arbeid | → | lone |
| entrepreneurskap | → | wins |

## 1.1 Natuurlike hulpbronne

### 1.1.1 Kenmerke van natuurlike hulpbronne

’n Natuurlike hulpbron is iets soos ’n woud, minerale neerslag, of vars water, wat in die natuur aangetref en deur mense benodig word, of wat vir hulle nuttig is. Natuurlike hulpbronne se kenmerke sluit die volgende in:

- hul voorraad is beperk
- nie alle natuurlike hulpbronne is herwinbaar nie, en hulle kan dus verdeel word tussen nie-herwinbare hulpbronne (soos minerale en fossielbrandstowwe) en herwinbare hulpbronne (soos plante en diere)
- hul verspreiding is nie eweredig nie, wat beteken dat sommige lande volop natuurlike hulpbronne kan hê, terwyl ander baie min het
- hulle word gebruik in die produksie van goedere en dienste
- hulle moet verwerk word vir verdere gebruik.

Minerale hulpbronne is nie-herwinbaar en die tempo waarteen hulle verbruik word, bied rede tot kommer. Herwinbare hulpbronne moet versigtig bestuur word.

### 1.1.2 Die belangrikheid van natuurlike hulpbronne

Natuurlike hulpbronne is belangrik omdat hulle:

- die ekonomiese ontwikkeling van 'n land moontlik maak
- die grondslag verskaf vir die ekonomiese aktiwiteite waartydens goedere en dienste geproduseer word
- verskaf 'n inkomste aan diegene wat hulle besit
- skep werkgeleenthede
- vorm die grondslag vir internasionale handel.

### 1.1.3 Vergoeding vir natuurlike hulpbronne

Ons gebruik die term **huur** as beskrywing van die vergoeding vir alle natuurlike hulpbronne. Die vergoeding vir produksiefaktore word beïnvloed deur die volgende faktore:

- styging in die vraag na 'n produk of diens
- gehalte van die natuurlik hulpbron
- klimaat
- tegnologie
- ligging.

## 1.2 Arbeid

Arbeid is die liggaamlike of verstandelike werk wat mense vir besoldiging of vergoeding verrig.

### 1.2.1 Kenmerke van arbeid

- Arbeid verskil in terme van gehalte en hoeveelheid na gelang van die arbeider wat dit verrig.
- Arbeid kan onderverdeel word in geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde arbeid.
- Arbeid kan nie opgegaar word nie.
- Dit neem tyd om werkers te skool en op te lei. Daarom kan hulle nie op kort kennisgewing vermeerder word nie.
- Ontwikkelende lande het 'n groot aanbod van ongeskoolde werkers.
- Die geografiese en beroepsbeweeglikheid van arbeid is laag.

### 1.2.2 Belangrikheid van arbeid

Dit is belangrik om 'n geskoolde arbeidsmag te hê omdat:

- die arbeidsmag verantwoordelik is vir die produksie in 'n land
- 'n tekort aan vaardighede ekonomiese groei belemmer
- geskoolde werkers geneig is om meer produktief te wees as ongeskoolde werkers
- die aanbod van arbeid bepaal word deur faktore soos die **bevolkingsgroeikoers**, die **deelnemingskoers van die arbeidsmag** en **migrasie.**

Die gehalte van arbeid word bepaal deur die vaardighede, kennis en gesondheid van werkers. Vaardighede kan verhoog word deur onderwys en opleiding. Vaardigheidsontwikkeling is 'n sleutelstrategie in Suid-Afrika.

**Bevolkingsgroeikoers.** Dit neem toe indien die geboortesyfer die sterftesyfers oorskry. Die uitwerking van hierdie toename sal waargeneem word wanneer die kinders die ouderdom bereik waarop hulle begin werk.

**Deelnemingskoers van die arbeidsmag.** Dit behels diegene wat ekonomies aktief is en werk soek.

**Migrasie.** Werkers beweeg dikwels van land tot land op soek na werk.

### 1.2.3 Vergoeding vir arbeid

Werkers word vergoed met **lone.** Ander voordele, dikwels genoem **betaling in goedere,** soos maatskappymotors of -huisvesting, kan ook ingesluit word.

In 'n markstelsel word besoldigingsvlakke deur die volgende faktore beïnvloed:

- die vraag na spesifieke goedere en dienste
- die vraag na 'n spesifieke soort arbeid.

## 1.3 Kapitaal

Kapitaal bestaan uit al die vervaardigde goedere en dienste wat gebruik word in die produksie van **verbruikersgoedere** (goedere wat gebruik word om verbruikersgoedere te vervaardig), asook al die geld wat gebruik word om **kapitaalgoedere** te koop (goedere wat deur verbruikers gekoop word om in hul behoeftes te voorsien).

Kapitaal is afkomstig van besparing, wat die volgende vier bronne het:

- huishoudings
- besighede
- regering
- buitelandse state.

### 1.3.1 Kenmerke van kapitaal

- Dit is noodsaaklik vir die voortsetting van produksie en vir ekonomiese groei ('n styging in die waarde van goedere en dienste wat in die ekonomie geproduseer word).
- Kapitaalgoedere neem met verloop van tyd af in waarde, en moet vervang word.
- Kapitaal word deur besighede en die staat besit.
- Kapitaal kan geklassifiseer word as **maatskaplike kapitaal** (soos skole en hospitale) en **menslike kapitaal** (soos vaardighede en ervaring).

### 1.3.2 Belangrikheid van kapitaal

- Kapitaal is belangrik vir die handhawing van produksie en die generering van ekonomiese groei.
- **Kapitaalverbreding** vind plaas wanneer kapitaalvoorraad toeneem teen dieselfde koers as die arbeidsmag en die depresiasiekoers, sodat die kapitaal per werker konstant bly. Die ekonomie sal uitbrei in terme van gemiddelde uitset, *maar* produktiwiteit per werker bly konstant.
- **Kapitaalverdieping** kom voor wanneer die kapitaal per werker toeneem.
- Die skepping van kapitaalgoedere staan bekend as investering.

### 1.3.3 Vergoeding van kapitaal

Kapitaaleienaars verdien **rente,** wat die geld is wat verdien word vir die leen van geld aan 'n ander individu of instelling, of die geld wat betaal word vir die leen van geld.

Die opbrengskoers op 'n belegging (die vergoedingsbedrag) word beïnvloed deur:

- die risiko van die belegging
- die likwiditeit van die belegging
- die tydsduur (termyn) van die belegging
- die vraag na kapitaalgoedere
- die hoeveelheid beskikbare finansiering
- die monetêre beleid van 'n land.

## 1.4 Ondernemerskap (Entrepreneurskap)

Ondernemers is mense of besighede wat nuwe besighede begin of wat nuwe goedere en dienste skep en bemark.

### 1.4.1 Kenmerke van entrepreneurs

- Hulle is vernuwend en identifiseer geleenthede.
- Hulle bring die ander drie produksiefaktore byeen en gebruik hulle om goedere of dienste produseer.
- Hulle neem die inisiatief of risiko om 'n nuwe besigheid te begin of nuwe besighede te ontwikkel.
- Hulle is oorwegend ondernemend.
- Entrepreneurs kan individue, groepe individue, besighede of regerings wees.

### 1.4.2 Belangrikheid van ondernemers

Ondernemers is onmisbaar omdat:

- hulle grond, kapitaal en arbeid byeenbring vir die produksie van goedere en dienste, en daardeur ekonomiese groei bewerkstellig
- hulle welvaart skep deur spaargeld en geleende geld te gebruik vir die aankoop van kapitaalgoedere, en rente betaal aan die gelduitleners
- hulle mense in diens neem, en daardeur werkgeleenthede skep
- hulle gesonde mededinging bevorder.

### 1.4.3 Vergoeding van ondernemers

Die vergoeding van ondernemers staan bekend as **wins**.

## 2 Gemeenskapsdeelname aan besluitneming

Belangrike funksies van plaaslike regerings is dat hulle:

- die geleentheid skep vir konsultasie met mense oor dinge wat in hul omgewing gebeur
- mense op die hoogte hou van hul planne en projekte.

# 3 Ekonomies gemarginaliseerde groepe

## 3.1 Toeganklikheid

In die dekades wat die koms van die Suid-Afrikaanse demokrasie in 1994 voorafgegaan het, het die apartheidsregering stelselmatig swart- en bruinmense, en Indiërs, uitgesluit van betekenisvolle deelname aan die land se ekonomie. Dit het onafwendbaar gelei tot wydverspreide armoede en ontbetering. Ter regstelling van hierdie situasie het die Suid-Afrikaanse regering 'n stel beleidsmaatreëls vir swart ekonomiese bemagtiging **(SEB)** en indiensneming ontwikkel.

## 3.2 Bemagtiging

Die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging is in 2003 in werking gestel. Suid-Afrika se beleid van swart ekonomiese bemagtiging is nie bloot 'n morele inisiatief om die foute van die verlede reg te stel nie. Dit is 'n pragmatiese strategie vir groei, wat daarop gemik is om die land se volle ekonomiese potensiaal te verwesenlik, terwyl die swart meerderheid opgeneem word in die hoofstroom van die landsekonomie.

Hiermee wil die regering die volgende doelwitte bereik:

- meer swartmente bemagtig om ondernemings te besit en te bestuur
- 'n betekenisvolle verandering bewerkstellig in die rassesamestelling van eienaarskap en bestuurstrukture, asook in bestaande en nuwe ondernemings se poste vir geskoolde werkers
- toegang tot finansiering vir swart ekonomiese bemagtiging bevorder
- landelike en plaaslike gemeenskappe bemagtig deur vir hulle toegang te bewerkstellig tot ekonomiese aktiwiteite, grond, infrastruktuur, eienaarskap en vaardighede
- die ontwikkeling van menslike hulpbronne onder swartmense bevorder by wyse van, onder meer, mentorskappe, vakleerlingskappe en internskappe
- die mate verhoog waarin gemeenskappe, werkers, koöperatiewe instellings en ander kollektiewe ondernemings bestaande en nuwe ondernemings besit en bestuur, en hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en vaardighede verhoog
- bydra tot die ontwikkeling van die operasionele en finansiële kapasiteit van SEB-ondernemings, veral klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's), asook ondernemings wat deur swartmense besit word

- die mate verhoog waarin swart vroue bestaande en nuwe ondernemings besit en bestuur, en hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling vergemaklik.

## 3.3 Verkryging

**Verkrygingsbeleid** behels die verlening van voorrang vir die toekenning van staatstenders aan besighede wat die SEB-wet nakom.

## Vrae

1 Noem 'n volhoubare gebruik vir grond. (2)

2 Verduidelik die ekonomiese term *water*. (2)

3 Verduidelik die omstandighede waarin 'n besigheid se produktiwiteit laag kan wees. (4)

4 Verduidelik drie probleme wat teweeggebring word deur 'n ongeskoolde arbeidsmag. (6)

5 Noem drie voorbeelde van nie-herwinbare kragbronne. (6)

6 Hoekom is ondernemers belangrik? (8)

7 Bespreek vyf oogmerke van Suid-Afrika se Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging. (10)

[38]

## Antwoorde

1 landbou, √√ veeteelt √√ herwinbare woude √√ (1 x 2) (2)

2 grond √√ (2)

3 ongeskoolde arbeidsmag, √√ gebrek aan kapitaalgoedere√√ (2 x 2) (4)

4 gebrek aan produktiwiteit, √√ onvermoë om take te verrig wat geskooldheid verg,√√ geld en tyd moet in opleiding belê word √√ (3 x 2) (6)

5 olie, √√ steenkool, √√ gas √√ (3 x 2) (6)

6 Hulle is vernuwend en identifiseer geleenthede. √√

Hulle bring die ander drie produksiefaktore byeen en gebruik hulle om goedere en dienste te produseer. √√

Hulle neem die inisiatief of aanvaar die risiko om nuwe besighede te begin of besighede te ontwikkel. √√

Hulle is meesal ondernemende mense. √√

Hulle kan individue, groepe individue, besighede of regerings wees. (8)

7 Bemagtig meer swartmense om besighede te besit en te bestuur. √√

Bewerkstellig ’n betekenisvolle verandering in die rassesamestelling van eienaarskap- en bestuurstrukture, en in die bestaande en nuwe ondernemings se poste vir geskoolde werkers. √√

Bevorder toegang tot finansiering vir swart ekonomiese bemagtiging. √√

Bemagtig landelike en plaaslike gemeenskappe deur vir hulle toegang te bewerkstellig tot ekonomiese aktiwiteite, grond, infrastruktuur, eienaarskap en vaardighede. √√

Bevorder die ontwikkeling van menslike hulpbronne onder swartmense deur, byvoorbeeld, mentorskappe, vakleerlingskappe en internskappe. √√

Verhoog die mate waarin gemeenskappe, werkers, koöperatiewe en ander kollektiewe instellings bestaande en nuwe besighede besit en bestuur, en verhoog hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en vaardighede. √√

Help met die ontwikkeling van die operasionele en finansiële kapasiteit van SEB-ondernemings, veral klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO’s) en besighede wat deur swartmense besit word. √√

Verhoog die mate waarin swart vroue bestaande en nuwe besighede besit en bestuur, en fasiliteer hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling. √√ (10)

[38]

ONDERWERP 2

# Sirkulêre vloei en kwantitatiewe elemente: ekonomiese goedere en dienste

## Oorsig

Onderwerp 2 behels 'n bespreking van die sirkulêre vloei van goedere en dienste, asook van metodes vir die berekening van die totale waarde van goedere en dienste in die ekonomie oor 'n gegewe tydperk (gewoonlik een jaar).

| Onderwerp 2 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| SIRKULÊRE VLOEI EN KWANTITATIEWE ELEMENTE: EKONOMIESE GOEDERE EN DIENSTE | | | | |
| Bladsy 14 | Bladsy 16 | Bladsy 17 | Bladsy 18 | Bladsy 19 |
| 1<br>Finale en tussentydse goedere | 2<br>Finale verbruiksbesteding deur huishoudings (C) | 3<br>Verbruiksbesteding deur die staat | 4<br>Brutovastekapitaal-vorming (I) | 5<br>Die hooftotale |

# 1 Finale en tussentydse goedere

Ekonomiese goedere en dienste word geproduseer deur gebruik van die produksiefaktore ter vervulling van die behoeftes en begeertes van verbruikers. **Ekonomiese goedere** is verbruikbare items wat nuttig is vir mense maar skaars is in verhouding tot die vraag daarna, sodat menslike inspanning nodig is vir die verkryging daarvan. Hierteenoor is **vrye goedere** (soos lug) in oorvloed beskikbaar en geen bewustelike inspanning is nodig om hulle te verkry nie.

Daar is twee verskillende soorte ekonomiese goedere:

- **tussentydse goedere en dienste**, wat gebruik word in die produksie van ander goedere en dienste
- **finale goedere (eindgoedere) en dienste**, wat aan die eindverbruiker verkoop word en nie weer verkoop sal word nie.
- sommige items kan as eindprodukte sowel as tussentydse produkte beskou word, afhangend van hoe hulle gebruik word. Suiker, byvoorbeeld, word regstreeks gebruik, asook in die vervaardiging van ander voedselprodukte.


Finale goedere en dienste word in die produktemark gekoop deur die vier deelnemers aan die ekonomie:

- huishoudings
- besighede
- regerings
- buitelandse sektor.

Ons noem huishoudelike besteding **verbruik** (C), besighede se besteding aan kapitaalgoedere **investeringsbesteding** (I), regeringsuitgawes **staatsbesteding** (G) en besteding deur die buitelandse sektor **uitvoere** (X). Ingevoerde goedere staan bekend as **invoere** (Z).

## 1.1 Stromings in die ekonomie

Goedere en dienste vloei tussen die produsente in die besighede en die verbruikers in die huishoudings. Betalings vir goedere en dienste en vir produksiefaktore vloei tussen huishoudings, regerings en besighede. Hierdie stromings staan bekend as die **sirkulêre vloei** in die ekonomie.




**FIGUUR 2.1** **Die sirkulêre vloei diagram**

ONDERWERP 2

# 2 Finale verbruiksbesteding deur huishoudings (C)

Dit is die totale waarde van alle geld wat mense in 'n land bestee aan finale goedere en dienste oor 'n sekere tydperk. Ekonome ondersoek dit om veranderinge in die handelsiklus te identifiseer. 'n Styging in die besteding aan duursame goedere, byvoorbeeld, kan daarop dui dat 'n oplewing in die siklus binnekort sal voorkom.

## 2.1 Samestelling van huishoudelike besteding

Huishoudings bestee hul inkomste aan nie-duursame goedere, semi-duursame goedere en duursame goedere en dienste.

- **Duursame goedere** is tasbare goedere (goedere wat aangeraak kan word) en meesal langer as 'n jaar hou, soos meubels en motorvoertuie.
- **Semi-duursame goedere** is tasbare goedere met 'n korter lewensiklus, soos klere en skoene.
- **Nie-duursame goedere** is goedere soos voedsel en brandstof wat verbruik kan word en nie lank hou nie.
- **Dienste** is aktiwiteite wat mense se behoeftes en begeertes vervul, soos wat gelewer word deur restaurante. Mediese en onderwysdienste is ook voorbeelde.

### 2.1.1 Belangrikheid van C

Hoe hoër verbruikersbesteding is, des te meer behoeftes en begeertes word vervul. Dus, des te hoër die ekonomiese bevrediging van huishoudings se behoeftes en begeertes, en des te hoër die ekonomiese aktiwiteit van die land.

# 3 Verbruiksbesteding deur die staat

**Verbruiksbesteding deur die staat (G)** is die geld wat alle staatsdepartemente gesamentlik aan goedere en dienste bestee.


## 3.1 Samestelling

Verbruiksbesteding deur die staat (G) val in twee kategorieë:

- besoldiging van werknemers in die openbare sektor (staatsamptenare), wat die grootste komponent is
- besteding aan goedere en dienste.

Oordragbetalings soos ouderdomspensioene en kindertoelaes is nie by hierdie syfer ingesluit nie, aangesien hulle die oordrag behels van geld van een groep na 'n ander en dus nie deel vorm van besteding nie.

Besteding ingevolge die nasional begroting van 2008 was soos volg:




**FIGUUR 2.2 Begroting 2008/2009**

(Bron: http://www.etu.org.za)

# 4 Brutovastekapitaalvorming (I)

**Brutovastekapitaalvorming (I)** is ook bekend as investering en vind plaas wanneer kapitaalvoorraad, soos masjinerie, geboue en inventarisse, toeneem. Dit moet nie verwar word met finansiële investering nie. Finansiële investering vind plaas wanneer mense geld by finansiële instellings deponeer, of aandele of ander finansiële instrumente koop.

Kapitaalgoedere word as finale goedere beskou omdat hulle nie verder geprosesseer word vir herverkoop nie.

## 4.1 Samestelling

**Vaste kapitaal** sluit goedere in soos infrastruktuur en fabrieke wat help om goedere te produseer.

**Tasbare bates** is goedere soos masjinerie, wat aangeraak en gesien kan word.

**Ontasbare bates** kan nie aangeraak of gesien word nie, soos gas- en steelkool-eksplorasie.

## 4.2 Belangrikheid

- Kapitaalvorming is belangrik want namate die kapitaalvoorraad groei, verhoog die ekonomiese vermoë om meer goedere en dienste te produseer terselfdertyd. Dit lei tot ekonomiese groei.
- Verhoogde produksie lei tot hoër indiensneming en 'n toename in die BBP.

# 5 Die hooftotale

## 5.1 Bruto Binnelandse Produksie/Produk (BBP)

Dit is die totale waarde van alle goedere en dienste wat in 'n spesifieke tydperk – gewoonlik 'n jaar – binne die grense van 'n land geproduseer word.

Dit kan op een van drie maniere bereken word:

- waarde toegevoeg
- inkomstemetode
- bestedingsmetode.

## 5.2 Bruto waarde toegevoeg

Die metode van bruto waarde toegevoeg meet die totale uitset van finale goedere en dienste wat in die bestek van 'n jaar geproduseer is. Dit is die markwaarde van 'n besigheid se uitset, minus die waarde van enige insette wat van ander besighede gekoop is. Dit beteken dat die BBP bereken word ooreenkomstig die metode van bruto waarde toegevoeg.

Voorbeeld: 'n Boer produseer 2 000 sakke koring, wat aan 'n meulenaar verkoop word vir R20 000. Die waarde wat deur die boer toegevoeg is, is dus R20 000. Die meulenaar verwerk die koring tot meel en verkoop dit aan 'n bakkery vir R35 000. Hy het R15 000 toegevoeg tot die waarde van die produk. Die bakker bak brood met die meel en verkoop dit aan 'n winkel vir R40 000. Hy het dus R5 000 toegevoeg tot die waarde van die produk. Die winkel verkoop die brood vir R45 000, en het dus ook R5 000 tot die waarde van die produk toegevoeg.

| | |
|---|---|
| Boer | = R20 000 |
| Meulenaar | = R15 000 |
| Bakkery | = R 5 000 |
| Winkel | = R 5 000 |
| **Totale waarde toegevoeg** | **= R45 000** |

## 5.3 Bruto nasionale besteding (BNB)

Bruto nasionale besteding (BNB) is die totale waarde van al die geld wat in 'n spesifieke tydperk aan goedere en dienste bestee is.

## 5.4 Bruto binnelandse besteding (BBB)

**BBB = C + G + I**

C is die finale verbruiksbesteding deur huishoudings.

G is staatsverbruiksbesteding.

I is bruto vastekapitaalvorming en die verandering in inventarisse.

## 5.5 Besteding aan bruto binnelandse produk

Binnelandse besteding sluit besteding in aan goedere wat uit ander lande ingevoer is, en dit moet dus ingereken word by besteding. Binnelandse produkte wat oorsee verkoop word as uitvoere en nie plaaslike gekoop is nie, moet dus van binnelandse besteding afgetrek word.

**Besteding aan bruto binnelandse produk = C + I + G + (X – Z).**

### 5.5.1 Invoere (M) en uitvoere (X) (Handel)

Die transaksies tussen lande, invoere en uitvoere, staan bekend as handel.

Uitvoere skep ruimte vir verhoogde produksie, wat die ekonomie stimuleer, skep die geleentheid vir verhoogde indiensneming, en laat buitelandse valuta die land inkom as betaling vir uitvoere.

Invoere bring noodsaaklike goedere en dienste na die land, wat nie plaaslik vervaardig kan word nie. Goedkoper invoere kan armer mense help.

## 5.6 Bruto nasionale inkomste (BNI)/BBP (I)

Dit is die totale waarde van die uitset of inkomste verdien deur die inwoners van ’n land as gevolg van die benutting van hul produksiefaktore in die bestek van ’n jaar.

**BBP (I) = huur + rente + lone + winste**

**BNI = BBP + inkomste verdien uit die res van die wêreld deur Suid-Afrikaners – inkomste verdien deur buitelanders in Suid-Afrika**

## Vrae

1 Gee 'n voorbeeld van 'n finale produk, 'n tussentydse produk, en verduidelik die verskil tussen die twee. (6)

2 Verduidelik die vergelyking BBP (E) = C + G + I (X – M). (8 x 2) (16)

3 Bereken die finale verbruiksbesteding met gebruik van die volgende inligting:

- Private verbruiksbesteding is R40,2 miljard
- Verbruiksbesteding deur die staat is R15,5 miljard
- Bruto vastekapitaalvorming is R8,1 miljard. (8)

4 Gee voorbeelde van verskillende soorte goedere waarop huishoudings geld bestee? (12)

5 Noem die vier hoofrolspelers in die ekonomie. (4)

6 Hoekom word invoere nie ingesluit in binnelandse besteding nie? (4)

7 Wat is die belang van vastekapitaalvorming? (6)

[56]

## Antwoorde

1 Finale goedere, soos klere, skoene en kos, word gekoop deur eindverbruikers. √√√ Tussentydse goedere word gebruik in die verdere produksieproses, soos die vervaardiging van materiaal vir die maak van klere, leer vir die maak van skoene, en vrugte vir inmaak. √√√ (6)

2 Bruto binnelandse produk = verbruiksbesteding + staatsbesteding + investering (plus uitvoere en minus invoere) (√√√√√√√√√√√√ 12 plus verduideliking √√√√) (16)

3 R40,2 miljard + R15,5 miljard + R8,1 miljard = R63,8 miljard. (8) √√√√√√√√ (8)

4 Nie-duursame goedere (kos, drinkgoed, petrol) √√√√

Semi-duursame goedere (klerasie, boeke, motorbande)√√√√

Duursame goedere (meubels, motors, fietse) √√ √√ (12)

5 huishoudings, √√ besighede, √√ staat, √√ buitelandse sektor √√ (4)

6 Aangesien hulle nie deel vorm van ons produksie nie √√ en die inkomste uit hul verkope na die buiteland gaan. √√ (4)

7 Toenames in kapitaalvoorraad skep ruimte vir toename in produksie. √√ Verhoogde produksie lei tot meer indiensneming. √√ Kapitaalvorming bevorder die groei van die BBP. √√ (6)

[56]

ONDERWERP 3

# Ekonomiese stelsels: gemengde ekonomie

## Oorsig

| Onderwerp 3 | | | |
|---|---|---|---|
| EKONOMIESE STELSELS: GEMENGDE EKONOMIE | | | |
| Bladsy 25 | Bladsy 26 | Bladsy 27 | Bladsy 28 |
| 1<br>Die markekonomie | 2<br>Die sentraal beplande ekonomie | 3<br>Die gemengde ekonomiese stelsel van Suid-Afrika | 4<br>Ekonomiese doeltreffendheid |

**ONDERWERP 3**

# 1 Die markekonomie

Dit is ook bekend as die **vryemarkstelsel**, waarin die kragte van vraag en aanbod deur entrepreneurs gebruik word om die drie kernvrae in die ekonomie te beantwoord:

- **Wat** behoort geproduseer te word?
- **Hoe** behoort produksie te geskied?
- **Vir wie** produseer die ekonomie?

## 1.1 Kenmerke van die markekonomie

Die begeerte om die grootste moontlike wins te maak is die grootste dryfveer.

- Daar is private eienaarskap van die produksiefaktore.
- Dit staan individue vry om besighede te begin en om te leef en te werk waar hulle wil.
- Besighede ding met mekaar mee.
- Daar is afwesigheid van 'n sentrale plan. Die regering speel 'n beperkte rol deur slegs basiese dienste te verskaf.
- Besighede neig om te spesialiseer in die vervaardiging van produkte wat die grootste moontlike winste lewer.

## 1.2 Voordele van 'n markekonomie

- Produksie is doeltreffend.
- Verbruikers het 'n wye keuse van produkte waaruit hulle kan kies.
- Daar is vryheid van handeling, eienaarskap, beweging en spraak.
- Mense word aangemoedig om nuwe produkte te bedink en te ontwikkel.
- Daar is hoë ekonomiese groei.

## 1.3 Nadele van 'n markekonomie

- Eiebelang kan lei tot 'n gebrek aan besorgdheid oor diegene wat swakker daaraan toe is, en 'n onverskillige gebruik van hulpbronne.
- Daar is ongelyke verspreiding van inkomste en welwaart.
- Die markekonomie funksioneer nie altyd doeltreffend nie (**markterugslag**), wat aanleiding gee tot staatsinmenging ter beskerming van armes.
- Die markekonomie is onderhewig aan handelsiklusse.

# 2 Die sentraal beplande ekonomie

’n Sentraal beplande ekonomie word beheer en bestuur deur ’n regering wat al die besluite neem oor wat geproduseer sal word, hoe dit sal geskied, en watter goedere en dienste aan verbruikers toegedeel sal word.

## 2.1 Kenmerke

’n Sentraal beplande ekonomie word deur die volgende gekenmerk:

- geen private eienaarskap
- sentrale beplanning en beheer
- staatsondernemerskap
- die uitoefening van dwang ter bereiking van ekonomiese doelwitte.

## 2.2 Voordele van ’n sentraal beplande ekonomie

- Daar is gelyke verspreiding van inkomste.
- Geen vermorsing weens mededinging nie.
- Staat stel almal in diens, wat werkloosheid uitskakel.
- Staat verskaf infrastruktuur en dienste.
- Buitefaktore word gehanteer.
- Prys word geadministreer.

## 2.3 Nadele van ’n sentraal beplande ekonomie

- Arbeidsmag het min motivering om harder te werk of innoverend te wees.
- Lae werkersmotivering en swak beplanning deur die staat kan lei tot laer ekonomiese groei.
- Daar is ’n tekort aan verbruikersgoedere en dienste.
- Afwesigheid van mededinging lei tot ’n gebrek aan verbruikerskeuse.
- Vryheid van beweging en spraak word beperk.

ONDERWERP 3

# 3 Die gemengde ekonomiese stelsel van Suid-Afrika

Dit is ’n kombinasie van markkapitalisme en sentrale beplanning. Sommige lande soos China en Swede is meer sosialisties en minder kapitalisties, terwyl andere, soos die VSA, meer kapitalisties en minder sosialisties is.

## 3.1 Kenmerke van die gemengde ekonomiese stelsel in Suid-Afrika

- Die winsmotief bestaan.
- Mededinging heers.
- Die staat meng wel by die ekonomie in.
- Besighede in die private sektor verskaf sommige goedere en dienste.
- Natuurlike hulpbronne en besighede is meesal in private besit.

## 3.2 Voordele van die gemengde ekonomiese stelsel

- Daar is vryheid van keuse en private eienaarskap van grond en besighede.
- Private eienaarskap, tesame met infrastruktuur wat deur die staat voorsien is, bevorder ekonomiese groei.
- Staat verbeter maatskaplike welsyn, veral in die geval van die armes.
- Staat voer wetgewing deur ter beskerming van die omgewing.
- Ekonomiese groei word aangemoedig.

## 3.3 Nadele van ’n gemengde ekonomiese stelsel

- Solank die winsmotief bestaan, sal daar eiebelang wees en ’n gebrek aan besorgdheid oor die armes.
- Armoede bestaan steeds.
- Staatsondernemings laat gewoonlik nie mededinging toe nie, wat lei tot monopolieë.
- Staatsinmenging kan indiensneming laat afneem.

# 4 Ekonomiese doeltreffendheid

Twee van die hooffunksies van die staat in ’n gemengde ekonomie is die lewering van maatskaplike dienste ter verbetering van armes se welstand, en die lewering van ekonomiese dienste ter bevordering van ekonomiese groei.

## 4.1 Suid-Afrika se maatskaplike dienste

Hierdie dienste sluit in:

- onderwys
- gesondheidsorg
- welsynsdienste en maatskaplike toelaes
- behuising en gemeenskapsgeriewe soos biblioteke, sale en parke
- openbare orde en veiligheid.

### 4.1.1 Die doeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse regering in die lewering van maatskaplike dienste

Ondanks groot toenames in besteding, bly die lewering van hierdie dienste problematies. Die gevolg hiervan is talle openbare prostesaksies en kritiek in die nuusmedia.

**Onderwys en opleiding**. Suid-Afrika se geletterdheidsvlak is laag en die slaagsyfer vir Graad 12 bly eweneens laag. Daar is ’n tekort aan geskoolde werkers, wat ekonomiese groei vertraag.

**Gesondheidsorg**. Hospitale en klinieke sukkel om die mas op te kom met die aantal mense wat gesondheidsorg benodig. Die vraag na gesondheidsorg sal na alle waarskynlikheid toeneem namate meer mense met MIV en tuberkulose behandeling nodig het.

## 4.2 Suid-Afrika se ekonomiese dienste

Verskillende staatsdepartemente probeer ekonomiese ontwikkeling bevorder deur die inwerkingstelling van beleidmaatreëls ter verbetering van produksie. Subsidies en toelaes word ook toegestaan as deel van die pogings. ’n Voorbeeld is die Departement van Handel en Nywerheid, wat plaaslike besighede help om markte vir hul produkte te vind op sterkte van handelsooreenkomste met ander lande.

### 4.2.1 Die doeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse regering in die lewering van ekonomiese dienste

Die hoë prys van sommige van Suid-Afrikaanse goedere, soos klerasie, vergeleke met dié van China en Indië het dit vir Suid-Afrika moeilik gemaak om goedere uit te voer. Die **Inisiatief vir Versnelde en Gedeelde Groei in Suid-Afrika (ASGISA)** is in 1996 ingestel te bevordering van groei en indiensneming. Die **Nuwe Ekonomiese Groeipad** is in 2010 aangekondig om armoede en werkloosheid te help verlig.

### 4.2.2 Die doelwitte van GEAR

Die doelwitte van GEAR sluit in:

- om 'n hoë ekonomiese groeikoers te bereik
- om die private sektor te vergroot
- om produksie en indiensneming te verhoog
- om fiskale beleid te hervorm
- om handel en investering aan te moedig.

### 4.2.3 Die doelwitte van HOP

Die doelwitte van HOP sluit in:

- die voldoening aan die basiese behoeftes van die gemeenskap (behuising, water, elektrisiteit, ens.)
- ontwikkeling van menslike hulpbronne deur onderwys en opleiding
- groei van die ekonomie en uitskakeling van ekonomiese ongelykhede
- demokratisering van die staat en van gemeenskappe
- doeltreffende finansiële omgewing en bestuur van die program.

**Internasionale mededingendheid** verwys na die vermoë van Suid-Afrikaanse besighede om die prys en gehalte van ander lande se uitsette te ewenaar. Daar is drie maniere waarop internasionale mededingendheid bewerkstellig kan word:

1. besighede moet goedere van 'n hoë standaard produseer wat nie duurder is as buitelandse goedere nie
2. die sentrale bank moet help deur stabiele wisselkoerse te handhaaf
3. lande wat uitvoer, benodig inflasiekoerse wat ooreenstem met dié van hul handelsvennote.

## Vrae

1 Noem vier nadele van markkapitalisme. (8)

2 Noem vyf voordele van 'n markekonomie. (10)

3 Hoekom kan 'n handelsiklus nadelig wees in 'n ekonomie? (2)

4 Gee twee kenmerke van 'n sentraal beplande ekonomie. (4)

5 Daar is geen werkloosheid in 'n sentraal beplande ekonomie nie. Waar of Onwaar? (2)

6 Noem vier voordele van 'n sentraal beplande ekonomie. (8)

[34]

# Antwoorde

1 handelsiklusse, √√ eiebelang, √√ ongelyke verspreiding van welvaart en inkomste, √√ markterugslag √√ (8)

2 hoë ekonomiese groei, √√ doeltreffendheid, √√ innovering, √√ wyer verbruikerskeuses beskikbaar, √√ vryheid van handeling, eienaarskap en spraak √√ (10)

3 Handelsiklusse maak dit moeilik om doeltreffend te beplan. √√ ’n Insinking kan lei tot werkloosheid, wat ontbering meebring. √√ (2)

4 geen private eienaarskap nie, √√ staatsbeplanning en –beheer, √√ staatsentrepreneurskap √√ (4)

5 Waar √√ (2)

6 regeringsdienste, √√ gelykheid van inkomste, √√ volle indiensneming, √√ geen vermorsing weens mededinging nie √√ (8)

[34]

ONDERWERP 4

# Basiese ekonomiese probleem, handelsiklusse en openbare sektor: ekonomiese struktuur

## Oorsig

In Onderwerp 4 word die drie sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie ondersoek. Wanneer ons praat van die struktuur van ons ekonomie, verwys ons na die manier waarop die BBP geproduseer word in terme van die ekonomiese sektor wat dit produseer.

| Onderwerp 4 | | | |
|---|---|---|---|
| BASIESE EKONOMIESE PROBLEEM, HANDELSIKLUSSE EN OPENBARE SEKTOR: EKONOMIESE STRUKTUUR | | | |
| Bladsy 33 | Bladsy 35 | Bladsy 36 | Bladsy 38 |
| 1<br>Die primêre sektor | 2<br>Die sekondêre sektor | 3<br>Die tersiêre sektor | 4<br>Suid-Afrikaanse infrastruktuur |

© Via Afrika Uitgewers 

# 1 Die primêre sektor (ook soms bekend as die *primêre sektor*)

## 1.1 Samestelling van die primêre sektor

Bestaan uit nywerhede wat gebaseer is op die natuurlike hulpbronne van ’n land. Dit sluit in:

- landbougrond en veelteelt
- plantasies – houtnywerheid
- minerale – mynbou
- water – hidroëlektriese krag
- olie- en steenkoolreserwes – krag
- seelewe – vissery.

## 1.2 Belang van die primêre sektor

- Verskaf krag deur grondstowwe soos steenkool.
- Verskaf grondstowwe vir sekondêre nywerhede.
- Produseer voedsel.
- Skep werkgeleenthede en verbeter vaardighede.
- Verdien buitelandse valuta en verhoog handel.
- Dra by tot die BBP.
- Genereer staatsinkomste deur belasting.
- Help om die ekonomie te stimuleer.

Namate ’n land ekonomies meer ontwikkeld raak, neem die bydrae van die primêre sektor tot die algehele BBP af.

## 1.3 Diskriminasie en uitsluiting in die primêre sektor

Weens apartheid in die jare voor 1994:

- het swartmense hul tradisionele grond aan blanke boere afgestaan
- was swartmense nie in staat om grond te koop buite die gebiede wat vir swartmense gereserveer is nie
- was swartmense nie geregtig op die bystand wat aan blanke boere verleen is nie.

Die Program vir die Herverdeling van Grond van 1995 is gemik op die verbetering van swartmense se toegang tot landbougrond. Die vordering hiermee was egter stadig. Sedert 2006 is talle ooreenkomste vir swart ekonomiese bemagtiging gesluit. Hierdeur het swartmense eienaarskap in myne gekry.

# 2 Die sekondêre sektor (soms ook bekend as die *vervaardigingsektor*)

## 2.1 Samestelling van die sekondêre sektor

Die sektor behels die vervaardiging van goedere uit verskillende grondstowwe. ’n Voorbeeld is die vervaardiging van ’n motor of oprigting van ’n gebou. Sommige produkte word verder in die vervaardigingsproses gebruik vir die produksie van ander produkte. ’n Voorbeeld is die vervaardiging van motoronderdele. Die sekondêre sektor word onderverdeel in ligte en swaar nywerhede.

## 2.2 Belang van die sekondêre sektor

- Produseer verbruikersgoedere.
- Help om selfversorgendheid te verhoog.
- Skep werkgeleenthede en verskaf vaardigheidsopleiding.
- Dra by tot die BBP.
- Genereer buitelande valuta.
- Bevorder ekonomiese groei.

## 2.3 Diskriminasie en uitsluiting in die sekondêre sektor

Swartmense is in die apartheidsera meesal van opleiding uitgesluit, wat meegebring het dat hulle grotendeels uitgesluit is van werkgeleenthede in die sekondêre sektor. Heelwat klem word geplaas op Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) en die noodsaak dat voorheen benadeelde mense gehelp word om vaardighede op te doen.

# 3 Die tersiêre sektor (soms ook bekend as die *dienstesektor*)

Dit is die grootste ekonomiese sektor van alle ontwikkelde lande.

Dit is so, want in alle ontwikkelde ekonomieë:

- word goedere en dienste in formele markte verkoop
- word die finansiële dienstesektor deur almal gebruik
- is kommunikasiemetodes meer gevorderd
- gebruik verbruikers professionele dienste.

## 3.1 Samestelling van die tersiêre sektor

Die tersiêre sektor kan onderverdeel word in 'n aantal verskillende groeperings:

- finansies
- versekering
- persoonlike dienste
- besigheidsdienste
- eiendomsdienste
- groot- en kleinhandel
- akkommodasie en spysenering
- vervoer
- kommunikasie
- regeringsdienste.

## 3.2 Belangrikheid van die tersiêre sektor

- Dra by tot die BBP.
- Verskaf werkgeleenthede en vaardigheidsopleiding.
- Skep markte vir goedere en dienste.
- Dra by tot ekonomiese groei.

## 3.3 Diskriminasie en uitsluiting in die tersiêre sektor

Tydens apartheid is gediskrimineer teen besighede wat deur swartmense besit is. As gevolg hiervan kon swartmense nie eiendom besit buite die aangewese gebiede, kapitaal bekom, handel in blanke gebiede of wettige besighede vorm nie.

Ná 1994 is wette deurgevoer wat hierdie toedrag van sake verander het. Sowel die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging en die Wet op Gelyke Indiensneming is daarop gemik om te verseker dat swartmense op alle bestuursvlakke in diens geneem word.

# 4 Suid-Afrikaanse infrastruktuur

## 4.1 Kommunikasie

Die oordrag van inligting moet vinnig en doeltreffend geskied, sodat besighede mededingend kan wees. Kommunikasie is belangrik om die volgende redes:

- besighede kan doeltreffend funksioneer
- dit dra by tot die BBP
- neem mense in diens
- hou verbruikers ingelig oor produkte en dienste
- help besighede om ingeligte besluite te neem.

Daar is talle verskillende kommunikasiestelsels in Suid-Afrika.

- Ons posdiens word grotendeels beheer deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor, wat ’n staatsagentskap is.
- Die meeste landlyne word verskaf deur Telkom, wie se grootste aandeelhouer die staat is.
- Boodskappe en beelde kan per faks gestuur word.
- Internet en e-pos is nou in algemene gebruik in Suid-Afrika.
- Suid-Afrika het uitgebreide gedrukte media.
- Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikoöperasie (SAUK) is ’n onafhanklike openbare uitsaaier, met talle radio- en nuusstasies.
- Die SAUK se televisienetwerk het verskillende kanale en word aangevul deur verskeie private subskripsiedienste.

## 4.2 Vervoer

Die infrastruktuur vir die vervoer van goedere is belangrik aangesien dit help dat die regte mense die regte goedere op die regte tyd ontvang. ’n Goeie vervoernetwerk is belangrik vir die ekonomie om die volgende redes:

- dit dra by tot die BBP
- goedere wat in ’n bepaalde gebied geproduseer is, kan oor die hele land verkoop word
- bevorder toerisme
- verskaf werkgeleenthede

- maak uitvoer van goedere moontlik
- deelname aan globalisering is moontlik deurdat goedere, mense en besigheid oral heen verskuif kan word.

Die Suid-Afrikaanse spoornetwerk word beheer deur Spoornet.

Suid-Afrika se lughawens word besit en bestuur deur Airports Company South Africa (ACSA) en die staatsbeheerde Suid-Afrikaanse Lugdiens bied nasionale en internasionale vlugte aan.

Ons kommersiële hawens word beheer deur Transnet National Ports Authority.

Transnet-pypleidings bedryf talle pypleidings vir die verskaffing van vloeibare gas.

## 4.3 Energie

’n Standhoudende bron van energie is belangrik vir enige ekonomie. Die hoofbronne van energiebronne in Suid-Afrika is elektrisiteit, vloeibare brandstowwe en gas. ’n Betroubare energiebron stimuleer ekonomiese groei. Suid-Afrika het sedert 2008 ’n energiekrisis beleef. Die redes hiervoor is die volgende:

- Eskom het nie genoeg geïnvesteer in nuwe kragbronne om tred te hou met die toenemende vraag na elektrisiteit nie
- hernubare energiebronne, soos sonkrag, het nie genoeg aandag gekry nie
- die staat het nie private ondernemings toegelaat om met Eskom mee te ding nie
- die prys van elektrisiteit was te laag om die kapitaal te genereer wat nodig was vir uitbreiding.

## 4.4 Uitsluiting

Swartmense is voor 1994 benadeel met betrekking tot infrastruktuurdienste. Groot vordering is in talle opsigte gemaak, hoewel baie swart huishoudings steeds nie toegang tot elektrisiteit het nie. Die gebruik van landlynfone is steeds beperk, hoewel daar ’n betekenisvolle toename was in die gebruik van selfone. In die voorheen benadeelde gebiede is die gebruik van internet en e-posgeriewe steeds beperk.

# Vrae

1 Verduidelik wat bedoel word met die term primêre sektor. (4)

2 Noem vyf redes waarom die primêre sektor belangrik is vir Suid-Afrika. (10)

3 Noem een manier waarop die Suid-Afrikaanse regering probeer om diskriminasie in die primêre sektor uit te skakel. (2)

4 Verduidelik wat bedoel word met die term sekondêre sektor. (4)

5 Noem vier redes waarom die sekondêre sektor belangrik is vir die ekonomie. (8)

6 Verduidelik wat bedoel word met die term tersiêre sektor. (10)

7 Noem twee maniere waarop geprobeer word om diskriminasie tydens indiensneming uit te skakel. (8)

[46]

## Antwoorde

1 Die **primêre sektor** bestaan uit nywerhede wat gebaseer is op grondstowwe. √√ Voorbeelde sluit in lewensmiddele en grondstowwe wat geproduseer word in die landbou, vissery of mynbou. √√ (4)

2 verskaf grondstowwe, √√ stimuleer ekonomiese groei, √√ verhoog staatsinkomste, √√ verdien buitelandse valuta, √√ dra by tot die BBP, √√ verskaf werkgeleenthede en opleiding, √√ vervaardig kos, √√ verskaf krag. √√ (10)

3 Die Program vir die Herverdeling van Grond is in 1995 in werking gestel. √√ (2)

4 Die **sekondêre sektor** (soms ook bekend as die *vervaardigingsektor*) behels die vervaardiging van produkte uit verskillende grondstowwe. √√ Voorbeelde is die vervaardiging van 'n motorvoertuig of oprigting van 'n gebou. √√ (4)

5 dit produseer verbruikersgoedere, √√ bevorder selfversorgendheid, √√ skep werkgeleenthede en verskaf vaardigheidsopleiding, √√ dra by tot die BBP, √√ genereer buitelande valuta, √√ bevorder ekonomiese groei. √√ (8)

6 Die **tersiêre sektor** (soms ook bekend as die *dienstesektor* √√) is die grootste ekonomiese sektor van alle ontwikkelde lande. √√ Dit is omdat in die meer ontwikkelde ekonomieë:

- word goedere en dienste verkoop in formele markte √√
- word die finansiële dienstesektor deur almal gebruik √√
- is kommunikasiemetodes meer gevorderd √√
- gebruik verbruikers professionele dienste. √√ (10)

7 Wetgewing is ná 1994 deurgevoer om hierdie toedrag van sake te verander. √√ Sowel die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging en die Wet op Gelyke Indiensneming √√√√ probeer verseker dat swartmense op alle bestuursvlakke in diens geneem word. √√ (8)

[46]

## Oorsig

| KWARTAAL 2 | | | |
|---|---|---|---|
| ONDERWERP 5 | ONDERWERP 6 | ONDERWERP 7 | ONDERWERP 8 |
| Bladsy 43 | Bladsy 57 | Bladsy 68 | Bladsy 79 |
| Dinamiek van marke: pryselastisiteit | Dinamiek van markte: verhouding tussen markte | Dinamiek van markte: gevolge van koste en inkomste | Ekonomiese groei en ontwikkeling: ekonomiese groei |

ONDERWERP 5

# Dinamiek van marke: pryselastisiteit

## Oorsig

Onderwerp 5 behels 'n bespreking van die uitwerking van prysveranderings op vraag en aanbod.

In die ekonomie is pryselastisiteit 'n aanduiding van die sensitiwiteit of gevoeligheid tussen twee verwante veranderlikes. Byvoorbeeld, wat sal gebeur met die vraag na 'n produk indien die prys daarvan verhoog? Elastisiteit verskaf 'n aanduiding van die mate van gevoeligheid. Ons ondersoek die **elastisiteit van vraag, elastisiteit van aanbod** en **kruiselastisiteit van vraag.**

| Onderwerp 5 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DYNAMIEK VAN MARKTE: PRYSELASTISITEIT | | | | |
| Bladsy 44 | Bladsy 46 | Bladsy 48 | Bladsy 49 | Bladsy 51 |
| 1<br>Grensnut | 2<br>Pryselastisiteit van vraag | 3<br>Pryselastisiteit van aanbod | 4<br>Inkomste-elastisiteit van vraag (Yed) | 5<br>Kruis-elastisiteit van vraag (Xed) |

# 1 Grensnut

Goedere of dienste wat verbruikers se behoeftes vervul, word bestempel as nuttig. Nuttigheid is nou verwant aan vraag, omdat verbruikers goedere en dienste koop wat hul behoeftes vervul. Daar is drie verskillende konsepte wat gebruik word in verband met dié van nuttigheid.

1. **Totale nut** is die totale satisfaksie wat ervaar word deur die verbruik van 'n sekere hoeveelheid goedere of dienste.
2. **Grensnut** is die aanvullende satisfaksie wat ervaar word deur die verbruik of besit van nog een soortgelyke item.
3. **Dalende grensnut** is 'n belangrike kenmerk van nuttigheid. Hiervolgens put verbruikers minder satisfaksie uit goedere of dienste namate die hoeveelheid wat verbruik word, toeneem.

| Sjokoladestafies geëet | Grensnut | Totale nut |
|---:|---:|---:|
| 1 | 30 | 30 |
| 2 | 40 | 70 |
| 3 | 15 | 85 |
| 4 | 5 | 90 |

## 1.1 Verbruikspatrone

Die kooppatrone van verbruikers word beïnvloed deur:

- die grensnut van items vir die verbruiker
- die prys van die goedere of dienste.
- 

Byvoorbeeld: Indien twee items dieselfde prys het, sal verbruikers die een koop wat vir hulle die grootste grensnut bied.


Verbruikers sal nuttigheid optimaliseer deur hul inkomste toe te wys totdat die grensnut van elke produk dieselfde is.

$$\frac{\text{grensnut van}}{\text{prys van A}} = \frac{\text{grensnut van B}}{\text{prys van B}}$$

## 1.2 Verbruikersekwilibrium

Verbruikersekwilibrium word bereik wanneer totale nut op sy grootste is. Dit beteken dat geld wat aan een produk bestee is, dieselfde grensnut verskaf as geld wat aan enige ander produk bestee is. Aangesien inkomste verdeel word tussen die aankoop van verskillende produkte, kan die nut nie verhoog word nie. Maksimum nut is reeds bereik en veranderinge in kooppatrone sal slegs plaasvind indien 'n faktor soos die prys van 'n produk of diens sou verander.

## 2 Pryselastisiteit van vraag




**FIGUUR 5.1** **Grafiek van die pryselastisiteit van vraag**

Die grafiek hierbo toon dat die aanstip van die wet van vraag afwaarts daal omdat:

- die maksimum bevrediging wat 'n verbruiker uit 'n produk kan put, verander namate die prys van 'n produk verander
- 'n verhoging in prys'n daling in die vraag veroorsaak, omdat die grensnut verminder word
- indien die prys daal, die grensnut sal verhoog word en die vraag sal toeneem.
- 

'n Groot verandering in vraag beteken dat verbruikers aansienlik meer sal koop indien die prys daal en aansienlik minder indien die prys styg. 'n Klein verandering in vraag beteken dat verbruikers ietwat meer sal koop indien die prys daal en slegs ietwat minder as die prys styg.

### 2.1 Berekening van die pryselastisiteit van vraag

Pryselastisiteit word gemeet in persentasies en nie in absolute terme soos kilogram of rand nie.

Die formule vir die berekening van die pryselastisiteit van vraag is:

$$Ep = \frac{\text{verandering van hoeveelheid in aanvraag}}{\text{\% verandering in prys}}$$

**Voorbeeld:**

Waar 'n verhoging van 10% in die prys van 'n burger – van R20 tot R22 – 'n afname van 20% in die vraag – van 1 000 tot 800 burgers – meebring, is die pryselastisiteit:

$$E_p = \frac{-20\%}{10\%} = \frac{-20}{10} = -2$$

Die resultaat is negatief omdat die prysverhoging 'n daling in die vraag na die produk veroorsaak het.

Daar is twee soorte pryselastisiteit van vraag:

- pryselastisiteit van vraag
- prysonelastisiteit van vraag.

## 2.2 Faktore wat die pryselastisiteit van vraag bepaal

- **Plaasvervangers.** Indien daar soortelyke vervangingsgoedere beskikbaar is, sal die pryselastisiteit van die vraag na die produk groot wees, aangesien verbruikers hulle tot goedkoper plaasvervangende produkte sal wend. Indien daar geen vervangingsgoedere beskikbaar is nie, sal die vraag prysonelasties wees.
- **Persentasie van inkomste wat bestee word aan 'n produk.** 'n Produk wat 'n klein persentasie van iemand se inkomste uitmaak, sal 'n prysonelastiese vraag hê, terwyl 'n produk wat 'n groot persentasie van iemand se inkomste uitmaak, 'n pryselastiese vraag sal hê.
- **Duursaamheid.** Hoe langer 'n produk hou, des te meer gevoelig sal die vraag na produk wees vir 'n verandering in die prys daarvan.
- **Tydsduur.** Hoe meer tyd tersake is, des te meer pryselasties is die vraag.
- **Handelsmerklojaliteit.** Verbruikers wat lojaal is aan 'n handelsmerk, sal voortgaan om dit te koop, selfs indien die prys styg.
- **Gewoontevormende goedere.** Goedere soos koffie en sigarette is prysonelasties aangesien mense hulle sal bly koop, selfs al styg die prys daarvan.

# 3 Pryselastisiteit van aanbod

Pryselastisiteit van aanbod is 'n aanduiding van die gevoeligheid, of elastisiteit, van die hoeveelheid goedere of dienste in aanbod vir 'n verandering in die prys daarvan.


Soos in die geval van elastisiteit van vraag, word die pryselastisiteit van aanbod gemeet in persentasies.

Die formule vir die berekening daarvan is soos volg:

$$\text{Pryselastisiteit van aanbod} = \frac{\text{\% verandering in hoeveelheid in aanbod}}{\text{\% verandering in prys}}$$

Daar is twee soorte pryselastisiteit van aanbod:

- pryselastisiteit van aanbod
- prysonelastisiteit van aanbod.




**FIGUUR 5.2** **Pryselastisiteit van aanbod**

## 3.1 Faktore wat die pryselastisiteit van aanbod bepaal

- **Spaarkapasiteit.** Indien 'n besigheid die spaarkapasiteit het om produksie vinnig te verhoog, sonder 'n gepaardgaande kosteverhoging, dan is die aanbod elasties.
- **Voorraadvlakke.** Hoë voorraadvlakke stel in besigheid in staat om vinnig te reageer op 'n verandering in aanvraag. Aanbod sal dus elasties wees.
- **Gemak van faktorvervanging.** Indien kapitale en arbeidshulpbronne vinnig aangepas kan word om aan nuwe uitdagings te voldoen, dan is die elastisiteit van aanbod groter.
- **Tydraamwerk.** Aanbod is geneig om meer elasties te wees namate 'n besigheid meer tyd het om sy produksie aan te pas.

# 4 Inkomste-elastisiteit van vraag (Yed)

Dit is 'n aanduiding van die verhouding tussen 'n verandering in inkomste en 'n verandering in die hoeveelheid goedere in aanvraag:

$$= \frac{\text{\% verandering in vraag na goedere}}{\text{\% verandering in verbruikersinkomste}}$$

Die mate waarin die vraag na 'n artikel verander in verhouding tot 'n verandering in inkomste hang daarvan af of die artikel 'n noodsaaklikheid of luukse is. Die vraag na noodsaaklikhede sal toeneem in die geval van 'n styging in inkomste, maar teen 'n stadiger tempo. Dit is omdat verbruikers, pleks daarvan om slegs meer noodsaaklikhede te koop, hul verhoogde inkomste wil gebruik om meer luukse-artikels te koop. In 'n tyd van inkomsteverhoging is die vraag na luukse-artikels geneig om vinniger toe te neem as die vraag na noodsaaklikhede.

Inkomste-elastisiteit van vraag is belangrik omdat dit aandui hoe verbruikers 'n produk beskou.

Goedere wat deur huishoudings as noodsaaklikhede beskou word, is geneig om meer prysonelasties te wees (i.e. hulle het 'n lae elastisiteit). Die hoeveelheid wat in aanvraag is, sal waarskynlik nie verander in die geval van 'n gegewe prysverandering nie. Voorbeelde van noodsaaklikhede is elektrisiteit, petrol, brood, melk, en mediese sorg.

### Noodsaaklikhede

Indien inkomste-elastisiteit minder is as 1, is die artikel 'n noodsaaklikheid. Dit beteken dat die persentasieverandering in inkomste groter is as die persentasieverandering in die hoeveelheid wat in aanvraag is.

### Luukse-goedere

Die inkomste-elastisiteit vir biltong word geraam op 1,36, wat aandui dat die persentasieverandering in inkomste minder is as die persentasieverandering in die hoeveelheid wat in aanvraag is. Biltong is 'n luukse-artikel.

### Ondergeskikte goedere

Daar is sommige goedere en dienste waarvoor die vraag kan afneem namate die inkomste van huishoudings styg.

Hierdie goedere staan bekend as ondergeskikte goedere en hul inkomste-elastisiteit is negatief. 'n Voorbeeld is kerse, wat 'n inkomste-elastisiteit het van –0,20 in die geval van arm huishoudings. Dit toon dat, namate die inkomste van arm huishoudings met 10% verhoog, sal die vraag na kerse met 2% daal.

# 5 Kruis-pryselastisiteit van vraag (Xed)




Kruis-pryselastisiteit van vraag toon die gevoeligheid van die vraag na ’n artikel vir die prysverandering van ’n ander artikel. Dit word gemeet as die persentasieverandering in die vraag na die eerste artikel wat plaasvind as reaksie op ’n persentasieverandering in die prys van die tweede artikel.



Byvoorbeeld: Indien die vraag na nuwe motors met ’n hoë brandstofverbruik afneem met 20% in reaksie op ’n verhoging van 10% in die brandstofprys, sal die kruiselastisiteit van vraag die volgende wees:



$$\frac{-20\%}{10\%} = -2$$




’n Negatiewe kruiselastisiteit dui op twee produkte wat komplementêr is, terwyl ’n positiewe kruiselastisiteit dui op twee vervangingsprodukte. Hierdie twee sleutelverhoudings druis in teen menslike intuïsie, maar die rede ten grondslag daarvan is taamlik eenvoudig: Aanvaar dat A en B *komplementêr* is, wat beteken dat ’n toename in die vraag na A word veroorsaak deur ’n toename in die vraag na B. Daarom: Indien die prys van artikel B verhoog, dan sal die vraagkurwe vir artikel A na regs skuif, die vraag na A sal styg, en dit sal ’n *negatiewe waarde* vir die kruiselastisiteit van vraag tot gevolg hê. Presies die teenoorgestelde redenering geld in die geval van vervangingsprodukte.

$$\text{Kruis-pryselastisiteit van vraag} = \frac{\text{\% verandering in hoeveelheid van artikel A}}{\text{\% verandering in hoeveelheid van artikel B}}$$

| Tipe | Verduideliking | Voorbeeld | Kurwe en waarde |
|---|---|---|---|
| Volmaakte onelastiese vraag | As die prys styg moet die verbruikers net meer betaal. Verbruikers is nie sensitief vir prysveranderings nie en daar is feitlik geen reaksie op klein verhogings in die prys nie. | Teoretiese konsep, maar kan toegepas word op:<br>• petrol – mense bly soveel as voorheen te koop, selfs al is daar geen verhoging in die prys, want daar is geen absolute vir petrol nie. |  |
| Relatief onelastiese vraag | Verbruikers reageer net effens, so daar is 'n klein verandering in die vraag na 'n groot verandering in die prys. Die hoeveelheid wat gevra word deur 'n kleiner persentasie is meer as die verandering in die prys. Byvoorbeeld, 'n 15%-verhoging in die prys sal net lei tot 'n daling van 10% in die hoeveelheid gevra. | Voorbeelde hiervan is sigarette en alkohol, want dit is gewoontevormende en gebruikers is net effens sensitief vir veranderinge in die prys. |  |
| Eenheidselastiese vraag | Die verandering in die prys is presies dieselfde persentasie as die verandering in die hoeveelheid gevra. So 'n 5%-styging in die prys lei tot 'n daling van 5% in die hoeveelheid gevra. | 'n Voorbeeld van hierdie is tandepasta. Daar is nie baie plaasvervangende produkte nie, maar verbruikers het hul gunsteling handelsmerke. |  |

| Tipe | Verduideliking | Voorbeeld | Kurwe en waarde |
|---|---|---|---|
| Elastiese vraag | Die verbruikers is baie sensitief vir 'n verandering in die prys, en daar is 'n groot reaksie. Die verandering in die hoeveelheid gevra is groter as die verandering in die prys. 'n Daling in die prys sal gewoonlik lei tot 'n groot toename in die hoeveelheid gevra. | Voorbeelde hiervan is goedere soos juwele en ander luukse goedere. |  |
| Volmaakte elastiese vraag | Die prys bly dieselfde, maar die hoeveelheid wat gevra word wissel 'n oneindige hoeveelheid. | Dit is 'n teoretiese konsep. |  |

| Tipe | Verduideliking | Voorbeeld | Kurwe en waarde |
|---|---|---|---|
| Volmaak onelastiese aanbod | Maak nie saak wat gebeur met die prys nie, die aanbod bly dieselfde. | Selfs as ondersteuners bereid is om baie meer te betaal vir kaartjies na 'n musiek-konsert toe, kan die getal sitplekke nie verhoog word nie. |  |
| Onelastiese aanbod | 'n Groot verandering in die prys lei tot 'n veel kleiner verandering in die hoeveelheid verskaf. | Dit kan gebeur in die kort-termyn in die vrugte-industrie as dit nie moontlik is om onmiddellik produksie te verhoog nie. |  |

| Tipe | Verduideliking | Voorbeeld | Kurwe en waarde |
|---|---|---|---|
| Eenheidselastiese aanbod | Die verandering in die hoeveelheid aangebied is presies dieselfde as die verandering in die prys. | Die vraag na vars lemoensap sou verander indien die prys afgegaan het, maar met dieselfde bedrag. |   |
| Elastiese aanbod | Die verandering in die hoeveelheid aangebied is groter as die verandering in die prys. | Wanneer die prys van beesvleis afneem, het die hoeveelheid aangebied verhoog deur 'n groter persentasie, so beesvleis aanbod is baie pryssensitief. |   |
| Volmaak elastiese aanbod | Die hoeveelheid wat gelewer word bly dieselfde, maak nie saak hoe die prys verander nie. | Die prys van Van Gogh is in miljoene dollars, maar daar kan geen verandering in die aanbod wees nie. |   |

## Vrae

1 Verduidelik die term *nut*. (2)

2 Verduidelik die drie konsepte wat met nut verband hou. (6)

3 Noem twee faktore wat verbruikers se kooppatrone beïnvloed. (4)

4 Verduidelik die term *verbruikersekwilibrium*. (4)

5 Verduidelik hoekom die wet van vraag afwaarts daal in verhouding tot prys. (6)

6 Gina hou van sjokolade. Indien die prys van sjokolade met 10% styg, sal sy steeds dieselfde hoeveelheid sjokolade koop. Gina se vraag na sjokolade is:

a elasties

b onelasties

c volmaak onelasties

d volmaak elasties

e unitêr elasties. (2)

7 Verduidelik die uitwerking van die volgende faktore op die pryselastisiteit van vraag:

a beskikbaarheid van vervangingsprodukte

b graad van nodigheid of luuksheid

c persentasie van inkomste bestee aan die produk

d tersake tydraamwerk. (8)

[32]

## Antwoorde

1 Nut is die bevrediging wat geput word uit die verbruik van 'n sekere hoeveelheid goedere of dienste. √√ (2)

2 Totale nut is totale bevrediging wat geput word uit die verbruik van 'n sekere hoeveelheid goedere of dienste. √√ Grensnut is die bykomende bevrediging wat geput word uit die verbruik van 'n verdere soortgelyke item. √√ Afnemende grensnut is een van die onderskeidende kenmerke van nut. Verbruikers put minder bevrediging uit 'n produk of diens namate die hoeveelheid wat verbruik word, toeneem. √√ (6)

3 Duursaamheid van produkte, vervangingsprodukte, ens. √√√√ (4)

4 Verbruikersekwilibrium word bereik wanneer die totale nut op sy hoogste is. √√ Dit beteken dat die geld wat aan een produk bestee word, dieselfde grensnut lewer as die geld wat aan 'n ander produk bestee word. √√ (4)

5 Namate produkpryse verander, verander die maksimum bevrediging wat 'n verbruiker kan ervaar eweneens. √√ Indien die prys styg, daal die grensnut. √√ Indien die prys daal, verhoog die grensnut. √√ (6)

6 C √√ (2)

7 **Vervangingsprodukte.** In die geval van soortgelyke vervangingsprodukte sal die pryselastisiteit van vraag na die produk hoog wees, aangesien verbruikers 'n ander, goedkoper vervangingsproduk sal koop. Indien daar geen vervangingsprodukte beskikbaar is nie, sal die vraag prysonelasties wees. √√

**Graad van luuksheid.** As die prys van 'n luukse-item styg, sal mense minder daarvan koop. Dit is dus inkomste-elasties. √√

**Persentasie van inkomste bestee aan die produk.** Hoe hoër die persentasie inkomste bestee aan 'n produk is, des te meer elasties sal die vraag wees. √√

**Tydraamwerk.** Hoe meer tyd ter sake is, des te meer pryselasties is die vraag. √√ (8)

[32]

**ONDERWERP 6**

# Dinamiek van markte: verhouding tussen markte

## Oorsig

Hierdie onderwerp handel oor die verhoudings tussen die verskillende markte, hul interaksie met mekaar, en die manier waarop hulle mekaar beïnvloed.

| Onderwerp 6 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DINAMIEK VAN MARKTE: VERHOUDING TUSSEN MARKTE | | | | |
| Bladsy 58 | Bladsy 59 | Bladsy 61 | Bladsy 62 | Bladsy 65 |
| 1<br>Relatiewe pryse | 2<br>Verhoudings tussen vraag en aanbod | 3<br>Die verhouding tussen goedere- en faktormarkte | 4<br>Markstrukture | 5<br>Klassifikasie van modelle |

## 1 Relatiewe pryse

'n **Mark** is enige plek waar die verkopers van 'n bepaalde produk of diens en die potensiële kopers van daardie produk of diens kan byeenkom met die oog op 'n moontlike transaksie.

**Goederemarkte is plekke,** soos winkels, waar eindgoedere verwissel word tussen vervaardigers en verbruikers.

**Faktormarkte** is markte waar die produksiefaktore aan die produsente in die bedryf verkoop word.

Die term **relatiewe prys** word gebruik om aan te dui hoe die prys van 'n produk of diens relatief is tot die prys van 'n ander produk of diens. Byvoorbeeld: Indien die prys van 'n roomys R4 en die prys van 'n koeldrank R8 is, dan is die verhouding $\frac{R8}{R4}$ of twee roomyse teenoor een koeldrank.

Dit is belangrik om te onthou dat die pryse van goedere en dienste onderhewig is aan verandering. Pryse word beïnvloed deur die wet van vraag en aanbod.

Die **wet van aanbod** kom daarop neer dat die hoeveelheid in aanbod toeneem wanneer die prys styg, en dat die hoeveelheid in aanbod daal wanneer die prys daal.

Volgens die **wet van vraag** daal die vraag wanneer pryse verhoog, en styg die vraag wanneer pryse daal.


# 2 Verhoudings tussen vraag en aanbod

## 2.1 Vraagverhoudings

Faktore wat vraag beïnvloed is:

- verbruikers verwag dat pryse sal styg
- grootte van die mark
- smake en gewoontes van verbruikers
- pryse van komplementêre produkte
- pryse van vervangingsprodukte
- verbruikers se inkomste
- die prys van die goedere.
-

Daar is ’n omgekeerde verhouding tussen vraag en prys, want wanneer die prys van ’n artikel styg, neem die vraag af. Dit word uitgebeeld in die onderstaande grafiek.




**FIGUUR 6.1** **Die verhouding tussen vraag en aanbod**

### 2.1.1 Vervangingsprodukte

Dit is produkte wat die oorspronklike kan vervang of wat gebruik kan word in die plek van die oorspronklike produk. Indie die prys van sonneblomolie styg, sal die vraag na kanola-olie as goedkoper vervangingsproduk toeneem.


### 2.1.2 Aanvullings

Dit is twee of meer produkte wat saam gebruik kan word of op die een of ander manier verwant is. ’n Verandering in die prys van of vraag na een produk sal lei tot ’n verandering

in die vraag na komplementêre produkte. Daar is 'n negatiewe verhouding tussen die prys van 'n produk en die vraag na sy komplementêre produkte. Namate die prys van selfone daal, sal die vraag na en prys van handvrye stelle toeneem en styg.

## 2.2 Aanbodverhoudings

Daar is 'n positiewe verhouding tussen die aantal geproduseer of verskaf, en die prys. Namate die prys styg, sal die aanbod toeneem. (Vergelyk Figuur 6.2.)




**FIGUUR 6.2** **Die markaanbodkurwe van T-hemde**

Faktore wat veranderinge in aanbod veroorsaak:

- prysveranderings
- grootte van die industrie
- produksiekoste
- nuwe tegnologie
- weerstoestande.

Net soos in die geval van vraagverhoudings, is daar twee soorte aanbodverhoudings.

### 2.2.1 Vervangingsprodukte

Vervaardigers sal die produk vervaardig wat hulle teen die grootste moontlike wins kan verkoop. Hulle moet die pryse van hul ander produkte oorweeg, omdat 'n verhoging in die produksie van een produk, sal lei tot 'n afname in die produksie van ander produkte.

### 2.2.2 Komplementêre produkte

Sommige produkte word tegelyk vervaardig, en 'n verhoging in die produksie van een produk sal daarom lei tot 'n verhoging in die produksie van die ander produkte.

## 3 Die verhouding tussen goedere- en faktormarkte

Die goedere- en faktormarkte is nou verwant en ’n verandering in die een sal ’n uitwerking hê op die ander. Byvoorbeeld: ’n Tekort aan rekenaartegnici in die faktormark sal daartoe lei dat minder rekenaars in die goederemarkte geproduseer word. Die aanbodkurwe sal skuif. ’n Toename in die vraag na ’n produk beteken dat vervaardigers die aanbod kan verhoog, en dit lei weer tot ’n verhoogde vraag na produksiefaktore.


# 4 Markstrukture

Markte kan in twee verskillende soorte verdeel word: volmaakte markte en onvolmaakte markte.

## 4.1 Volmaakte markte

Volmaakte markte bestaan slegs in teorie en is markte waarin verskillende groot besighede almal identiese goedere produseer. Al wat die een van die ander onderskei, is die prys. Hierdie besighede staan bekend prysontvangers, aangesien hulle die markprys moet aanvaar wat bepaal word deur vraag en aanbod. Die markprys, oftewel **ewewigspunt,** is die punt waar vraag en aanbod kruis, vraag en aanbod gelyk is, en daar geen tekort of oorskot is nie. Die toestande waarin 'n volmaakte mark kan bestaan, kom nie in die reële wêreld voor nie. Daardie toestande is:

- identiese produkte
- volop kopers en verkopers
- geen samespanning tussen kopers en verkopers nie
- volle kennis van die mark
- ope en vrye toegang tot die mark
- geen staatsinmenging nie
- alle vervaardigers het dieselfde vervoerkoste
- alle vervaardigers gebruik dieselfde tegnologie.



## 4.2 Onvolmaakte markte

Dit is markte waarin 'n vervaardiger of groep vervaardigers die prys kan beïnvloed deur die hoeveelheid in aanbod te verander. Byna alle markte is onvolmaak. Onvolmaakte markte het die volgende kenmerke:


- produkte is nie identies nie
- minder mededinging. Een of enkele verkopers beheer vraag en aanbod
- sommige vervaardiges span saam om pryse vas te stel
- onvolledige kennis van marktoestande
- heelwat hindernisse vir nuwe besighede wat wil toetree tot die mark
- staatsinmenging in die vorm van subsidies
- vervoerkoste verskil
- ongelyke toegang tot tegnologie.

Daar is vier hoofredes waarom markte nie volmaak is nie. Hulle is normaalweg onvolmaak omdat slegs een of enkele verskaffers:


- oor die kapitaal beskik wat nodig is om produksie te begin
- al die bronne van 'n grondstof besit
- die patent of kopiereg vir die gebruik van 'n bepaalde proses besit
- oor die nodige tegnologie beskik.

Daar is drie verskyningsvorms van 'n onvolmaakte mark.


1 'n **Monopolie** is die mees onvolmaakte van alle markte. Een produsent beheer die prys en hoeveelheid beskikbare goedere, en daar is geen vervangingsprodukte of –dienste beskikbaar nie.



2 ’n **Oligopolie** is wanneer daar slegs ’n klein aantal besighede is wat beheer het oor al die vervaardigers of die groot meerderheid van alle vervaardigers wat soortgelyke produkte produseer. Elkeen produseer genoeg van die totale uitset om in staat te wees om die prys en die hoeveelheid in aanbod te beïnvloed. Die Raad op Mededinging sien in Suid-Afrika toe dat daar billike mededinging tussen besighede is.




3 **Monopolistiese mededinging** kom voor wanneer verskeie of talle verkopers elk ’n produk of diens verskaf wat slegs effens verskil van dié van ander verskaffers. Elke vervaardiger bepaal sy of haar eie prys en hoeveelheid verskaf, sonder om die mark as geheel te beïnvloed.



# 5 Klassifikasie van modelle

**TABEL 6.1 Klassifikasie van modelle**

| Struktuur | Aantal besighede | Kenmerke van modelle | Markkrag | Toetrede en uittrede |
|---|---|---|---|---|
| Volmaakte mededinging | Talle | Identiese produk | Prysontvanger | Vry |
| Monopolie | Een | Unieke produk | Prysmaker | Versper |
| Monopolistiese mededinging | Talle besighede, maar minder as in volmaakte mededinging | Heterogene produkte | Prysmaker | Vry |
| Oligopolie | Min besighede | Heterogene produkte | Prysmaker | Beperk |

## Vrae

1 Verduidelik wat bedoel word met die term *relatiewe pryse.* (2)

2 Verduidelik hoekom relatiewe pryse as belangrik beskou word. (4)

3 Verduidelik die terme *komplementêre produkte* en *vervangingsprodukte.* (8)

4 Verduidelik die soort verhouding tussen die prys van 'n produk en die vraag na sy komplementêre produk. (2)

5 Verduidelik die verhouding tussen aanbod en prys. (4)

6 Verduidelik die verhouding tussen goedere- en faktormarkte. (4)

7 Noem die faktore wat aanbod beïnvloed. (10)

8 Noem agt kenmerke van 'n volmaakte mark. (16)

9 Definieer *monopolistiese mededinging.* (4)

10 Verduidelik wat 'n *onvolmaakte mark* is. (4)

[58]

## Antwoorde

1 Die term relatiewe prys word gebruik om aan te dui hoe die prys van ’n produk of diens relatief is tot dié van ’n ander produk of diens. ’n Volkswagen Golf, byvoorbeeld, is relatief goedkoper as ’n Mercedes-Benz. √√ (2)

2 ’n Verandering in die relatiewe prys veroorsaak ’n verandering in vraag. √√ Byvoorbeeld: Indien die prys van vleis styg, maar nie jou salaris nie, sal jy minder vleis koop. √√ (2 x 2) (4)

3 Vervangingsprodukte. Dit is produkte wat die oorspronklike kan vervang of wat in die plek daarvan gebruik kan word. √√ Indien die prys van ’n artikel verhoog, sal die vraag na die goedkoper vervangingsproduk toeneem. √√ Komplementêre produkte. Dié produkte kan tegelykertyd gebruik word, of is op die een of ander manier verwant aan mekaar. √√ ’n Verandering in die prys van of vraag na een artikel, sal lei tot ’n verandering in die vraag na komplementêre goedere. √√ (4 x 2) (8)

4 Daar bestaan ’n negatiewe verhouding tussen die prys van ’n produk en die vraag na sy komplementêre produkte. √√ (2)

5 Dit is ’n positiewe verhouding. √√ Indien die prys van ’n produk of diens styg, sal verskaffers hul uitset verhoog. √√ (2 x 2) (4)

6 Goedere en faktormarkte is nou verwant. ’n Verandering in die een sal ’n uitwerking hê op die ander. √√ Byvoorbeeld: ’n Tekort aan rekenaartegnici in die faktormarkte sal meebring dat minder rekenaars in die goederemark vervaardig word. √√ (2 x 2) (4)

7 Grootte van die bedryf, √√ verandering in prys, √√ koste van produksie, √√ nuwe tegnologie, √√ weersomstandighede √√ (5 x 2) (10)

8 Produkte is homogeen, √√ bestaan uit talle kopers en verkopers, √√ geen samespanning tussen kopers en verkopers nie, √√ volledige kennis van die mark, √√ vrye toegang tot die mark, √√ geen staatsinmenging nie, √√ alle vervaardigers het dieselfde vervoerkostes, √√ doeltreffende tegnologie √√ (8 x 2) (16)

9 Monopolistiese mededinging kom voor wanneer verskeie of talle verkopers elk soortgelyke goedere of dienste, wat slegs effens verskil van die ander, produseer. √√ Elke vervaardiger bepaal sy eie prys en produksiehoeveelheid, sonder dat dit ’n uitwerking het op die mark as geheel. √√ (2 x 2) (4)

10 Dit is ’n mark waarin ’n vervaardiger of groep vervaardigers die prys kan beïnvloed deur die hoeveelheid produkte wat aangebied word, te verander. √√ Byna alle markte is onvolmaak. √√ (2 x 2) (4)

[58]

ONDERWERP 7

# Dinamiek van markte: gevolge van koste en inkomste

## Oorsig

Hierdie onderwerp handel oor die uitwerking van produksiekoste op die wins van ’n besigheid.

| Onderwerp 7 | | | |
|---|---|---|---|
| DINAMIEK VAN MARKTE: GEVOLGE VAN KOSTE EN INKOMSTE | | | |
| Bladsy 69 | Bladsy 70 | Bladsy 74 | Bladsy 76 |
| 1<br>Oogmerke van besigheid | 2<br>Korttermynkostes | 3<br>Langtermynkostes | 4<br>Inkomsteberekeninge |

# 1 Oogmerke van besigheid

Die hoofoogmerk van besigheid is die **optimalisering van wins** (om soveel wins as moontlik te maak). Wins kan die volgende wees:

- die verskil tussen produksiekoste en die verkoopprys van die produk
- die bedrag wat oorbly nadat al die produksiekostes vereffen is
- enige bykomende inkomste wat deur entrepreneurs ontvang word.

**Geleentheidskoste** is die waarde van die naasbeste alternatief, wat opgeoffer word sodat iets anders bereik kan word. As verbruikers weet ons dat goedere, dienste en geld skaars is, en dat ons keuses moet maak oor dit wat ons met ons geld koop en nie koop nie.

Wins kan op drie maniere uitgedruk word.

1 **Rekenkundige wins.** Besighede dra eksplisiete en implisiete kostes.

- Eksplisiete kostes is uitgawes wat maklik berekenbaar is, soos lone en huur.
- Implisiete kostes is onbepaalbare kostes, soos die tyd en inspanning verbonde aan die bedryf van 'n besigheid.

Rekenkundige wins verreken slegs die eksplisiete kostes van die bedryf van 'n onderneming. Die rekenkundige wins is die bedrag wat oorbly nadat alle kostes betaal is. Hierdie metode wek die verkeerde indruk, aangesien die **implisiete kostes** buite rekening gelaat is.

2 **Ekonomiese wins (of verlies).** Dit is die verskil tussen die inkomste verdien uit die verkoop van 'n uitset, en die geleentheidskoste van die insette tesame met die eksplisiete kostes. Dit toon hoe doeltreffend hulpbronne relatief tot ander opsies gebruik is, en hoedat die besigheid meer verdien as wat dit op 'n ander manier sou kon doen.

Die geleentheidskostes van die gebruik van die hulpbronne vir 'n ander doel word afgetrek van die inkomste verdien. Dit beteken dat dit moontlik is om 'n rekenkundige wins te toon, met min of geen ekonomiese wins nie.

3 **Normale wins.** Dit is die minimum wins wat nodig is vir 'n besigheid om mededingend in die mark te bly. Dit kom voor wanneer 'n besigheid sy hulpbronne doeltreffend gebruik en die hulpbronne nie beter aangewend sou kon word nie. Dit verskil van rekenkundige wins omdat geleentheidskoste in berekening gebring word.

## 2 Korttermynkostes


Die kort termyn is die tydperk waarin minstens een van die kostes in die produksieproses ’n vaste faktor is en die uitset slegs verander kan word deur die mindere of meerdere gebruik van ’n veranderlike faktor. Byvoorbeeld: Die grootte van ’n fabrieksgebou is vas op kort termyn, totdat dit vergroot kan word of ’n nuwe gebou gevind word. Die hoeveelheid arbeid of elektrisiteit wat gebruik word, is voorbeelde van veranderlike insette.

**Veranderlike kostes** is kostes wat direk ooreenkomstig uitset wissel.

Gemiddelde veranderlike koste (AVC) = totale veranderlike koste (TVC) verdeel deur uitset (Q)

**Vaste kostes** is kostes wat nie verander wanneer produksievlakke verander nie. Gemiddelde vaste kostes word beskou as uitsetverhogings omdat die totale vaste kostes versprei word oor ’n hoër produksievlak.

Gemiddelde vaste koste (AFC) = Totale vaste kostes (TC) verdeel deur uitset (Q)




**FIGUUR 7.1** **Vastekostekurwe**

**Marginale kostes** is die addisionele kostes verbonde aan die produksie van ’n bykomende artikel en die bedrag waarmee die totale kostes verhoog wanneer daardie ekstra artikel geproduseer word. Die marginale koste van produksie daal namate uitset verhoog.

**Totale kostes** is die som van alle veranderlike en vaste kostes in produksie.

**Totale koste (TC) = vaste koste (FC) plus veranderlike kostes (VC)**

**Gemiddelde totale koste (ATC) = totale koste (TC) verdeel deur uitset (Q)**

**TABEL 7.1** **Voorbeeld van totale koste van produksie vir FG Fruit Canners**

| Hoeveelheid blikkiesvrugte in 1000e | Arbeidseenhede | Vaste koste (R) | Veranderlike koste (R) | Totale koste (R) |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 0 | 50 000 | 0 | 50 000 |
| 1 | 5 | 50 000 | 5 000 | 55 000 |
| 2 | 10 | 50 000 | 10 000 | 60 000 |
| 3 | 15 | 50 000 | 15 000 | 65 000 |
| 4 | 20 | 50 000 | 20 000 | 70 000 |
| 5 | 25 | 50 000 | 25 000 | 75 000 |
| 6 | 30 | 50 000 | 30 000 | 80 000 |

Die **wet van dalende opbrengste** lui dat namate meer van 'n veranderlike inset gebruik gemaak word, terwyl alle ander insette onveranderd gehandhaaf word, sal elke addisionele eenheid van die veranderlike inset gaandeweg al minder en minder uitset lewer. Die **marginal produk** is die aantal addisionele uitset geproduseer as die veranderlike inset verhoog is.

In die onderstaande tabel word addisionele arbeid gebruik om meer skoene in 'n skoenfabriek te produseer. Aanvanklik neem die skoenproduksie betekenisvol toe, maar ná die toetrede van 'n derde, bykomende werker neem produksie af omdat daar nie genoeg toerusting is vir almal om doeltreffend te werk nie. Die **marginale produk neem eers toe en daarna neem dit af.**

**TABEL 7.2** **Produksie van skoene in 'n fabriek**

| Aantal arbeidseenhede | Totale produk | Marginale produk |
|---|---|---|
| 1 | 10 paar | |
| 2 | 20 paar | 10 paar |
| 3 | 32 paar | 12 paar |
| 4 | 40 paar | 8 paar |
| 5 | 44 paar | 4 paar |

## 2.1 Gemiddelde vaste, gemiddelde veranderlike, marginale en gemiddelde totale kostes

Gemiddelde vaste kostes is die vaste kostes verdeel deur die aantal eenhede.

$$\text{AFC} = \frac{\text{vaste kostes}}{\text{aantal eenhede}}$$

Gemiddelde veranderlike kostes is die veranderlike koste verdeel deur die aantal eenhede.

$$\text{AVC} = \frac{\text{veranderlike koste}}{\text{aantal eenhede}}$$

Gemiddelde totale koste is die totale koste verdeel deur die aantal eenhede.


$$\text{ATC} = \frac{\text{totale koste}}{\text{aantal eenhede}}$$

Marginale koste is die verandering in totale koste voortspruitend uit die produksie van een addisionele uitseteenheid.

$$\text{MC} = \frac{\text{verandering in totale koste}}{\text{verandering in eenhede van uitset}}$$


## 2.2 Kostekurwes

'n Kostekurwe kan omskryf word as 'n grafiese illustrasie van die peil van 'n spesifieke koste vergeleke met die produksiepeil.




**FIGUUR 7.2** **Kostekurwe**

Marginale koste sny, by hul minimum waardes, deur die gemiddelde totale koste en die gemiddelde veranderlike kostes.





**FIGUUR 7.3** **Marginale-kostekurwe**

# 3 Langtermynkostes

Die **lang termyn** is die tydperk waarin alle insette veranderlik word aangesien die besigheid:

- sy produksiemetodes kan aanpas
- sy perseel kan uitbrei
- meer kapitaalgoedere kan koop.

'n Langtermyn-kostekurwe word saamgestel deur die samevoeging van al die korttermyn-kostekurwes oor die tersake tydperk.




**FIGUUR 7.4** **Langtermyn-kostekurwe**

## 3.1 Skaalbesparing

Hierdie term beskryf die verhouding tussen uitsette en die koste van insette op lang termyn en die veranderinge in produksie wat intree namate skaalbesparing toeneem. Daar is 3 verskillende soorte skaalbesparing.

1 10% toename in insette

2 Konstante skaalbesparings kom voor wanneer die persentasieverhoging in insette dieselfde is as die verhoging in uitsette.

10% verhoging in insette → 10% verhoging in uitsette

3 Toenemende skaalbesparings kom voor wanneer die verhoging in insette lei tot ’n groter persentasieverhoging in uitsette.

10% verhoging in insette → 20% verhoging in uitsette

4 Dalende skaalbesparing kom voor wanneer die persentasieverhoging in insette ’n kleiner persentasieverhoging in uitsette tot gevolg het.

10% verhoging in insette → 5% verhoging in uitsette

Skaalbesparing is:

- die kostevoordele wat ’n besigheid kan kry deur die verhoging van sy produksie op lang termyn
- wanneer daar ’n stygende skaalbesparing voorkom namate die produksiekoste daal in verhouding tot die toename in uitset
- die voordele van grootskaalse produksie, wat laer eenheidskostes meebring.

Faktore wat skaalbesparings meebring:

- die gebruik van moderne tegnologie
- verbeterde produksiemetodes
- verbeterde produksie-organisasie
- koop van grondstowwe in grootmaat ter besnoeiing van kostes.

### 3.1.1 Voordele van skaalbesparing

- Meer doeltreffende produksie.
- Daling in gemiddelde produksiekoste.
- Verbruikers trek voordeel uit dalende pryse.
- Groter mededingingsvoordeel bo ander verskaffers.
- Verhoogde verkope, wat lei tot groter winste.

# 4 Inkomsteberekeninge

## 4.1 Totale inkomste

Totale inkomste is die totale inkomste wat 'n besigheid ontvang uit die verkope van sy produkte.

**Totale inkomste (TR) = prys (P) x hoeveelheid (Q)**

## 4.2 Marginale inkomste

Die addisionele inkomste wat verkry word deur die verkoop van een bykomende eenheid van 'n uitset.

**Marginale inkomste =** $\dfrac{\textbf{verandering in totale inkomste}}{\textbf{erandering in eenhede verkoop}}$

## 4.3 Veranderinge in inkomste

Veranderinge in die prys van of die hoeveelheid uitsette verkoop, beïnvloed die besigheid se inkomste.

## 4.4 Winste en verliese

Totale wins is die verskil tussen inkomste en kostes.

**Totale wins = totale inkomste (TR) – totale kostes (TC)**

Indien die besigheid se inkomste sy kostes oorskry, maak hy 'n wins, en indien sy kostes sy inkomste oorskry, ly hy 'n verlies.

## Vrae

1 Verduidelik die term *geleentheidskoste*. (2)

2 Gee 'n voorbeeld van hoe geleentheidskoste jou kan raak. (2)

3 Definieer *rekenkundige wins*. (4)

4 Definieer *normale wins*. (4)

5 Verduidelik wat bedoel word met die term *korttermynkostes*. (4)

6 Verduidelik wat bedoel word met die term *vaste kostes*. (2)

7 Voltooi die volgende stelling:

Wanneer die marginale produk van arbeid verhoog, _______________ marginale koste, en wanneer die marginale produk afneem, _________________ die marginale koste. (2)

8 Gebruik kurwes vir gemiddelde veranderlike koste, gemiddelde totale koste en vir marginale koste om aan te dui hoe marginale koste gemiddelde veranderlike koste en gemiddelde totale koste by hul minimumwaardes sny. (10)

[30]

## Antwoorde

1 Dit is die waarde van die naasbeste alternaltief, wat opgeoffer word sodat iets anders vermag kan word. (2)

2 Ek het R100. Ek kan jeans of ’n trui koop, maar nie albei nie. Ek moet dus ’n keuse maak. √√ (2)

3 Rekenkundige wins. Besighede gaan eksplisiete en implisiete kostes aan. √√
Eksplisiete kostes is uitgawes wat maklik verreken kan word, soos lone en huur.
Implisiete kostes is onbepaalbare kostes, soos die tyd en inspanning wat geverg word deur die bedryf van ’n besigheid. √√ (4)


4 Dit is die minimum wins wat nodig is vir ’n besigheid om mededingend in die mark te bly. Dit kom voor wanneer die hulpbronne doeltreffend gebruik word, en nie beter aangewend sou kon word nie. √√ Dit verskil van rekenkundige wins omdat geleentheidskoste ook in berekening gebring word. √√ (4)

5 Korttermynkostes is kostes wat voorkom in ’n besluitnemingstyd waarin minstens een veranderlike koste vas is. √√√√ (4)

6 Vaste kostes is kostes wat nie verander wanneer produksievlakke verander nie. √√ (2)

7 Wanneer die marginale produk van arbeid verhoog, daal die marginale koste, en wanneer die marginale produk verlaag, styg die marginale koste. √√ (2)

8 2 punte vir elke lyn, √√√√√√ 2 vir korrekte kruispunte √√ en 2 vir korrekte byskrifte √√ (10)




[30]

ONDERWERP 8

# Ekonomiese groei en ontwikkeling: ekonomiese groei

## Oorsig

Onderwerp 8 behels 'n bespreking van die probleme verbonde aan die ongelyke verdeling van inkomste, asook metodes vir die skepping van ekonomiese groei.

| Onderwerp 8 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: EKONOMIESE GROEI | | | | |
| Bladsy 80 | Bladsy 81 | Bladsy 83 | Bladsy 84 | Bladsy 87 |
| 1<br>Proses van welvaartskepping | 2<br>Meting van die verspreiding van welvaart | 3<br>Redes vir 'n ongelykte verspreiding van welvaart | 4<br>Ekonomiese groei | 5<br>Faktore van lewenspeil bepaal |

# 1 Proses van welvaartskepping

## 1.1 Definisie

Die term **welvaart** kan op verskeie maniere gedefinieer word. In ekonomiese terme kan dit gedefinieer word as 'n oorvloed van waardevolle materiële besittings of hulpbronne; rykdomme.

## 1.2 Kenmerke

- Dit kan 'n inkomste genereer.
- Dit kan toeneem of afneem in waarde.
- Beleggings word ingesluit in die term welvaart, aangesien hulle 'n inkomste lewer in die vorm van **rente.**
- 

## 1.3 Bronne van welvaart

Besparing is die belangrikste bron van welvaart. Besparings is afkomstig van inkomste, en inkomste wat nie verbruik word nie, word gespaar.

**Inkomste (Y) = verbruiksbesteding (C) + besparings (S)**

Ander bronne van welvaart sluit in:

- geluk
- erfenis
- winste geïn deur die bedryf van 'n besigheid.


## 2 Meting van die verspreiding van welvaart

Welvaart is regoor die wêreld oneweredig versprei. In Suid-Afrika is dit baie oneweredig versprei, en is daar 'n reuse-gaping tussen die rykste en armste huishoudings.

Die verspreiding van welvaart kan op twee verskillende maniere gemeet word: die Lorenz-kurwe en die Gini-koëffisiënt.

### 2.1 Die Lorenz-kurwe

Die Lorenz-kurwe dui aan hoe 'n land se welvaart onder sy bevolking versprei is. Dit bied 'n geografiese aanduiding van die verspreiding van welvaart en is in 1905 deur die Amerikaanse ekonoom Max Lorenz ontwikkel. Volmaakte gelykheid van welvaartverspreiding word op die grafiek uitgebeeld deur 'n reguit diagonale lyn. Die Lorenz-kurwe lê onder hierdie lyn, en verteenwoordig die werklike welvaartverspreiding. Die verskil tussen die reguit lyn en die geboë lyn is die omvang van die ongelykheid in welvaartverspreiding, uitgedruk in 'n syfer bekend as die Gini-koëffisiënt. Hoe meer die Lorenz-kurwe afwyk van die reguit lyn, des te meer ongelyk is die verspreiding van welvaart.




**FIGUUR 8.1** **'n Lorenz-kurwe**

## 2.2 Die Gini-koëffisiënt

Die Gini-koëffisiënt word wiskundig op grond van die Lorenz-kurwe bereken, wissel van 0 tot 1, en word soms uitgedruk as ’n persentasie tussen 0 en 100. ’n Lae Gini-koëffisiënt dui op ’n gelyker verspreiding, met 0 as aanduiding van volkome gelykheid, terwyl ’n hoër Gini-koëffisiënt dui op ’n meer ongelyke verspreiding. Volslae ongelykheid word aangedui deur 1.

### 2.2.1 Voordele van die Gini-koëffisiënt as ’n maatstaf van ongelykheid

Die grootste voordeel van die Gini-koëffisiënt is dat dit ’n ongelykheid aandui by wyse van ’n verhoudingsanalise en maklik is om te interpreteer. Dit vermy ook verwysings na statistiese gemiddeldes of posisies wat onverteenwoordigend is van die grootste deel van ’n bevolking, soos die inkomste per capita of die bruto binnelandse produk. Dit skep voorts ruimte vir die vergelyking van inkomsteverspreiding tussen verskillende groepe asook lande. Die Gini-koëffisiënt vir stedelike gebiede in talle lande (uitgesonderd die VSA) verskil byvoorbeeld van dié vir landelike gebiede. Gini-koëffisiënte kan gebruik word om inkomsteverspreiding oor verloop van tyd te vergelyk, wat dit moontlik maak om te bepaal of ongelykheid toeneem of afneem, onafhanklik van absolute inkomstes. Die Gini-koëffisiënt bevredig vier beginsels wat as belangrik beskou word, naamlik:

- **Anonimiteit.** Dit maak nie saak wie hoë of lae inkomstes verdien nie.
- **Skaalonafhanklikheid.** Die Gini-koëffisiënt verreken nie die grootte van die ekonomie, die manier waarop dit gestruktureer is, en of dit oorwegend ’n arm of ryk land is wat ter sprake is nie.
- **Bevolkingsonafhanklikheid.** Die grootte van die bevolking van ’n land is nie ter sprake nie.
- **Oordragbeginsel.** Indien inkomste (minder as die verskil), oorgedra word van ’n ryk persoon na ’n arm persoon, is die voortspruitende verspreiding meer gelyk.

## 3 Redes vir ’n ongelyke verspreiding van welvaart

- Erfenisse kan aan sommige mense ’n voordeel gee.
- Die grootte van huishoudings kan bepaal hoeveel geld gespaar kan word.
- Die ekonomiese stelsel kan sommige mense bevoordeel.
- Verskillende mense het verskillende vaardighede en talente.
- Diskriminasie kan sekere mense benadeel.
- ’n Mens se gesondheid.

### 3.1 Metodes van welvaartskepping

In Suid-Afrika probeer ons op verskillende maniere om welvaart te herverdeel:

- maatskaplike toelaes
- gratis voordele
- werkskeppingsprogramme
- minimumlone
- uitskakeling van diskriminasie deur wetgewing soos die Wet op Gelyke Indiensneming
- Wet op Grondhervorming
- belastingheffing.

# 4 Ekonomiese groei


Dit is 'n toename in die kapasiteit van die ekonomie om goedere en dienste te produseer, soos blyk wanneer een tydperk met 'n ander vergelyk word. Ekonomiese groei kan gemeet word in nominale terme, wat inflasie insluit, of reële terme, ingevolge waarvan aanpassings gemaak word vir die uitwerking van inflasie. Wanneer die ekonomiese groei van een land vergelyk word met dié van 'n ander, behoort die BBP en BNP per capita gebruik te word, aangesien hierdie metodes die bevolkingsverskille tussen lande in ag neem.

Ekonomiese groei word nie net beskou as 'n toename in produktiwiteit nie, maar ook as 'n verbetering in die lewenspeil van die mense wat deel is van daardie ekonomie.

Verskillende faktore lei tot ekonomiese groei:

- kapitale investering
- verhoogde arbeidsproduktiwiteit
- die ontdekking en benutting van grondstowwe
- tegnologiese verbeterings.

Die grafiese voorstelling hieronder toon Suid-Afrika se ekonomiese groei vanaf 1994 tot 2003, vergeleke met dié van verskeie ander lande.




**FIGUUR 8.2** **Suid-Afrika se ekonomiese groei vanaf 1994 tot 2003**

## 4.1 Lewenspeil

Wanneer ons die term *lewenspeil (lewenstandaard)* gebruik, verwys ons na die vlak van welvaart, gerief, materiële goedere en lewensnoodsaaklikhede wat beskikbaar is vir 'n bepaalde ekonomiese klas in 'n bepaalde geografiese gebied. Lewenspeil sluit faktore in soos inkomste, gehalte en beskikbaarheid van werkgeleenthede, klasseverskil, vlak van armoede, gehalte en bekostigbaarheid van behuising, aantal werkure benodig vir die koop van lewensnoodsaaklikhede, bruto binnelandse produk, inflasiekoers, aantal vakansiedae per jaar, bekostigbare (of vrye) toegang tot goeie gesondheidsorg, gehalte en beskikbaarheid van onderwys, lewensverwagting, voorkoms van siekte, koste van goedere en dienste, infrastruktuur, nasionale ekonomiese groei, ekonomiese en politieke stabiliteit, politieke en godsdienstige vryheid, gehalte van die omgewing, klimaat en veiligheid. Lewenspeil is nou verwant aan lewensgehalte.

## 4.2 Meting van lewenspeil deur gebruik van inkomste per capita

Die *per capita inkomste BBP* is 'n meting van die totale uitset van 'n land ingevolge waarvan die bruto binnelandse produk (BBP) verdeel word deur die aantal inwoners van die land.

$$\textbf{Per capita BBP} = \frac{\textbf{BBP}}{\textbf{totale bevolking}}$$

Die per capita BBP is veral nuttig vir die vergelyking van een land met 'n ander, aangesien dit die relatiewe prestasie van die tersake lande aandui. 'n Styging in per capita BBP dui op ekonomiese groei, en word gewoonlik vertolk as 'n toename in produktiwiteit.

### 4.2.1 Probleme met die per capita BBP

- Dit is 'n gemiddelde syfer, wat beteken dat die akkuraatheid daarvan saamhang met 'n gelyke verdeling van inkomste in 'n land.
- 'n Geldwaarde moet omgeskakel word na 'n algemene geldeenheid voordat dit gebruik kan word vir internasionale vergelykings.

## 4.3 Ekonomiese groei in Suid-Afrika

Suid-Afrika het in die laaste jare 'n gemiddelde groei van 2–3% gehandhaaf, hoewel die wêreldwye ekonomiese resessie 'n uitwerking gehad het. Suid-Afrika het nog nooit die hoë groeikoerse van China – soms meer as 10% – bereik nie.

## 5 Faktore wat lewenspeil bepaal

Faktore wat lewenspeil bepaal sluit in:

- ekonomiese groei
- bevolkingsgrootte
- vlak van indiensneming
- soort regering
- vlakke van sekuriteit, misdaad en geweld.

## Vrae

1 Verduidelik die term *welvaart.* (4)

2 Noem vier verskillende maniere waarop welvaart geskep kan word. (8)

3 Verduidelik die Lorenz-kurwe en die Gini-koëffisiënt. (8)

4 Noem sewe verskillende maniere waarop 'n meer gelyke verdeling van welvaart in Suid-Afrika verseker kan word. (14)

5 Verduidelik die term *ekonomiese groei.* (4)

6 Noem die faktore wat ekonomiese groei bepaal. (8)

7 Verduidelik die term *lewenspeil.* (6)

8 Verduidelik die term *per capita inkomste*. (6)

[58]

## Antwoorde

1 Ons kan dit in ekonomiese terme definieer as die besit van 'n oorvloed waardevolle materiële besittings of hulpbronne; rykdomme. √√ (4)

2 Besparings is die belangrikste bron van welvaart; √√ geluk; √√ erfenis; √√ wins uit die bedryf van 'n besigheid √√ (8)

3 Die Lorenz-kurwe kan gebruik word om aan te dui watter persentasie van 'n land se bevolking besit watter persentasie van daardie land se welvaart. √√ Die verskil tussen die reguit lyn en die geboë lyn is die mate van ongelykheid in die verspreiding van welvaart, 'n syfer wat deur die Gini-koëffisiënt beskryf word. √√ Hoe meer die Lorenz-kurwe afwyk van 'n reguit lyn, des te meer ongelyk is die verspreiding van welvaart. Die Gini-koëffisiënt kan wissel van 0 tot 1; dit word soms uitgedruk as 'n persentasie tussen 0 en 100. √√ 'n Lae Gini-koëffisiënt dui op 'n meer gelyke verdeling, met 0 as aanduiding van volkome gelykheid, terwyl hoër Gini-koëffisiënte dui op meer ongelyke verspreidings, met 1 as aanduiding van totale ongelykheid. √√ (8)

4 maatskaplike toelaes, √√ gratis voordele, √√ werkskeppingsprogramme, √√ minimumlone, √√ uitskakeling van diskriminasie deur wetgewing, soos die Wet op Gelyke Indiensneming, √√ grondverdelingsbeleid, √√ belastingheffing√√ (7 x 2) (14)

5 'n Verhoging in die kapasiteit van 'n ekonomie om goedere en dienste te produseer, √√ vergelyk van een tydperk tot 'n ander. √√ (4)

6 kapitale investering, √√ verhoogde arbeidsproduktiwiteit, √√ die ontdekking en ontginning van nuwe hulpbronne, √√ tegnologiese verbetering √√ (4 x 2) (8)

7 Verwys na die vlak van welvaart, gerief, materiële goedere en lewensnoodsaaklikhede wat beskikbaar is vir 'n bepaalde ekonomiese klas in 'n bepaalde geografiese gebied. √√ Lewenspeil sluit faktore in soos inkomste, gehalte en beskikbaarheid van werkgeleenthede, klasseverskil, vlak van armoede, gehalte en bekostigbaarheid van behuising, aantal werkure benodig vir die koop van lewensnoodsaaklikhede, bruto binnelandse produk, inflasiekoers, aantal vakansiedae per jaar, bekostigbare (of vrye) toegang tot goeie gesondheidsorg, gehalte en beskikbaarheid van onderwys, lewensverwagting, voorkoms van siekte, koste van goedere en dienste, infrastruktuur, nasionale ekonomiese groei, ekonomiese en politieke stabiliteit, politieke en godsdienstige vryheid, gehalte van die omgewing, klimaat en veiligheid. √√ Lewenspeil is nou verwant aan lewensgehalte. √√ (3 x 2) (6)

8 Die per capita inkomste BBP is 'n meting van die totale uitset van 'n land ingevolge waarvan die bruto binnelandse produk (BBP) verdeel word deur die aantal inwoners van die land. √√√√ Die per capita BBP is veral nuttig vir die vergelyking van een land met 'n ander, aangesien dit die relatiewe prestasie van die tersake lande aandui. √√ 'n Styging in per capita BBP dui op ekonomiese groei, en word gewoonlik vertolk as 'n toename in produktiwiteit. √√ (3 x 2) (6)

[58]

# KWARTAAL 3

## Oorsig

| KWARTAAL 3 | | | |
|---|---|---|---|
| ONDERWERP 9 | ONDERWERP 10 | ONDERWERP 11 | ONDERWERP 12 |
| Bladsy 92 | Bladsy 105 | Bladsy 112 | Bladsy 124 |
| Ekonomiese groei en ontwikkeling: ekonomiese ontwikkeling | Heersende ekonomiese kwessies: armoede | Geld en bankwese | Ekonomiese groei en ontwikkeling: Suid-Afrika se ekonomiese belang in Afrika |

**ONDERWERP 9**

# Ekonomiese groei en ontwikkeling: ekonomiese ontwikkeling

## Oorsig

Onderwerp 9 behels ’n bespreking van die kenmerke van ontwikkelende lande en strategieë vir ekonomiese ontwikkeling.

| Onderwerp 9 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: EKONOMIESE ONTWIKKELING | | | | |
| Bladsy 93 | Bladsy 95 | Bladsy 97 | Bladsy 98 | Bladsy 101 |
| 1 Metodes vir ontwikkeling | 2 Gemeenskaplike kenmerke van ontwikkelende lande | 3 Ontwikkeling-strategieë | 4 Suid-Afrika se pogings | 5 Inheemse kennisstelsels (IKS) |

# 1 Metodes vir ontwikkeling

## 1.1 Definisie van ontwikkeling

Ekonomiese ontwikkeling kan gedefinieer word as 'n verhoging van die lewenspeil van al die inwoners van 'n land. Dit is nie dieselfde as ekonomiese groei nie, aangesien laasgenoemde 'n ongelyke verhoging in die lewenspeil van 'n land se inwoners kan meebring.

**Ontwikkelende lande** is lande waar die gemiddelde inkomste aansienlik laer is as in geïndustrialiseerde lande. In talle ontwikkelende lande bring die vinnige bevolkingsaanwas die beskikbare voedselvoorraad in die gedrang. Ontwikkelende lande staan ook bekend as onderontwikkelde lande. Die meeste van hulle is in Afrika, Asië, en Latyns-Amerika.

Die kriteria vir die bepaling van die graad van ontwikkeldheid is die bruto binnelandse produk (BBP), die inkomste per capita, die vlak van industrialisasie, die omvattendheid van infrastruktuur, en die algemene lewenspeil.

## 1.2 Strategieë

Ekonomiese groei kan bevorder word deur die verbetering van die kwantiteit en kwaliteit van die produksiefaktore wat 'n land nodig het om meer goedere en dienste te produseer. Hierdie strategieë sluit in:

1. **Verbetering van die kwaliteit en kwantiteit van natuurlike hulpbronne.** Waar moontlik, moet die produkte van die primêre sektor geprosesseer word voordat dit uitgevoer word. Dié proses staan bekend as **benefaksie,** en behels die prosessering van primêre produkte ter verhoging van hul waarde. Dit verseker ook die verskaffing van bykomende werkgeleenthede en opleiding vir werkers.
2. **Beter gehalte van geskoolde arbeid.** Die gehalte van die beskikbare arbeid kan verbeter word deur:
   - die verbetering van skoolonderwys met die klem op wiskunde en wetenskap
   - die verbetering van vaardigheidsopleiding met die klem op die gebruik van tegnologie in produksie
   - die verbetering van die gesondheid van die bevolking
   - die verbetering van werkers se motivering om hard te werk.

3 **Meer kapitaalinvestering.** Dit is belangrik dat ontwikkelende lande die vlak en gehalte van investering in nuwe tegnologie verhoog, aangesien dit lei tot ekonomiese groei, 'n meer produktiewe arbeidsmag en die produksie van goedere en dienste van hoër gehalte. Kapitaalinvestering kan twee vorms aanneem:

- direkte produktiewe kapitaalinvestering, soos nuwe masjinerie in fabrieke
- indirekte produktiewe kapitaalinvestering in infrastruktuur, soos paaie en brûe.

4 **Bevordering van entrepreneurskap**. Entrepreneurskap is belangrik omdat dit indiensneming bevorder, die lewenspeil van mense verhoog, en 'n groter hoeveelheid en verskeidenheid van goedere en dienste tot gevolg het. Die regering kan, ter verhoging van die aantal en gehalte entrepreneurs, opleidingsprogramme verskaf en inisiatiewe neem ter aanmoediging van entrepreneurs, asook onderwys en opleiding verskaf vir bestuur.

## 2 Gemeenskaplike kenmerke van ontwikkelende lande

- Hulle bevolkings het in die algemeen ’n lae lewenspeil, wat gekenmerk word deur:
  - lae per capita inkomste
  - hoë vlak van armoede
  - lae ekonomiese groei
  - ’n ongelyke verspreiding van inkomste
  - ’n lae lewensverwagting.
- Hulle het ’n hoë bevolkingsaanwas en baie afhanklikes.
- Hulle is afhanklik van primêre produkte, soos landbouprodukte.
- Produktiwiteit is laag weens:
  - Primitiewe tegnologie
  - Swak organisasie
  - Beperkte kapitaal en menslike insette
  - Lae vaardigheidsvlakke onder werkers.
- Hoë werkloosheidsyfer.
- Gebrekkige infrastruktuur.

### 2.1 Meting van ontwikkeling ingevolge die Indeks vir Menslike Ontwikkeling


Die **Indeks vir Menslike Ontwikkeling** (HDI) is ’n statistiek wat gebruik word vir die plasing van verskillende lande in rangorde ooreenkomstig hul vlak van “menslike ontwikkeling” en wat onderskei tussen lande met “baie hoë menslike ontwikkeling”, “hoë menslike ontwikkeling”, “medium menslike ontwikkeling” en “lae menslike ontwikkeling”. Die HDI is wêreldwyd vir lande ’n vergelykende metingsinstrument ten opsigte van lewensverwagting, geletterdheid, onderwys en lewenspeil. Dit is ’n standaardmetode vir die meting van welstand, veral kinderwelstand. Dit word gebruik om te bepaal of ’n land ontwikkeld, ontwikkelend of onderontwikkeld is, asook om die uitwerking van ekonomiese beleidsmaatreëls op bevolkings se lewenspeil te meet. HDI meet die vermoë van mense om:

- ’n lang en gesonde lewe te lei
- met andere te kommunikeer
- aan die ekonomie deel te neem
- genoeg te verdien om ’n redelike bestaan te voer.

Die drie statistieke wat gebruik word om die HDI saam te stel is:

- lewensverwagting by geboorte (lewensduur)
- die onderwysindeks (geletterdheid onder volwassenes en gemiddelde aantal jare onderrig ontvang)
- BBP per capita.

Die HDI plaas alle lande in rangorde op 'n skaal van 0 tot 1, waar 0 die laagste vlak van menslike ontwikkeling aandui en 1 die hoogste vlak van menslike ontwikkeling. In 2010 was Noorweë se syfer 0,929 en dié van Suid-Afrika 0,597.




**FIGUUR 9.1** **Die rangorde vir 2011 ingevolge die Verenigde Volke se Indeks vir Menslike Ontwikkeling (HDI)**

(Bron: http://en.wikipedia.org/wiki/File:2011_UN_Human_Development_Report_Quartiles.svg#filelinks)

## 3 Ontwikkelingstrategieë

’n Strategie is ’n plan ontwerp vir die bereiking van ’n bepaalde oogmerk. Daar is vyf fases in die ekonomiese ontwikkeling van ’n land, naamlik:

1. die tradisionele samelewing
2. die oorgangsfase
3. die aanvangsfase
4. die beweging na wasdom
5. hoëmassa-verbruik.

# 4 Suid-Afrika se pogings

Die grootste uitdagings is:

- wydverspreide armoede
- erge ongelykheid
- substandaard onderwysgehalte vir talle arm swart Suid-Afrikaners
- ontoereikende infrastrukuur in baie gebiede
- korrupsie.

Suid-Afrika is in die Verenigde Nasies (VN) se Ontwikkelingsverslag in die mediumontwikkelingskategorie en 129ste uit 182 lande in die rangorde van ontwikkeling geplaas. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is ná 1994 herstruktureer en 4 makro-ekonomiese beleidmaatreëls is in werking gestel:

- Beleid vir Groei, Indiensneming en Herverdeling (GEAR)
- Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)
- Inisiatief vir Versnelde, Gedeelde Groei in Suid-Afrika (ASGISA)
- Nuwe Ekonomiese Groeipad.

## 4.1 Beleid vir Groei, Indiensneming en Herverdeling (GEAR)

GEAR is die makro-ekonomiese hervormingsprogram van die Suid-Afrikaanse regering, gemik op die bevordering van ekonomiese groei, werkskepping, en die herverdeling van inkomste en geleenthede ter bevoordeling van die armes. Ter bereiking van hierdie oogmerke word gefokus op die volgende faktore:

- stabilisering van die ekonomie
- langtermyngroei
- besnoeiing van besteding
- terugbetaling van internasionale skuld
- verkryging van buitelandse direkte investering
- skepping van 'n meer uitvoergerigte ekonomie.

## 4.2 Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)

Die HOP het vereis dat die ekonomie herstruktureer moes word, sodat ontwikkeling kon plaasvind. GEAR is ingestel sodat dit op 'n volhoubare manier kon geskied.

## 4.3 Inisiatief vir Versnelde, Gedeelde Groei in Suid-Afrika (ASGISA)

ASGISA is in 2006 in werking gestel, met die fokus op:

- die uitskakeling van sommige van die tekortkominge van GEAR, wat nie die ekonomiese groei teweeggebring het waarop gehoop is nie
- ’n ekonomiese groeikoers van 6%
- groter staatsinvestering in infrastruktuur.

## 4.4 Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MOD’s)

Die **Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MOD’s)** is agt internasionale doelwitte vir bereiking in 2015 en waartoe al 193 lidlande van die Verenigde Nasies en minstens 23 internasionale organisasies hulle verbind het. Die doelwitte is:

- die uitskakeling van erge armoede
- universele verskaffing van primêre onderwys
- bevordering van gendergelykheid en bemagtiging van vroue
- verlaging van kindersterftesyfers
- verbetering van moedersgesondheid
- bestryding van MIV/Vigs, malaria, en ander siektes
- versekering van omgewingsvolhoubaarheid
- vestiging van ’n globale vennootskap vir ontwikkeling.

Elk van die agt doelwitte het spesifieke teikens en teikendatums vir die bereiking daarvan. Ter bevordering van vooruitgang het die G8 se ministers van finansies in Junie 2005 ooreengekom om genoeg geld aan die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), en die Ontwikkelingsbank van Afrika (OBA), beskikbaar te maak sodat ’n addisionele skuldlas van $40–55 biljoen van die sogenaamde Arm Lande met ’n Erge Skuldlas afgeskryf en hierdie verarmde lande in staat gestel kon word om die hulpbronne wat deur die skuldafskrywing beskikbaar gekom het opnuut toe te wys aan maatskaplike programme vir die verbetering van gesondheid en onderwys, asook vir die bestryding van armoede.

## 4.5 Rol van die Wêreldbank in ontwikkeling

Die **Wêreldbank** is 'n internasionale finansiële instelling wat lenings vir kapitaalprogramme aan ontwikkelende lande verskaf.

Die Wêreldbank se amptelike doelstelling is die vermindering van armoede. Volgens die Wêreldbank se Akte van Ooreenkoms moet al sy besluite gerig word deur 'n verbintenis tot die bevordering van buitelandse investering, internasionale handel en die bevordering van kapitaalinvestering. In die geval van die armste ontwikkelende lande in die wêreld, is die bank se bystandsprogramme gegrond op strategieë ter verligting van armoede. Die Wêreldbank lewer sy bystandspogings ooreenkomstig die prioriteite en teikens vir die vermindering van armoede, soos geïdentifiseer deur die regerings van die betrokke lande.

# 5 Inheemse kennisstelsels (IKS)

IKS is kennis wat uniek is aan enige gegewe kultuur of gemeenskap. Inheemse kennisstelsels is 'n sleutelelement in die ontwikkeling van arm gemeenskappe en bied kultuur-toepaslike strategieë vir probleemoplossing in die geval van onder meer gesondheidsorg, voorkomende en dieremedikasie.

Tradisionele kruie speel 'n belangrike rol in informele medikasiestelsels in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse regering het sedert 1994 aanvaar dat inheemse kennis waardevol is en ondersoek en gekoester moet word.

'n Netwerk van hulpbronsentrums vir streek- en inheemse kennis is tot stand gebring vir die dokumentering van inheemse kennis van etniese groepe regoor die wêreld, wat gevaar loop om verlore te gaan.

Inheemse kennisstelsels is voortdurend in 'n staat van onvastheid namate nuwe kennis toegevoeg word tot bestaande kennisstelsels.

## 5.1 Kenmerke

- **Dit is plaaslik** – gegrondves in 'n spesifieke gemeenskap (kultuur) en gesetel in breëre kulturele tradisies; dit is 'n stel ervarings gegenereer deur mense wat in daardie gemeenskappe woon.
- Dit is kultuur-spesifiek.
- **Dit is kennis** wat nie maklik saamgevat kan word nie.
- Dit word mondeling oorgedra.
- Dit is ervaringskennis, eerder as teoretiese kennis.
- **Dit word aangeleer deur herhaling.** Herhaling bevorder die retensie, uitbreiding en bevestiging van inheemse kennis.
- **Dit verander voortdurend** – selfs indien dit dikwels deur eksterne waarnemers beskou word as agterlik.

## Vrae

1 Verduidelik wat ’n *ontwikkelende land* is. (6)

2 Noem die kenmerke van ’n ontwikkelende land. (10)

3 Verduidelik wat die *Indeks vir Menslike Ontwikkeling* is. (4)

4 Noem vier ontwikkelingstrategieë wat ons in Suid-Afrika kan gebruik. (8)

5 Noem vier beleidsprogramme wat Suid-Afrika gebruik om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. (8)

6 Verduidelik die verskil tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (4)

7 Verduidelik hoe die verbetering van die kwaliteit en kwantiteit van die verskillende produksiefaktore ekonomiese ontwikkeling kan beïnvloed. (16)

8 Noem vier kenmerk van IKS. (8)

[64]

## Antwoorde

1 Ontwikkelende lande is lande waar die gemiddelde inkomste aansienlik laer is as in geïndustrialiseerde lande, √√ waar die ekonomie berus op die uitvoer van primêre produkte, √√ en waar boederymetodes primitief is. √√ In talle ontwikkelende lande word die voedselvoorraad in die gedrang gebring deur die vinnige bevolkingsaanwas. Ontwikkelende lande word ook onderontwikkelde lande genoem. √√ (3 x 2) (6)

2 Hulle het 'n lae lewenspeil wat gekenmerk word deur: lae inkomste per capita, √√ 'n hoë vlak van armoede, √√ lae ekonomiese groei, √√ 'n ongelyke verspreiding van inkomste, √√ 'n lae lewensverwagting, √√ hoë bevolkingsaanwas en baie afhanklikes, √√ afhanklikheid van primêre produkte, soos landbouprodukte, √√ lae produktiwiteit, √√ hoë werkloosheid, √√ ontoereikende infrastruktuur. √√ (5 x 2) (10)

3 Die Indeks vir Menslike Ontwikkeling (HDI) is 'n statistiek wat gebruik word vir die plasing van verskillende lande in rangorde ooreenkomstig hul vlak van "menslike ontwikkeling" en wat onderskei tussen lande met "baie hoë menslike ontwikkeling", "hoë menslike ontwikkeling", "medium menslike ontwikkeling" en "lae menslike ontwikkeling". √√ Die HDI is wêreldwyd vir lande 'n vergelykende metingsinstrument ten opsigte van lewensverwagting, geletterdheid, onderwys en lewenspeil. Dit is 'n standaardmetode vir die meting van welstand, veral kinderwelstand. √√ Dit word gebruik om te bepaal of 'n land ontwikkeld, ontwikkelend of onderontwikkeld is, asook om die uitwerking van ekonomiese beleidsmaatreëls op bevolkings se lewenspeil te meet. √√ (2 x 2) (4)

4 Verbetering van die kwaliteit en kwantiteit van natuurlike hulpbronne. √√ Die produkte van die primêre sektor moet, waar moontlik, geprosesseer word voordat dit uitgevoer word. √√ Dit is 'n proses wat bekend staan as benefaksie, wat die prosessering van primêre produkte ter verhoging van hul waarde behels. √√ Dit verseker ook die verskaffing van bykomende werkgeleenhede en opleiding vir werkers. √√ (4 x 2) (8)

5 Meer kapitaalinvestering. √√ Dit is belangrik dat ontwikkelende lande die vlak en gehalte van investering in nuwe tegnologie verhoog √√ aangesien dit lei tot ekonomiese groei, √√ 'n meer produktiewe arbeidsmag √√ en die produksie van beter gehalte goedere en dienste. √√ (4 x 2) (8)

6 Ekonomiese ontwikkeling kan gedefinieer word as 'n toename in die lewenspeil van alle mense in 'n land. √√ Dit is nie dieselfde as ekonomiese groei wat kan lei tot 'n ongelyke toename in die lewenspeil van mense in 'n land nie. √√ (2 x 2) (4)

7 Meer kapitaal in die vorm van investering en kapitaalgoedere skep ruimte vir die groei van sekondêre nywerhede, √√√√ beter arbeidsgehalte deur vaardigheidsopleiding en onderwys bevorder die vestiging van 'n meer gesofistikeerde ekonomie, √√√√ die beter benutting van natuurlike hulpbronne deur benefaksie bevorder die groei van

sekondêre nywerhede, √√√√ wat dien as aansporing vir entrepreneurs om meer besigheide en werkgeleenthede te skep. √√√√ (4 x 4) (16)

8 Dit is plaaslik en kultuur-spesifiek. √√ Dit is kennis wat nie maklik gekodifiseer kan word nie. √√ Dit word mondeling oorgedra. √√ Dit is ervaringskennis eerder as teoretiese kennis. √√ Dit word deur herhaling aangeleer. √√ Dit verander voortdurend. √√ (4 x 2) (8)

[64]

ONDERWERP 10

# Heersende ekonomiese kwessies: armoede

## Oorsig

Onderwerp 10 handel oor die kwessies van armoede en pogings om dit uit te wis.

| Onderwerp 10 | |
|---|---|
| HERSEENDE EKONOMIESE KWESSIES: ARMOEDE | |
| Bladsy 106 | Bladsy 109 |
| 1<br>Armoede | 2<br>Die Suid-Afrikaanse regering se maatreëls ter verligting van armoede |

# 1 Armoede

## 1.1 Definisie van armoede

Die Wêreldbank definieer armoede as die onvermoë van mense om 'n minimum lewenstandaard te handhaaf.

Drie vrae is ter sake:

1. Hoe meet ons 'n lewenstandaard?
2. Wat word bedoel met minimum lewenstandaard?
3. Hoe kan ons die omvang van armoede meet?

### 1.1.1 Absolute en relatiewe armoede

**Absolute armoede,** oftewel **destitusie,** is die gevolg van 'n lae inkomste per capita en 'n baie ongelyke verdeling van inkomste. Dit verwys na mense wat nie in staat is om hul basiese menslike behoeftes, soos dié aan skoon en vars water, voeding, gesondheidsorg, onderwys, kleding en skuiling, te bevredig nie. Na raming leef sowat 1,7 biljoen mense tans in absolute armoede. In Suid-Afrika was die broodlyn in 2003 'n inkomste van R1100 per huishouding per maand.

**Relatiewe armoede** verwys na 'n gebrek aan die normale of maatskaplik aanvaarbare vlak van hulpbronne of inkomste, vergeleke met ander mense in 'n gemeenskap of land. Hiervolgens word 'n mens, vergeleke met andere, as arm beskou. In ons verlede is armoede meesal as onvermydelik aanvaar aangesien tradisionele produksiemetodes onvoldoende was om 'n gemaklike lewenspeil aan 'n ganse bevolking te verseker.

## 1.2 Meting van armoede

- **Armoedelyninkomste.** Dit is die minimum inkomste wat nodig is om aan mense se basiese behoeftes te voldoen. Dit word uitgedruk as 'n sekere inkomstebedrag per maand of per dag, word aangedui as 'n bedrag per persoon of huishouding, en is gebaseer op die heersende inflasiekoers, wat beteken dat dit jaarliks herbereken moet word.

Wanneer 'n persoon of huishouding se inkomste laer is as die armoedelyn word soms gesê so 'n persoon of huishouding leef onder die broodlyn. Armoedelyninkomste is om die volgende twee redes 'n baie belangrike statistiek:
  - alle ander metings van armoede word hierop gebaseer
  - dit beïnvloed die vlak en doeltreffendheid van welsyntoelaes.
- Die **Koppetelindeks** of **Armoedekoers.** Die koppetelindeks is die persentasie van die bevolking wie se verbruik (of ander lewenspeilmaatstawwe) laer is as die armoedelyn. Die probleem met hierdie metingsinstrument is dat dit nie 'n aanduiding gee van hoe ver onder die armoedelyn hierdie arm huishoudings hulle bevind nie.
- **Armoedegaping.** Dit is die gemiddelde tekort van die totale bevolking gemeet aan die armoedelyn. Hierdie maatstaf word gebruik ter aanduiding van die graad van armoede.

## 1.3 Oorsake van armoede

Armoede word veroorsaak deur een of meer van die volgende:

- gebrek aan onderwys en vaardigheidsopleiding
- gebrek aan werkgeleenthede
- swak gesondheid en gesondheidsorg
- gebrek aan toegang tot hulpbronne
- korrupsie en 'n gebrek aan goeie regering
- oorloë en burgerlike onrus
- uitbuiting
- diskriminasie
- gebrek aan toegang tot grond.

## 1.4 Die gevolge van armoede

Armoede is 'n kritieke probleem en kan lei tot:

- hongersnood
- verhoogde misdaad en maatskaplike onrus
- daling in vraag na goedere en dienste
- druk op die staat om voldoende te begroot vir die groot behoefte aan maatskaplike welsyn
- gesondheidsprobleme
- gebrek aan ontwikkeling
- vinnige verstedeliking weens arm mense se migrasie na stede op soek na werk
- 'n voortdurende armoedesiklus.

Mense wat in Suid-Afrika in armoede leef, het die volgende kenmerke:

- vroue, kinders, gestremdes en bejaardes is geneig om in armoede te leef
- hulle is afhanklik van maatskaplike toelaes
- die vervoergeriewe tot hul beskikking is ontoereikend
- lae onderwysvlakke
- gebrekkige toegang tot elektrisiteit, water in pypleidings en sanitasie
- oorwegend swart- en bruinmense
- meer landelik as stedelik
- leef in informele, oorbesette huisvesting.

# 2 Die Suid-Afrikaanse regering se maatreëls ter verligting van armoede

Die volgende stappe word in Suid-Afrika gedoen ter verligting van armoede:

- maatskaplike welsyntoelaes word deur die staat betaal
- die staat verskaf gratis of gesubsidieerde dienste, soos huisvesting en gesondheidsorg, aan armes, asook 'n basiese hoeveelheid water en elektrisiteit maandeliks, gesondheidsorg vir kinders onder 6-jarige ouderdom, en onderwys aan kinders uit arm gesinne
- staatsdepartemente, soos die Departement van Openbare Werke, skep werkgeleenthede
- entrepreneurskap word aangemoedig deur organisasies soos die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap en die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap
- opleidingskemas vir vaardigheidsontwikkeling
- verbetering van basiese dienste, soos water in pypleidings en behuising
- stimulering van ekonomiese groei en uitvoere
- bevordering van grondeienaarskap onder voorheen benadeelde mense
- skepping van inkomste genererende programme en KMMO's.

## 2.1 Millennium-ontwikkelingsdoelstellings

Die **Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MOD's)** is agt internasionale doelwitte vir bereiking in 2015 en waartoe al 193 lidlande van die Verenigde Nasies en minstens 23 internasionale organisasies hulle verbind het. Die eerste doelwit is die uitwissing van erge armoede. Dit moet bewerkstellig word deur:

- die halvering van die aantal mense wat met minder as $1 per dag leef
- die skepping van redelike werkgeleenthede vir vroue, mans en jongmense
- die halvering van die persentasie mense wat honger ly.

## Vrae

1 Verduidelik die verskil tussen *absolute* en *relatiewe armoede*. (8)

2 Noem die verskillende maniere waarop armoede gemeet kan word. (6)

3 Noem vyf verskillende kenmerke van armoede in Suid-Afrika. (10)

4 Noem en bespreek die oorsake van armoede. (36)

5 Verduidelik die gevolge van armoede. (12)

6 Noem vier strategieë wat in Suid-Afrika gevolg word as poging om armoede uit te wis. (8)

[80]

## Antwoorde

1 Absolute armoede of destitusie verwys na mense wat nie in staat is om in hul basiese menslike behoeftes te voorsien nie, √√ soos die behoefte aan skoon en vars water, voeding, gesondheidsorg, onderwys, kleding en skuiling. √√ Na raming leef sowat 1,7 biljoen mense tans in absolute armoede. √√ In Suid-Afrika was die armoedelyn in 2003 R1100 per huishouding per maand. √√ Relatiewe armoede verwys na 'n gebrek aan die hulpbronne of inkomste wat normaalweg as sosiaal aanvaarbaar beskou word, √√ vergeleke met dié van ander mense in 'n gemeenskap of land. √√ (4 x 2) (8)

2 armoedelyninkomste, √√ die koppetelindeks of Armoedekoers, √√ armoedegaping √√ (3 x 2) (6)

3 Vroue, kinders, gestremdes en bejaardes neig om in armoede te leef, √√ afhanklik van maatskaplike toelaes, √√ gebrekkige toegang tot vervoergeriewe, √√ lae onderwysvlakke, √√ gebrek aan toegang tot elektrisiteit, water in pypleidings en sanitasie, √√ oorwegend swart- en bruinmense, √√ meer landelik as stedelik, √√ leef in oorbesette, informele huisvesting. √√ (5 x 2) (10)

4 gebrek aan onderwys en vaardigheidsopleiding, √√ gebrek aan werkgeleenthede, √√ swak gesondheid en gesondheidsorg, √√ gebrek aan toegang tot hulpbronne, √√ korrupsie en gebrek aan goeie regering, √√ oorloë en burgerlike onrus, √√ uitbuiting, √√ diskriminasie, √√ gebrek aan toegang tot grond √√

(9 x 4 plus verduideliking) (18)

5 honger, √√ verhoogde misdaadsyfer en maatskaplike onrus, √√ daling in vraag na goedere en dienste, √√ die staat word swaar belas met 'n begrotingsverpligting vir maatskaplike welsyn, √√ gesondheidsprobleme, √√ gebrek aan ontwikkeling, √√ vinnige verstedeliking, wat meegebring word deur die migrasie van arm mense of soek na werk in die stede, √√ voortdurende armoedesiklus √√ (8 x 2) (16)

6 Maatskaplike welsyntoelaes word deur die staat betaal. √√ Die staat verskaf, in sommige gevalle, gratis of gesubsidieerde dienste; √√ skepping van werkgeleenthede; √√ bevordering van entrepreneurskap. √√ (4 x 2) (8)

[80]

ONDERWERP 11

# Geld en bankwese

## Oorsig

In Onderwerp 11 word ondersoek gedoen na die funksie van geld en na die Suid-Afrikaanse finansiële stelsels, wat baie gevorderd is.

| Onderwerp 11 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| GELD EN BANKWESE | | | | |
| Bladsy 113 | Bladsy 115 | Bladsy 118 | Bladsy 119 | Bladsy 121 |
| 1<br>Geld | 2<br>Bankwese | 3<br>Mikro-uitlening | 4<br>Sentrale bankwese | 5<br>Bankmislukkings en gevolge |

# 1 Geld

## 1.1 Kenmerke van geld

- Dit moet eenvorming wees.
- Dit moet algemeen aanvaar word in ’n land of gebied.
- Dit moet duursaam wees.
- Dit moet verdeelbaar wees.
- Dit moet bestuur kan word.
- Dit moet waarde hê en relatief skaars wees.
- Dit moet stabiel wees.

## 1.2 Tegniese funksies van geld

- ’n Betaalmiddel vir goedere en dienste.
- ’n Maatstaf vir waarde of rekenkundige eenheid.
- ’n Stoorplek vir waarde.

## 1.3 Hedendaagse geld

Geld is nuttig wanneer dit algemeen gebruik en aanvaar word in transaksies waarin goedere en dienste van een persoon aan ’n ander oorgedra word. Ekonome onderskei tussen drie soorte geld: **kommoditeitsgeld, ongedekte geld**, en **bankgeld.**

**Kommoditeitsgeld** is ’n artikel waarvan die waarde dien as die waarde van geld. Goue munte is ’n voorbeeld van kommoditeitsgeld. Kommoditeitsgeld is in die meeste lande vervang met ongedekte geld.

**Ongedekte geld** is ’n artikel waarvan die waarde minder is as die waarde wat dit in geldterme aandui. Randnote is ’n voorbeeld van ongedekte geld omdat hul waarde as gedrukte papierstroke minder is as die geldwaarde wat hulle verteenwoordig.

**Bankgeld** bestaan uit die **boekkrediet** wat banke aan hul deposante uitreik. Transaksies waarin **tjeks** getrek word teen deposito’s wat deur banke gehou word behels die gebruik van bankgeld. Hedendaagse tegnologie maak dit moontlik dat geld van een bankrekening

na ’n ander oorgeplaas kan word sonder dat dit werklik nodig is om banknote of munte te gebruik. Vandaar die term **moderne geld.**

## 1.4 Geldverwante instrumente

- Tjeks
- Debietkaarte
- Kredietkaarte
- Elektroniese geld of e-geld

## 1.5 Stabilisering van die waarde van geld

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) doen die volgende om inflasie in bedwang te hou:

- verhoog rentekoerse wanneer inflasie te hoog is
- maak krediet duurder, wat die vraag daarna laat afneem
- moedig banke aan om versigtig te wees met die verlening van krediet
- gebruik inflasie-teikenstelling as ’n manier om inflasie aan bande te lê.

# 2 Bankwese

## 2.1 Bankdeposito's

**Vraagdeposito's:** geld wat gedeponeer is in 'n lopende rekening (ook genoem 'n tjekrekening) of 'n spaarrekening, kan sonder kennisgewing onttrek word.

**Korttermyndeposito's:** geld wat gedeponeer is met dien verstande dat dit op kennisgewing van 30 dae of minder onttrek kan word.

**Langtermyndeposito's:** geld wat vir langer periodes gedeponeer is.

## 2.2 Kredietskepping

Kredietskepping is die veelvuldige uitbreiding van banke se vraagdeposito's. Banke stel 'n groot deel van hul deposito's aan leners beskikbaar en hou kleiner gedeeltes van deposito's beskikbaar vir kliënte wat dit op aanvraag opvra.


Hierdie tendens onder kommersiële banke, om hul vraagdeposito's uit te brei as 'n veelvoud van hul oorskotkontantreserwes, staan bekend as **kredietskepping**.

Dit is die bankwese-stelsel as geheel wat lenings kan uitbrei tot veelvoude van sy oorskotkontantreserwes. Wanneer lenings aan individue of sakeondernemings toegestaan word, word dit nie in kontant verskaf nie. Die bank open 'n depositorekening in die naam van die lener, en laat laasgenoemde toe om geld daarop te trek, soos en wanneer nodig. Die lening wat voorgeskiet is, word die deposito-wins van 'n ander bank.

In 2010 was die kontantreserwe – dit is die bedrag wat 'n bank volgens wet in kontant moet hou – 2,5%. Dit beteken banke was in 'n posisie om 97,5% van die geld wat by hulle gedeponeer is, uit te leen.

'n Bank se vermoë om geld (krediet) te skep, word beperk deur:

- die grootte van sy kontantreserwe
- die vraag na banklenings (krediet)
- die hoeveelheid geld wat buite die bankwese-stelsel geïnvesteer word
- die hoeveelheid geld wat die publiek in kontant hou
- die hoeveelheid geld wat in die buiteland geïnvesteer word.




### 2.2.1 Geldskepping deur banke

Die meetinstrumente **M1, M2 en M3** word gebruik vir die meting van die hoeveelheid geld wat in die ekonomie beskikbaar is, oftewel die geldvoorraad.

M1 is gelyk aan al die note en munte wat buite die banksektor in sirkulasie is, tesame met al die binnelandse private sektor se vraagdeposito's by banke.

Die volgende vergelyking word dikwels gebruik ter aanduiding van die M1-geldvoorraad:

**M = C + D**

waar M = geldvoorraad

C = kontant (note en munte in sirkulasie)

D = vraagdeposito's.

## 2.3 Rentekoerse

'n **Rentekoers** is die koers waarteen 'n lener rente betaal vir die gebruik van die geld wat van die uitlener geleen is. Rentekoerse word normaalweg uitgedruk as 'n persentasie van die hoofsom wat geleen is oor 'n periode van een jaar.

Rentekoersteikens is ook ’n deurslaggewende element van monetêre beleid, en word in ag geneem in die hantering van veranderlikes soos investering, inflasie en werkloosheid.

Daar is talle verskillende soorte rentekoerse. Die repokoers en die prima-oortrekkingskoers is die twee wat die meeste gebruik word.

- Die **terugkoopkoers (repokoers)** is die rentekoers waarteen kommersiële banke geld van die Suid-Afrikaanse Reserwebank kan leen.
- Die **prima-oortrekkingskoers** is die laagste koers waarteen ’n bank geld aan sy beste kliënte sal uitleen. Om hierdie rede word dikwels na die prima-uitleenkoers verwys as bloot *prima.*

Verskillende faktore beïnvloed rentekoerse:

- die markkoers
- risikofaktore
- leningstermyn
- verwagtings met betrekking tot toekomstige rentekoerse.

## 3 Mikro-uitlening

Mikro-uitlening is die praktyk ingevolge waarvan klein lenings aan hulpbehoewendes toegestaan word. Mikrolenings kan lenings wees vir klein bedrae, en word gewoonlik gebruik om iemand te help om ’n besigheid te begin. Die leners is meesal arm mense in stedelike gebiede en/of ontwikkelende lande. Mikro-uitlening word in Suid-Afrika gereguleer deur die Reguleringsraad vir Mikrofinansiering (MFRC). Dit is daarop ingestel om:

- volhoubare groei in die mikro-uitleningsbedryf te bevorder
- te voldoen aan die kredietbehoeftes van diegene wat nie toegang tot banke het nie
- te verseker dat kliënte se regte beskerm is.

Die Nasionale Kredietwet het in 2008 in werking getree. Dit is daarop gemik om te verseker dat leners nie uitgelewer is aan uitermate hoë rentekoerse nie, en dat lenings slegs toegestaan word aan mense wat in staat is om hul skuld te delg.

# 4 Sentrale bankwese

## 4.1 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is die reserwebank van die Republiek van Suid-Afrika. Sy funksies sluit in die formulering en toepassing van Suid-Afrika se monetêre beleid ter versekering van die doeltreffendheid van Suid-Afrika se finansiële stelsel, asook die verskaffing van inligting aan Suid-Afrikaanse burgers oor die monetêre en ekonomiese situasie in die land. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is en was nog altyd in private besit.

## 4.2 Suid-Afrika se bankwese-stelsel

Suid-Afrika het 'n goed gevestigde en internasionaal erkende bankwese-stelsel. Suid-Afrika het vyf groot banke, wat gesamentlik meer as 80% van die totale bates van die banksektor beheer. Daar is ook talle kleiner banke. Alle banke in Suid-Afrika funksioneer onder toesig van en word gereguleer deur die Registrateur van Banke. Suid-Afrika se grootste vyf banke is:

- ABSA
- Nedkor
- Investec
- Standard Bank
- First Rand Groep.

## 4.3 Basiese funksies van die sentrale bank

Die SARB het die volgende funksies:

- dit versamel en publiseer makro-ekonomiese inligting
- dit tree op as die regering se bankier en finansieringsagent
- dit reik nuwe banknote en munte uit
- dit hou Suid-Afrika se goud- en buitelandse reserwes in bewaring
- dit beheer en hou toesig oor die banke en bankwese-stelsel
- dit bepaal die monetêre en wisselkoersbeleid
- dit beheer inflasie
- dit leen geld aan banke en beheer daardeur die geldvoorraad.

## 4.4 Monetêre beleid

Monetêre beleid het te make met prysstabiliteit, wat 'n uitwerking het op ekonomiese groei. Die SARB het die verantwoordelikheid om inflasie te hou binne die perke wat jaarliks in Februarie deur die Minister van Finansies gestel word.

Die instrument wat die SARB hiervoor gebruik, is die **repokoers**, wat die renterkoers is wat die SARB teenoor die bankwese-stelsel hef wanneer daar geld by hom geleen word. Wanneer die SARB die repokoers verhoog, moet die kommersiële banke ook die rentekoerse verhoog wat hulle hef teenoor diegene wat by hulle geld leen. Ingelyks verlaag kommersiële banke hul uitleenkoers wanneer die SARB die repokoers verlaag. Dit raak alle lenings, met inbegrip van huisverbande.

Die SARB kan ook die wettige kontantvereiste aanpas. Dit is die bedrag van elke deposito wat deur die bank gehou moet word en nie deel mag wees van kredietskepping nie.

Hierdie maatreëls kan gebruik word om ekonomiese groei aan te moedig, en te vertraag indien prysvlakke (inflasie) te vinnig styg.

## 5 Bankmislukkings en gevolge

Die Suid-Afrikaanse bankwese-stelsel het in die 1990's 'n mate van onstabiliteit ervaar. Indien 'n bank misluk, raak dit die hele ekonomie en kan dit rampspoedige gevolge hê, soos die volgende:

- kliënte (deposante) kan hul geld verloor
- aandeelhouers in die bank kan hul belegging verloor
- werknerms van die bank kan hul werk verloor
- openbare vertroue in die bankwese-stelse word geskend
- dit het 'n negatiewe rimpeluitwerking op ander banke.

## Vrae

1 Verduidelik die term *geld.* (8)
2 Verduidelik die term *kredietskepping.* (6)
3 Vergelyk die *repokoers* met die *primakoers.* (6)
4 Noem vyf kommersiële Suid-Afrikaanse banke. (10)
5 Hoe bevorder mikro-uitlening ekonomiese groei? (6)
6 Wat is die drie funksies van geld? (6)
7 Verduidelik die funksies van die SARB. (16)
8 Dui aan wat die gevolge van 'n bankmislukking kan wees. (10)

[68]

## Antwoorde

1 Geld is enige artikel wat wyd gebruik word en aanvaar word in transaksies waarin goedere en dienste van een persoon na 'n ander oorgedra word. √√ Ekonome onderskei tussen drie soorte geld: kommoditeitsgeld, ongedekte geld, en bankgeld. √√ Volgens die klassieke beskrywing dien geld as 'n rekeneenheid, √√ 'n bron van waarde, √√ en 'n betaalmiddel. √√ (4 x 2) (8)

2 Kredietskepping is die meervoudige uitbreiding van banke se vraagdeposito's. √√ Banke maak 'n groot deel van hul deposito's as banklenings aan leners beskikbaar en hou kleiner gedeeltes van deposito's terug vir beskikbaarmaking aan kliënte op aanvraag. √√ Bankkliënte het volle vertroue dat hul deposito's by banke heeltemal veilig is en op aanvraag onttrek kan word. √√ Die banke brei lenings uit tot aansienlik meer as die bedrag van die vraagdeposito's wat deur hulle gehou word.√√ Hierdie neiging onder kommersiële banke om hul vraagdeposito's uit te brei as veelvoud van hul oorskotkontantreserwe staan bekend as kredietskepping. √√ (3 x 2) (6)

3 Die terugkoopkoers (repokoers) is die rentekoers waarteen kommersiële banke kan geld leen by die Suid-Afrikaanse Reserwebank. √√√√ Die prima-oortrekkingskoers is die laagste koers waarteen 'n bank geld aan sy beste kliënte sal uitleen. √√ Om hierdie rede word dikwels na die prima-oortrekkingskoers verwys as bloot prima. (3 x 2) (6)

4 ABSA, √√ Nedkor, √√ Investec, √√ Standard Bank, √√ FirstRand Bank √√ (5 x 2) (10)

5 verskaf finansiering aan klein sakeondernemings wat andersins nie 'n lening kan bekom nie, √√ bevorder groei van die informele sector, √√ skep werkgeleenthede namate besighede groei √√ (3 x 2) (6)

6 'n metode van betaling vir goedere en dienste, √√ 'n maatstaf vir waarde of rekeneenheid, √√ 'n bron van waarde √√ (3 x 2) (6)

7 Dit versamel en publiseer makro-ekonomiese inligting. √√ Dit tree op as bankier en finansieringsagent vir die regering. √√ Dit reik nuwe banknote en munte uit. √√ Dit hou Suid-Afrika se goud en buitelandse reserwes in bewaring. √√ Beheer en hou toesig oor die banke en bankwese-stelsel. √√ Bepaal monetêre en wisselkoersbeleid. √√ Beheer inflasie. √√ Leen geld aan banke, en beheer sodoende die geldvoorraad. √√ (8 x 2) (16)

8 Kliënte (deposante) kan hul geld verloor. √√ Aandeelhouers in die bank kan hul belegging verloor. √√ Werknemers van die bank kan hul werk verloor. √√ 'n Verlies van openbare vertroue in die bankwese-stelsel. √√ 'n Negatiewe uitkringeffek op ander banke. √√ (5 x 2) (10)

[68]

**ONDERWERP 12**

# Ekonomiese groei en ontwikkeling: Suid-Afrika se ekonomiese belang in Afrika

## Oorsig

Onderwerp 12 behels ’n ondersoek na Suid-Afrika se rol en ekonomiese belang in Afrika.

| Onderwerp 12 |
|---|
| EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING: SUID-AFRIKA SE EKONOMIESE BELANG IN AFRIKA |
| Bladsy 125 |
| 1<br>Afrika se ekonomiese afbakenings, byvoorbeeld die AU en SADC |

# 1 Afrika se ekonomiese afbakenings, byvoorbeeld die AU en SADC

Suid-Afrika het 'n belangrike rol gespeel in die aanmoeding en bevordering van die ekonomiese integrasie van lande in suidelike Afrika. Hy was ook instrumenteel in die totstandbrenging van verskeie ekonomiese en politieke organisasies en ooreenkomste.

Die **Afrika-Unie (AU).** Onder die oogmerke van die AU se leidinggewende instellings is:

- die bespoediging van die politieke en sosio-ekonomiese integrasie van die vasteland
- die bevordering en beskerming van Afrika se algemene posisie aangaande kwessies wat vir die vasteland en sy inwoners van belang is
- die bereiking van vrede en sekuriteit in Afrika
- die bevordering van demokratiese instellings, goeie regering en menseregte.

Die **Nuwe Vennootskap vir die Ontwikkeling van Afrika (NEPAD).** NEPAD se doelwit is om Afrika se groei, ontwikkeling en deelname aan die globale ekonomie te bevorder.

Doelwitte sluit in:

- uitwissing van armoede
- skepping van volhoubare groei en ontwikkeling
- bevordering van integrasie tot 'n globale ekonomie
- bemagtiging van vroue
- bevordering van goeie regering
- trek van buitelandse investering.

Die **Suid-Afrikaanse Doeane-Unie (SADU).** Sy doel is om die vrye wisseling van goedere tussen lidlande in stand te hou. Die unie maak voorsiening vir 'n gemeenskaplike eksterne tarief en 'n gemeenskaplike aksynstarief vir die hele doeanegebied. Alle doeane- en aksynsgelde wat in die gemeenskaplike doeanegebied geïn word, word in die Suid-Afrikaanse Nasionale Reserwefonds gestort. Die opbrengs word deur lidlande gedeel ooreenkomstig die verdelingsformule soos beskryf in die ooreenkoms. Suid-Afrika is die kurator van hierdie fonds.

Die **Gemeenskaplike Monetêre Gebied (CMA).** Die **CMA** verenig Suid-Afrika, Lesotho en Swaziland in 'n monetêre unie, wat een geldeenheid gebruik. Die enigste SADU-lid wat nie ook lid is van die CMA nie, is Botswana, wat in 1976 die rand vervang het met die pula.

Die **Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC).** Die stigterlidlande is Angola, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Swaziland, Verenigde Republiek van Tanzanië, Zambië en Zimbabwe.

Die doelwitte van SADC is om:

- ontwikkeling en ekonomiese groei te bewerkstellig, armoede te verlig, die lewensgehalte en lewenspeil van die volkere van Suider-Afrika te verbeter, en om agtergeblewenes te ondersteun deur streeksintegrasie
- gemeenskaplike politieke waardes, stelsels en instellings te ontwikkel
- vrede en sekuriteit te bevorder en beskerm
- selfonderhoudende ontwikkeling, gegrond op selfversorging, te bevorder, asook die interafhanklikheid van lidlande
- produktiewe indiensneming en die benutting van die streek se hulpbronne tot die maksimum te bevorder
- die volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne te bereik, en die omgewing doeltreffend te beskerm
- die langgekoesterde historiese, maatskaplike en kulturele verwantskappe tussen die mense van die streek te versterk en te konsolideer.

## 1.1 Suid-Afrika se ekonomiese posisie, vergeleke met die res van Afrika

Die **Suid-Afrikaanse ekonomie is aansienlik groter** as enige van dié van ander Afrikalande. Suid-Afrika het 'n bevolking van sowat 49 miljoen mense, teenoor Afrika se totale bevolking van sowat 876 miljoen mense. Afrika is ryk aan natuurlike hulpbronne. **Suid-Afrika is veral baie ryk aan minerale hulpbronne** soos goud, diamante en platinum. Hierdie minerale verteenwoordig sowat 60% van al Suid-Afrika se uitvoere.

**Suid-Afrika oorheers die verskaffing van elektrisiteit in Suider-Afrika.** Eskom genereer tans die meeste van al die elektrisiteit wat in Afrika gebruik word. Eskom voer krag uit na baie van Suid-Afrika se buurstate. Sowat 75% van alle Suid-Afrikaners het toegang tot elektrisiteit. Dié persentasie is aansienlik hoër as die gemiddelde van 25% in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap. Zambië het 'n groot voorraad hidroëlektriese krag en is die naasgrootste uitvoerder van elektrisiteit.

Tot soveel as 14 Afrikalande het 'n watertekort. Altesame **86% van die Suid-Afrikaanse bevolking het toegang tot veilige drinkwater.**

Die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) oorheers alle aandeleverhandeling in Afrika met betrekking tot markkapitalisering.

Op baie min uitsonderings na is die welstandspeil in Afrikalande baie laag. Die meeste Afrikalande het hoë vlakke van armoede.

## Vrae

1 Noem vyf organisasies waarby Suid-Afrika betrokke is en wat die ekonomiese integrasie van Suider-Afrika bevorder. (10)

2 Noem ses oogmerke van NEPAD. (6)

3 Watter geldeenheid word in die CMA gebruik? (2)

4 Noem drie stigterlede van SADC. (6)

5 Watter land is die hoofverskaffer van elektrisiteit in Suider-Afrika? (2)

[26]

## Antwoorde

1 Die Afrika-Unie, √√ Nuwe Vennootskap vir die Ontwikkeling van Afrika, √√ Suider-Afrikaanse Doeane-Unie, √√ Gemeenskaplike Monetêre Gebied, √√Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap √√ (10)

2 uitwissing van armoede, √√ skepping van volhoubare groei en ontwikkeling, √√ bevordering van integrasie in 'n globale ekonomie, √√ bemagtiging van vroue, √√ bevordering van goeie regering, √√ trek van buitelandse investering (6)

3 Rand √√ (2)

4 Angola, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Swaziland, Verenigde Republiek van Tanzanië, Zambië en Zimbabwe (Enige 3 x 2) (6)

5 Suid-Afrika √√ (2)

[26]

# KWARTAAL 4

## Oorsig

| KWARTAAL 4 | |
|---|---|
| ONDERWERP 13 | ONDERWERP 14 |
| Bladsy 131 | Bladsy 141 |
| Globalisering | Ekonomiese herstel: omgewingsagteruitgang |

ONDERWERP 13

# Globalisering

## Oorsig

Onderwerp 13 behels ’n bespreking van die oorsake en gevolge van globalisering, asook die probleme verbonde aan die Noord–Suid-verdeling  en globale ongelykheid.

| Onderwerp 13 | | |
|---|---|---|
| GLOBALISERING | | |
| Bladsy 132 | Bladsy 135 | Bladsy 137 |
| 1<br>Globalisering | 2<br>Absolute en vergelykende voor- en nadele van handel | 3<br>Die Noord/Suid-verdeling |

# 1 Globalisering

## 1.1 Definisie

Globalisering beteken:

- die beweging van die produksiefaktore oor nasionale grense heen sodat grondstowwe, arbeid en kapitaal vryelik tussen lande kan beweeg en ondernemings in staat gestel word om nuwe besighede op enige plek ter wêreld te begin
- die uitskakeling van nasionale versperrings en die skepping van handelsvryheid
- die integrasie van ekonomiese aktiwiteite regoor die wêreld
- toenemende globale verhoudings tussen kulture en mense, en aangaande ekonomiese aktiwiteit
- die globale distribusie van die produksie van goedere en dienste
- die vermindering van beperkings op internasionale handel, soos tariewe, uitvoertariewe en invoerkwotas.

## 1.2 Oorsake

- Die **vrye beweging van kapitaal,** wat besighede in staat stel om geld in ander lande te investeer of uit ander lande te onttrek.
- **Kommunikasieverbeterings.** Goedkoop, vinnige en betroubare kommunikasie het dit moontlik gemaak om inligting te versprei. Dit het die handel bevorder. Sosiale netwerktuistes, soos Facebook, Twitter en youTube stel gebruikers in staat om inligting, gedagtes en menings te deel met ander gebruikers regoor die wêreld.
- **Vervoerverbeterings** maak dit moontlik om mense en goedere na enige plek ter wêreld te bring. Vooruitgang in vervoer het ook gelei tot 'n verlaging in vervoerkostes en daardeur tot die bevordering van internasionale handel.
- **Die groei van multinasionale ondernemings.** Multinasionale ondernemings sal dikwels na nuwe lande uitwyk om goedkoper arbeid te bekom, voordeel te trek uit minder streng wette, toegang te kry tot grondstowwe, en om nuwe markte as afsetpunte vir hul produkte te vind.
- **Handelsvryheid.** Ons gebruik die term **vryhandel** as aanduiding van die vrye beweging van goedere tussen lande, aangesien daar geen hindernisse vir die invoer en uitvoer van goedere is nie.

- **Beskikbaarheid van arbeid en vaardighede.** Sommige lande, soos Indië, se arbeidskostes is laer en arbeidwetgewing is minder streng as dié van ander lande.

### 1.2.1 Multinasionale ondernemings

Multinationale ondernemings is groot besigheidsorganisasies wat hul goedere in etlike lande of wêreldwyd produseer en/of versprei.

Beweegredes vir multinasionale ondernemings sluit in:

- die trek van voordeel uit verskillende klimate
- gebruik van goedkoop arbeid
- die trek van voordeel uit minder streng wette aangaande besoedeling
- die vind van nuwe markte
- die ontginning van grondstowwe, soos minerale.

Argumente teen multinasionale ondernemings sluit in:

- Dit gaan uitsluitend oor wins
- besoedeling
- uitbuiting van werkers.

### 1.2.2 Vryhandel en wêreldhandelooreenkomste

**Wêreldhandelsorganisasie (WHO).** Gestig in 1995 met Suid-Afrika as een van die stigterlede. Teen 2010 het die organisasie 153 lidlande gehad. Die WHO handel met die handelsreëls tussen lande en het die volgende as oogmerke:

- bevordering van vryhandel
- bevordering van verlaagde tariewe
- oplossing van handelsdispute
- uitdra van die boodskap dat vryhandel noodsaaklik is vir ekonomiese groei
- die bring van die voordele van ekonomiese ontwikkeling na alle lande.

Ander organisasies wat tot stand gebring is om globale samewerking te bevorder, sluit in:

- **Verenigde Nasies** (bevorder wêreldvrede en menseregte)
- **Internasionale Monetêre Fonds** (bevorder die wêreldekonomie)
- **Wêreldbank** (verbeter die wêreldekonomie)
- **Wêreldgesondheidsorganisasie** (verbeter welsyn, veral in ontwikkelende lande).

## 1.3 Gevolge

Die groei van ekonomieë, soos dié van China, is toe te skryf aan globalisering en die vermoë om internasionaal handel te dryf.

### 1.3.1 Voordele van globalisering

- ’n Hoë vlak van **investering het gelei tot ontwikkeling** en ekonomiese groei.
- **Handel is bevorder en aangemoedig,** wat ’n wyer reeks produkte tot die beskikking van verbruikers gestel het.
- Daar is wêreldwyd ’n **wye reeks tegnologie en nuwe idees** beskikbaar.
- Regerings en besighede het **makliker toegang tot kapitaalmarkte.**
- **Verhoogde besorgdheid oor die omgewing en klimaatverandering.**
- Verhoogde mededinging het gelei tot **verlaagde pryse.**

### 1.3.2 Nadele van globalisering

- Multinasionale maatskappye kan druk op regerings uitoefen en hulle beïnvloed.
- Ryker lande het nog ryker geword, terwyl arm mense in armer lande verder verarm het.
- ’n Verlies aan nasionale identiteit, aangesien die Westerse kultuur in ander lande posvat.
- ’n Oorbenutting van hulpbronne.
- Vernietiging van die omgewing en verhoogde besoedelingsvlakke.
- Verhoogde mededinging het in sommige lande gelei tot die ineenstorting van plaaslike nywerhede.
- Klein besighede kan nie meeding met groteres nie.

# 2 Absolute en vergelykende voor- en nadele van handel

Lande dryf met mekaar handel om:

- goedere en dienste te verkry wat hulle nie self kan produseer nie
- verbruikerskeuses te verhoog
- goedere goedkoper te verkry as die prys waarteen hulle dit self kan produseer
- verkope en inkomste te verhoog
- te spesialiseer in die produksie van spesifieke goedere en dienste
- ’n absolute of vergelykende handelsvoordeel te benut.

## 2.1 Absolute handelsvoordeel

Absolute handelsvoordeel ontstaan wanneer ’n land ’n produk kan vervaardig met die gebruik van minder hulpbronne en teen ’n laer koste as enige ander land. Dit gebeur dikwels dat ontwikkelde lande, in die geval van produksie, ’n **absolute voordeel** bo ontwikkelende lande het omdat hulle meer kapitaal het en beter geskoolde werkers het.

## 2.2 Vergelykende handelsvoordeel

Lande vind die meeste baat deur die produksie en uitvoer van goedere en dienste wat hulle meer doeltreffend teen ’n laer koste as ander produkte en dienste kan vervaardig. Lande kan baat vind by internasionale handel deur te kies om handel te dryf in produkte ten opsigte waarvan hulle die beste vergelykende voordeel het, selfs indien hul produksiekoste hoër is as dié van die lande waarmee hulle handel dryf en hulle dus geen absolute voordeel het nie.

### 2.2.1 Voordele van absolute en vergelykende handel

- Alle handel **bevorder ekonomiese groei** omdat globale handel buitelandse investering lok en aan regerings ’n groter inkomste besorg vir investering in infrastruktuur.
- **Verhoog indiensneming, hoër inkomste per capita en ’n beter lewenspeil**
- **Skep ’n groter bewustheid van globale vraagstukke,** wat lande aanmoedig om die probleme aan te durf. Voorbeelde sluit in armoede, klimaatverandering en aardverwarming, MIV en VIGS, en malaria.

### 2.2.2 Nadele van absolute en vergelykende handel

- Groeikoerse word nie altyd gehandhaaf of is nie altyd volhoubaar nie, en die voordele word nie altyd oorgedra aan die armste mense nie.
- Armoedevlakke is steeds hoog namate die gaping tussen ryk en arm lande bly groei.
- Vryhandel het nooit ’n werklikheid geword nie en handelsproteksionisme en handelsbesperkings bly bestaan.
- Die beweging van groot bedrae kapitaal kan ernstige finansiële probleme veroorsaak.

# 3 Die Noord–Suid-verdeling

## 3.1 Definisie

Die **Noord–Suid-verdeling** beskryf die verdeling van die wêreld in die hoofsaaklik ontwikkelde ekonomieë in die noordelike halfrond en die hoofsaaklik ontwikkelende ekonomieë in die suidelike halfrond. Daar is uitsonderings op hierdie veralgemening, soos Australië en Nieu-Seeland, wat albei in die suidelike halfrond is. Tye het ook verander, en Suid-Korea, Taiwan en Singapoer behoort ook nou ingesluit te word by die noordelike halfrond.

## 3.2 Gevolge van die Noord–Suid-verdeling

- Daar is 'n groot wanverhouding in inkomste tussen die ryker noordelike lande en die armer suidelike lande.
- Die geïndustrialiseerde noorde voer goedkoper onverwerkte goedere uit die suide in en voer duurder vervaardigde goedere na die suide uit.
- Die VSA, Japan en die Europese Unie gebruik hul mag om hul posisie te handhaaf.
- Die noorde buit die suide uit.
- Hulp word verleen om ontwikkeling in die suide te bevorder, maar dit is dikwels gekoppel aan beperkende handelsooreenkomste.
- Migrasiepatrone is ongebalanseerd, aangesien mense uit die armer lande probeer om na die ryker lande uit te wyk.
- 

## 3.3 Die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte

Die Verenigde Nasies probeer met sy Millenium-ontwikkelingsdoelwitte om die gaping tussen die noorde en suide te vernou. Dié doelwitte is onder meer:

- om honger en armoede uit te wis
- om universele onderwys te bewerkstellig
- om gender-gelykheid te bevorder
- om kindersterftekoerse te verlaag
- om moedersgesondheid te verbeter
- om siektes oos malaria en MIV en VIGS te bestry
- om omgewingsvolhoubaarheid te verseker.

## Vrae

1 Verduidelik die oorsake van globalisering. (10)

2 Noem vyf voordele van globalisering. (10)

3 Noem vyf nadele van globalisering. (10)

4 Verduidelik hoe globalisering gelei het tot ’n verlies van nasionale identiteit. (4)

5 Verduidelik hoe globalisering die omgewing geskaad het. (6)

6 Noem vier voordele van globale handel. (8)

7 Noem vier nadele van globale handel. (8)

8 Verduidelik die frase *Noord–Suid-verdeling* . (4)

[60]

## Antwoorde

1 Die vrye beweging van kapitaal is die vermoë om kapitaal maklik van een land na ’n ander oor te plaas. √√ Tegnologiese ontwikkelings op kommunikasiegebied maak kommunikasie moontlik met mense en besighede regoor die wêreld. √√ Tegnologiese ontwikkelings op die gebied van vervoer maak dit vir mense en goedere moontlik om na en van enige plek ter wêreld te beweeg of beweeg te word.√√ Multi-nasionale besighede het gegroei in omvang en statuur, en kan aansienlike invloed op regerings uitoefen. √√ Vryhandel en wêreldhandelsooreenkomste. √√ (5 x 2) (10)

2 ’n Hoë vlak van investering het gelei tot ontwikkeling en ekonomiese groei. √√ Handel is bevorder en aangemoedig, wat ’n wyer reeks produkte tot beskikking van verbruikers gestel het. √√ Daar is regoor die wêreld ’n omvattende reeks tegnologieë en nuwe idees beskikbaar. √√ Regerings en besighede het makliker toegang tot kapitaalmarkte. √√ Verhoogde besorgdheid oor die omgewing en klimaatverandering. √√ Verhoogde mededinging het gelei tot verlaagde pryse. √√ (5 x 2) (10)

3 Multinasionale ondernemings kan druk op regerings uitoefen en hulle beïnvloed. √√ Ryker lande het ryker geword, terwyl armer mense in armer lande verder verarm het. √√ ’n Verlies aan nasionale identiteit namate die Westerse kultuur in ander lande posvat. √√ ’n Oorbenutting van hulpbronne. √√

Vernieting van die omgewing en stygende besoedelingsvlakke. √√ Verhoogde mededinging het in sommige lande gelei tot ’n ineenstorting van plaaslike nywerhede. √√ Klein besighede kan dikwels nie meeding met groteres nie. √√ (5 x 2) (10)

4 Globalisering het die vrye beweging van produkte, geld, idees en kulture regoor die wêreld meegebring. √√ Dit het gelei tot die wêreldwye verspreiding van die Amerikaanse en Europese kulture. √√ Dit het ook gelei tot die oorheersing van Engels as gebruikstaal, √√ van Amerikaanse en Europese kleredrag en lewenstyl, asook tot die wêreldwye totstandbrenging van groot besighede soos Kentucky Fried Chicken. √√ (2 x 2) (4)

5 Globalisering het gelei tot ’n verhoogde vraag na grondstowwe en grootskaalse produksie. √√ Dit het weer gelei tot die beskadiging van die natuurlike omgewing, probleme soos besoedeling, √√ ’n hoë kragverbruik, √√ klimaatverandering √√ en aardverwarming √√ en die uitbuiting van hulpbronne. √√ (3 x 2) (6)

6 Alle handel bevorder ekonomiese groei. Globale handel trek buitelandse investering en besorg aan regerings ’n groter inkomste vir investering in infrastruktuur.

Verhoog indiensneming, hoër inkomste per capita, en ’n hoër lewenspeil.

Skep groter bewustheid van globale vraagstukke, wat lande aanspoor om hulle aan te durf. Voorbeelde sluit in armoede, klimaatverandering en aardverwarming, MIV, VIGS, en malaria. (8)

7 Groeikoerse word nie altyd volgehou of is nie altyd volhoubaar nie, en die voordele word nie altyd aan die armste mense oorgedra nie.

Armoedevlakke is steeds hoog namate die gaping tussen die ryk en arm lande steeds groter word.
Vryhandel het nooit 'n werklikheid geword nie, en handelsproteksionisme en handelsbeperkings bestaan steeds.

Die beweging van groot hoeveelhede kapitaal kan ernstige finansiële probleme veroorsaak. (8)

8 Die term Noord–Suid-verdeling beskryf die die verdeling van die wêreld in die hoofsaaklik ontwikkelde ekonomieë in die noordelike halfrond en die hoofsaaklik ontwikkelende ekonomieë in die suidelike halfrond. Prakties volg hierdie verdeling die breedtegraad 30 grade noord. Daar is uitsonderings op hierdie veralgemening, soos Australië en Nieu-Seeland, wat albei in die suidelike halfrond is. Tye het ook verander, en Suid-Korea, Taiwan en Singapoer behoort ook nou ingesluit te word by die noordelike halfrond. (4)

[60]

ONDERWERP 14

# Ekonomiese herstel: omgewingsagteruitgang

## Oorsig

In Onderwerp 14 word gekyk na die tergende probleme van omgewingsagteruitgang en benaderings tot die hantering daarvan.

| Onderwerp 14 | | | |
|---|---|---|---|
| EKONOMIESE HERSTEL: OMGEWINGSAGTERUITGANG | | | |
| Bladsy 142 | Bladsy 143 | Bladsy 145 | Bladsy 146 |
| 1<br>Omgewingsprobleme in Suid-Afrika | 2<br>Beskerming van die omgewing | 3<br>Benaderings tot volhoubaarheid | 4<br>Die globale en plaaslike impak op Suid-Afrika |

# 1 Omgewingsprobleme in Suid-Afrika

Die ekonomie hou op die volgende maniere verband met die omgewing:

- ’n lewenskragtige omgewing kan besighede rugsteun deur die verskaffing van grondstowwe
- ’n lewenskragtige omgewing kan werkgeleenthede verskaf, byvoorbeeld op die gebied van toerisme
- die oordeelkundige bestuur van die omgewing is ’n voorvereiste vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling.

Omgewingskwessies wat ’n bedreiging inhou vir die voortsetting van lewe op aarde, sluit in:

- klimaatverandering
- verlies aan biodiversiteit
- die energiekrisis. Hulpbronne word vinnig uitgeput
- natuurlike hulpbronne word oorbenut
- gronddegradering weens ontbossing en oorbeweiding
- die wêreldbevolking het verdubbel. Oorbevolking lei tot tekorte aan water en voedsel, kruipende verstedeliking namate groeiende stede en dorpe natuurlike habitats vernietig, tekort aan landbougrond, vernietiging van nastuurlike omgewings, besoedeling en ander afvalprodukte
- besoedeling, met inbegrip van lugbesoedeling veroorsaak deur motorvoertuie en fabrieke, waterbesoedeling veroorsaak deur fabrieke se afvalstorting en plase se afloop na riviere, grondbesoedeling veroorsaak deur oliestortings op land en menslike afval, asook seebesoedeling veroorsaak deur skeepsrampe ter see
- swak afvalbestuur lei tot toksiese afvalstortings.

# 2 Beskerming van die omgewing

Die **deurvoering van wette ter beskerming van die omgewing.** Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Omgewingswette behels verskeie belangrike wysigings aan wette soos die Wet op die Voorkoming van Atmosferiese Besoedeling, die Wet op Omgewingsbewaring, en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur. Ingevolge hierdie wetgewing is die indiening van die bevindinge van omgewingsimpakstudies 'n voorvereiste vir nuwe ontwikkelings. Hierdie studies dui aan wat die impak van die ontwikkeling op die omgewing sal wees. Die wetgewing maak ook voorsiening dat omgewingsinspekteurs ontwikkelings kan besoek en dat oortreders van hierdie wetgewing beboet of gevangenisstraf opgelê kan word.

Die **regering kan ander stappe doen** om die omgewing te beskerm. Dit sluit in:

- die subsidiëring van omgewingsvriendelike projekte, soos die benutting van son- of windkrag
- die bou van energiedoeltreffende huise vir arm mense
- die deurvoering van wetgewing wat verskillende soort besoedeling verbied of verminder
- die vermindering van gevaarlike en skadelike petrolbymiddels.

**Motorvoertuigemissies** veroorsaak hoë vlakke van besoedeling in groot stede. Die vermindering hiervan dra by tot die vermindering van besoedeling. Besoedeling weens die emissies van motorvoertuie kan onder meer op die volgende maniere verminder word:

- die gebruik van openbare vervoer
- meer doeltreffende verkeersvloei
- ontwikkeling van meer brandstofdoeltreffende enjins, asook enjins wat minder gasse vrylaat
- die verpligting van brandstofmaatskappye om gevaarlike en skadelike bymiddels uit petrol te verwyder.

**Tegnologiese ontdekkings** het nuwe moontlikhede geskep vir die beskerming van die omgewing. Voorbeelde sluit in:

- hernubare kragbronne
- alternatiewe brandstowwe vir motorvoertuie
- meer doeltreffende afvalherwinningsmetodes.

**Openbare mening kan baie magtig wees.** Die internet en veral sosiale netwerktuistes stel mense regoor die wêreld in staat om hul mening oor besoedeling te lug. Dit het daartoe gelei dat besighede omgewingsvraagstukke aanvaar as deel van hul maatskaplike verantwoordelikheid, dat regerings nuwe ontwikkelings fyn dophou, en dat mense toenemend bewus raak van die belangrikheid van 'n gesonde omgewing.

**Besighede en huishoudings** kan baie doen om die omgewing te beskerm, soos:

- vervaardigers kan meer herwonne materiale gebruik en minder toksiese en skadelike materiale
- vermindering van onnodige verpakking en die gebruik van meer herwonne materiaal
- besighede behoort meer papier te hergebruik
- deur die toenemende gebruik van openbare vervoer kan die aantal voertuie op die paaie verminder word
- omgewingsvriendelike tuinmaak kan bevorder word, soos die aanplant van slegs inheemse plante wat minder water gebruik
- afval moet slegs by aangewese terreine gestort word
- huishoudings behoort bottels, blikke en ander afvalprodukte te herwin
- die gebruik van nie-toksiese skoonmaakmateriale in huishoudings en besighede.

## 3 Benaderings tot volhoubaarheid

Ons moet die langtermyninstandhouding van die verskillende dele van ons ekostelsel verseker sodat dit ook toekomstige generasies goed sal onderhou. Ons moet ook verseker dat die diversiteit en produktiwiteit van die ekostelsel in stand gehou word. Voorbeelde van maniere waarop dit gedoen kan word, sluit in:

- die heffing van 'n fooi wat mense en besighede moet betaal vir die reg om die omgewing te gebruik en te geniet
- die bestrawwing van vervaardigers wat skadelike en toksiese produkte gebruik
- die stel van perke op toelaatbare besoedeling
- die verskaffing van opvoedkundige inligting oor die omgewing, soos:
  - die opvoeding van die publiek oor omgewingskwessies
  - die skepping, deur skoolprogramme, van trots op en passie vir die omgewing
  - die bekendstelling van arm gemeenskappe aan ons nasionale parke
  - die uitoefening van druk op besighede om verpakking af te skaal
  - die aanmoediging van organiese boerdery
  - die bestuur en beperking van die groei van informele nedersettings
  - die gebruik van wetgewing ter beskerming van ons natuurlike omgewing
  - die afdwinging van oordeelkundige afvalstorting.

# 4 Die globale en plaaslike impak op Suid-Afrika

## 4.1 Omgewingsagteruitgang in Suid-Afrika

Omgewingsagteruitgang in Suid-Afrika is veroorsaak deur:

- besoedeling weens mynbou
- oorbeweiding
- lugbesoedeling weens die verbranding van steenkool vir krag in townships.

## 4.2 Regeringsaksies

Regeringsaksies om omgewingsagteruitgang in Suid-Afrika te veg sluit in:

- die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram
- Departement van Omgewingsake en Toerisme
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur van 1998
- die Handves van Regte
- Wet op Lewende Marienehulpbronne van 1998
- Nasionale strategie vir volhoubare ontwikkeling.

## 4.3 Globale aksies

- Die Wêreldspitsberaad vir Volhoubare Ontwikkeling is in 2012 in Johannesburg gehou. Voortspruitend hieruit is arm mense se toegang tot krag en water verhoog, lood uit ons petrol verwyder, en biodiversiteit en bewaring uitgesonder as kwessies wat aandag moet kry ter voorkoming van die uitsterwing van spesies.
- Die Nasionale Strategie vir Volhoubare Ontwikkeling (NSVO) is in 2006 in werking gestel om Suid-Afrika te help om die nodige doelwitte vir toekomstige ontwikkeling te bereik. Omgewingsvolhoubare toerisme, gegrond op die natuur, word aangemoedig. Die impak wat toerisme op sensitiewe gebiede het, word versigtig bestuur. Talle organisasies en groot besighede bevorder "groen" projekte, tot voordeel van die omgewing.
- Lande wat internasionaal saamwerk, neem stappe om die omgewing te beskerm. Die **Kyoto-verdrag** is 'n internasionale ooreenkoms tussen sowat 170 lande met die oog op

die vermindering van die emissie van kweekhuisgasse wat aardverwarming veroorsaak. Die VSA het nie die Kyoto-verdrag onderteken nie.

- Die **Millennium Ontwikkelingsdoelwitte** is agt internasionale ontwikkelingsoogmerke waartoe al 193 lidlande van die Verenigde Nasies en minstens 23 internasionale organisasies ooreengekom het. Hierdie doelwitte moet teen 2015 bereid word deur:
  - die intergrering van die beginsels van volhoubare ontwikkeling by lande se beleide en programme, ter regstelling van die verlies aan omgewingshulpbronne
  - die betekenisvolle vertraging teen 2010 van die tempo van biodiversiteitsverlies
  - die halvering van die persentasie mense wat nie volhoubare toegang tot veilige drinkwater en basiese sanitasie het nie
  - die betekenisvolle verbetering van die lewensomstandighede van minstens 100 miljoen krotbewoners teen 2020.

# Vrae

1 Noem drie maniere waarop die natuurlike omgewing verband hou met die ekonomie. (6)

2 Noem die faktore wat bygedra het tot die agteruitgang van die omgewing. (12)

3 Hoe probeer die regering die omgewing beskerm? (10)

4 Wat kan individue en huishoudings doen om die omgewing te beskerm? (12)

5 Verduidelik wat bedoel word met die term *omgewingsvolhoubaarheid*. (2)

6 Noem vier stappe wat geneem kan word om omgewingsvolhoubaarheid te bewerkstellig. (8)

7 Watter stappe het Suid-Afrika gedoen om volhoubaarheid te bevorder? (4)

8 Gee twee voorbeelde van stappe wat internasionaal gedoen is om volhoubaarheid te bevorder? (4)

[58]

## Antwoorde

1 Die omgewing is in staat om besighede te rugsteun deur die verskaffing van grondstowwe. √√ Die omgewing kan werkgeleenthede verskaf, soos op die gebied van toerisme. √√ Die oordeelkundige bestuur van die omgewing is 'n voorvereiste vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling. √√ (6)

2 die energiekrisis, √√ grondstowwe is oorbenut, √√ gronddegradering het plaasgevind, √√ wêreldbevolking het verdubbel, √√ oorbevolking lei tot water- en voedseltekorte, √√ besoedeling het 'n baie ernstig vraagstuk geword, √√ swak afvalbestuur is 'n toenemende probleem, namate die wêreldbevolking groei. √√ (6 x 2) (12)

3 Die deurvoering van wetgewing ter beskerming van die omgewing.√√ Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Omgewingswette behels verskeie belangrike wysigings aan wette soos die Wet op die Voorkoming van Atmosferiese Besoedeling, die Wet op Omgewingsbewaring, en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur. √√ Ingevolge hierdie wetgewing is die indiening van die bevindinge van omgewingsimpakstudies 'n voorvereiste vir nuwe ontwikkelings. √√ Die regering kan ander stappe doen doen om die omgewing te beskerm. Dit sluit in die subsidiëring van omgewingsvriendelike projekte, soos die benutting van son- of windkrag. √√ Die bou van energiedoeltreffende huise vir arm mense. √√ Die deurvoering van wetgewing wat verskillende soort besoedeling verbied of verminder. √√ Die vermindering van gevaarlike en skadelike petrolbymiddels. √√ (5 x 2) (10)

4 Vervaardigers kan meer herwonne materiale gebruik en minder toksiese en skadelike materiale. √√ Vermindering van onnodige verpakking en die gebruik van meer herwonne materiaal. √√ Besighede behoort meer papier te hergebruik. √√ Deur die toenemende gebruik van openbare vervoer kan die aantal voertuie op die paaie verminder word. √√ Omgewingsvriendelike tuinmaak kan bevorder word, soos die aanplant van slegs inheemse plante wat minder water gebruik. √√ Afval moet slegs by aangewese terreine gestort word. √√ Huishoudings behoort bottels, blikke en ander afvalprodukte te herwin. √√ Die gebruik van nie-toksiese skoonmaakmateriale in huishoudings en besighede. √√ (6 x 2) (12)

5 Die versekering van die langtermyninstandhouding van die verskillende dele van ons ekostelsel sodat dit toekomstige generasies goed sal onderhou, en die versekering dat die diversiteit en produktiwiteit daarvan in stand gehou word. √√ (2)

6 die heffing van 'n fooi wat mense en besighede moet betaal vir die reg om die omgewing te gebruik en te geniet, √√ die bestrawwing van vervaardigers wat skadelike en toksiese produkte gebruik, √√ die stel van perke op toelaatbare besoedeling, √√ die verskaffing van opvoedkundige inligting oor die omgewing aan die publiek √√ (4 x 2) (8)

7 Die Wêreldspitsberaad vir Volhoubare Ontwikkeling is in 2012 in Johannesburg gehou. √√ Die Nasionale Strategie vir Volhoubare Ontwikkeling (NSVO) is in 2006 in werking gestel om Suid-Afrika te help om nie nodige doelwitte vir toekomstige ontwikkeling te bereik. √√ Omgewingsvolhoubare toerisme, gegrond op die natuur, word aangemoedig. √√ (2 x 2) (4)

8 Die Kyoto-verdrag is 'n internasionale ooreenkoms tussen sowat 170 lande met die oog op die vermindering van die emissie van kweekhuisgasse wat aardverwarming veroorsaak. Die VSA het nie die Kyoto-verdrag onderteken nie. √√

Die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte is 8 internasionale ontwikkelingsoogmerke waartoe al 193 lidlande van die Verenigde Nasies en minstens 23 internasionale organisasies ooreengekom het. Hierdie doelwitte moet teen 2015 bereik word. √√ (2 x 2) (4)

[58]

# HALFJAAREKSAMEN 1 MAKRO-EKONOMIE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**TYD 1½ UUR** **PUNTE: 150**

Beantwoord SES vrae in jou antwoordboek, ooreenkomstig die volgende aanwysings:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE vrae
AFDELING C: Beantwoord net EEN vraag uit die moontlike opsies

Skryf die vraagnommer bokant elke antwoord.
Nommer die antwoorde korrek, ooreenkomstig die numeringstelsel in hierdie vraestel.
Lees die vrae aandagtig en begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.
Laat 2–3 reëls oop tussen die onderafdelings van elke vraag.
Skryf netjies en leesbaar.
Beantwoord slegs die verlangde aantal vrae.
Die gebruik van nie-programmeerbare sakrekenaars is toelaatbaar.

## AFDELING A Antwoord al die vrae in hierdie afdeling

**VRAAG 1**

1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die oorstemmende letter (A, B of C) langs die tersake vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Wat is nie 'n produksiefaktor nie?
- A) arbeid
- B) belasting
- C) natuurlike hulpbronne

1.1.2 Wat is 'n kenmerk van natuurlike hulpbronne?
- A) Hulle moet geprosesseer word.
- B) Hulle is gelyk versprei.
- C) Hul voorraad is onbeperk.

1.1.3 Die vergoeding wat werkers vir hul arbeid ontvang, staan bekend as ...
- A) lone
- B) nie-belasbare inkomste
- C) pasellas.

1.1.4 Wat is 'n kenmerk van entrepreneurs?
- A) ongeneë om risiko's te loop
- B) hou nie daarvan om nuwe ondernemings te begin nie
- C) ondernemende en vasberade mense

1.1.5 Die Wet op Swart Ekonomies Bemagtiging is deurgevoer om ...
- A) geleenthede te gee vir diegene wat tydens apartheid benadeel is
- B) geleenthede te gee vir diegene wat tydens die Groot Depressie benadeel is
- C) geleenthede te gee vir diegene wat tydens apartheid bevoordeel is.

1.1.6 Wanneer die per capita BBP bereken word ...
- A) word die grootte van die bevolking benodig
- B) is die grootte van die bevolking irrelevant
- C) word die bevolkingsgetal verdeel deur die totale BBP van die land.

1.1.7 Watter EEN van die volgende modelle toon die vloei van goedere en dienste, asook van die produksiefaktore?
- A) ekonomiese siklus
- B) sirkulêre vloei
- C) ekonomiese vloei

1.1.8 Die waarde van goedere en dienste wat binne die grense van 'n land geproduseer word, is bekend as die ...
- A) bruto nasionale produk
- B) bruto nasionale inkomste
- C) bruto binnelandse produk.

(2 x 8) (16)

1.2 Beantwoord alle vrae deur die korrekte woord uit die raampie teenoor die regte vraagnommer neer te skryf. Skryf slegs die KONSEP teenoor die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| | | |
|---|---|---|
| fiskale beleid | mikro-ekonomie | globalisasie |
| sirkulêre vloei | mark | lug |
| herwinbare grondstof | restaurant en winkels | |

1.2.1 Belasting vorm deel van hierdie beleid.
1.2.2 Behels die gedrag van individuele verbruikers, huishoudings of besighede.
1.2.3 Die verspreiding van sakeondernemings oor landsgrense heen.
1.2.4 Het te make met die vloei van goedere en dienste in die ekonomie.
1.2.5 'n Ekonomie waarin alle besluite slegs deur sakeondernemings en verbruikers gemaak word.
1.2.6 Vrye goed.
1.2.7 'n Graanland.
1.2.8 Ondernemings in die tersiêre sektor. (8 x 1) (8)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n konsep in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A tot I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Gini-koëffisiënt | A | Produksie, valuta en verbruik in 'n land |
| 1.3.2 | Wettige betaalmiddel | B | Die voorraad bates wat die omgewing verskaf |
| 1.3.3 | Natuurlike kapitaal | C | Verwydering van beperkings soos tariewe en kwotas |
| 1.3.4 | Vryhandel | D | Die waarde van spesifieke munte en note wat 'n mens kan gebruik vir enige kooptransaksie |
| 1.3.5 | Sirkulêre vloei | E | Koste wat verhoog met verhoogde produksie |
| 1.3.6 | Geleentheidskoste | F | Alternatiewe opgeoffer |
| | | G | Meet die omvang van die ongelykheid tussen ryk en arm |

(6 x 1)(6)
[30]

## AFDELING B

Beantwoord enige twee vrae.

### VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae:

> Ondanks die aftakeling van apartheid in die vroeë 1990's en betekenisvolle jaarlikse ekonomiese groei in die afgelope 10 jaar, toon Suid-Afrikaanse stede steeds die hoogste vlakke van ongelykheid ter wêreld, volgens die Verenigde Nasies (Habitat) se jongste verslag oor die Stand van die Wêreld se Stede.

2.1.1 Wat het in die afgelope 10 jaar in Suid-Afrika gebeur? (2)
2.1.2 Noem twee redes vir inkomste-ongelykheid in Suid-Afrika. (4)
2.1.3 Gee die naam van 'n stelsel vir die meting van inkomste-ongelykheid. (2)

2.2 Noem vyf metodes wat in Suid-Afrika gebruik word vir die herverdeling van welvaart. (10)
2.3 Verduidelik twee bronne van welvaart. (2)
2.4 Skryf kort aantekeninge oor die faktore wat gelei het tot ekonomiese groei in Suid-Afrika. (16)
2.5 Definieer die term "welvaart". (4)
[40]


### VRAAG 3

3.1 Noem die vier verskille tussen 'n bevelsekonomie en 'n gemengde ekonomie. (8)
3.2 Skryf kort aantekeninge oor die lewering van maatskaplike dienste in Suid-Afrika. (16)
3.3 Noem drie redes waarom die tersiêre sektor so 'n groot rol in ontwikkelde lande speel. (6)
3.4 Onder watter sektor van die ekonomie resorteer kommunikasiestelsels soos selfone? (2)
3.5 Verduidelik die vier produksiefaktore. (8)
3.6 Watter statistiek gebruik ons om ekonomiese groei te meet? (2)
[40]

### VRAAG 4

4.1 Geld wat belê is in die produksie van masjinerie en in geboue wat bestem is om gebruik te word in die produksieproses, is bekend as (besparings/kapitaal).
4.2 Indien 'n land 'n netto uitvoerder is, sal sy geldeenheid geneig wees om in waarde te (styg/daal).
4.3 Om basiese pryse om te skakel na markpryse, word belastings bygetel en (subsidies/inflasie) afgetrek.
4.4 Die meeste van huishoudings se inkomste word bestee aan (duursame/nie-duursame) goedere. (4 x 2) (8)
4.5 Verduidelik die volgende vergelyking: BBP(E) = C + G + I (X – M). (8 x 2) (16)

4.6




(Bron: http://www.tradingeconomics.com/south-africa/gdp-growth-annual)

Skryf, op grond van die bostaande grafiek, kort aantekeninge oor Suid-Afrika se ekonomiese groei van 2008–2012. Verduidelik die veranderde posisie in die jare 2009– 2010 en gee 'n rede hiervoor. (16)

[40]

## AFDELING C

Beantwoord enige een van die onderstaande vrae.

**VRAAG 5 OPSTELTIPE VRAAG**

*Ekonomiese groei kan nie plaasvind sonder billike welvaartskepping nie.*

Beantwoord die volgende vrae in kort paragrawe:

geskied welvaartskepping? (10)

Hoe lei welvaartskepping tot ekonomiese groei? (10)

Hoekom word die herverdeling van welvaart as wenslik beskou in Suid-Afrika? (20)

[40]

**VRAAG 6 OPSTELTIPE VRAAG**

*'n Toename in die grootte van die tersiêre sektor is 'n aanduiding van 'n ontwikkelende ekonomie.*

Beantwoord die volgende vrae in kort paragrawe:

Verduidelik wat bedoel word met die term tersiêre sektor. (10)

Gee voorbeelde van nywerhede in die tersiêre sektor. (15)

Verduidelik die belang van die tersiêre sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (15)

[40]

**TOTALE PUNTE: 150**

# HALFJAAREKSAMEN 2 MIKRO-EKONOMIE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**TYD 1½ UUR** **PUNTE: 150**

Beantwoord VIER vrae in jou antwoordboek, ooreenkomstig die volgende aanwysings:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE vrae
AFDELING C: Beantwoord net EEN vraag uit die moontlike opsies

Skryf die vraagnommer bokant elke antwoord.
Nommer die antwoorde korrek, ooreenkomstig die numeringstelsel in hierdie vraestel.
Lees die vrae aandagtig en begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.
Laat 2–3 reëls oop tussen die onderafdelings van elke vraag.
Skryf netjies en leesbaar.
Beantwoord slegs die verlangde aantal vrae.
Die gebruik van nie-programmeerbare sakrekenaars is toelaatbaar.

## AFDELING A VERPLIGTEND

Antwoord al die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die oorstemmende letter (A, B of C) langs die tersake vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die volgende 2 marksoorte is ter sprake in die sirkulêre vloei van die ekonomie:
- A) faktor- en goederemarkte
- B) vraag- en aanbodmarkte
- C) mededingende en nie-mededingende market.

1.1.2 'n Verandering in relatiewe prys veroorsaak ...
- A) geen verandering in vraag nie
- B) 'n verandering in vraag
- C) 'n verandering, maar geen verandering in aanbod nie.

1.1.3 Die volgende is twee soorte vraagverhoudings:
- A) vervangings en aanvullings
- B) aanvullings en verbruikersinkomste
- C) markgrootte en vervangings.

1.1.4 Die volgende is 'n voorvereiste vir 'n volmaakte mark:
- A) talle kopers en verkopers
- B) geen kopers en verkopers nie
- C) ondoeltreffende tegnologie.

1.1.5 Die volgende is 'n voorvereiste vir 'n onvolmaakte mark:
- A) die regering meng hom nie in by die mark nie
- B) kopers en verkopers het volledige kennis van die mark
- C) sommige vervaardigers probeer saamspan om pryse vas te stel.

1.1.6 'n Monopolie is ...
- A) die volmaakste van alle markte
- B) die onvolmaakste van alle markte
- C) 'n billike mark vir die bedryf van sake.

1.1.7 Die hoofoogmerk van alle besighede is om ...
- A) geen wins te maak nie
- B) wel wins te maak
- C) die maksimum moontlike wins te maak.

1.1.8 Die volgende is 'n kenmerk van 'n disekonomie van skaal:
- A) dit is nie langer lonend om die uitsette te verhoog nie
- B) skaalvoordele neem toe
- C) die eenheidskoste van die produk daal namate die die uitset toeneem.

(2 x 8) (16)

1.2 Beantwoord alle vrae deur die korrekte woord uit die raampie teenoor die regte vraagnommer neer te skryf. Skryf slegs die KONSEP teenoor die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| | | |
|---|---|---|
| mikro-ekonomie | makro-ekonomie | nut |
| totale inkomste | gemiddelde inkomste | marginale kostes |
| vervangings | aanvullings | |

1.2.1 Die vertakking van die ekonomie wat te make het met gedrag van individuele verbruikers, huishoudings of besighede.
1.2.2 Die bevrediging wat geput word uit die verbruik van een produk, eerder as 'n ander.
1.2.3 Die hoeveelheid geld wat 'n besigheid ontvang uit die verkoop van sy goedere of dienste binne 'n sekere tydperk.
1.2.4 Goedere wat tegelyk gekoop kan word. (4 x 2) (8)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n konsep in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A tot I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Tussentydse produk | A | Uitset neem teen 'n vinniger tempo toe as die toename in insette |
| 1.3.2 | Veranderlike koste | B | Goedere wat saam gekoop word |
| 1.3.3 | Geleentheidskoste | C | Coke en Pepsi |
| 1.3.4 | Toenemende skaalvoordele | D | Koste wat toeneem met verhoogde produksie |
| 1.3.5 | Komplementêr | E | Alternatiewe opgeoffer |
| 1.3.6 | Vervangingsgoedere | F | Meel deur 'n bakkery gekoop vir die bak van brood |

(6 x 1)(6)
[30]


## AFDELING B

Beantwoord enige twee vrae.

### VRAAG 2

2.1 Noem vier oorsake van onvolmaakte markte. (8)

2.2 Gebruik die onderstaande diagram om die verskil te verduidelik tussen 'n elastiese en onelastiese vraag na 'n produk. (16)




2.3 Verduidelik die verskil tussen 'n mindere produk en 'n luukse-produk. (8)

2.4 Teken 'n aanbodkurwe en skryf kort aantekeninge om te verduidelik wat sal met die aanbod van tamaties gebeur indien die prys daal. (8)

[40]

### VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in jou antwoordboek.

3.1.1 'n Volmaakte mededinger is 'n prys- (ontvanger/bepaler).

3.1.2 Totale koste is gelyk aan vaste koste plus (gemiddelde/veranderlike) koste.

3.1.3 Verbruikers is in (oppermag/ekwilibrium) wanneer die grensnut van produkte wat deur die verbruiker gekoop word, gelyk is.

3.1.4 Namate mense se salaris verhoog, verminder hul vraag na (mindere/gewone) goedere.

(4 x 2) (8)

3.2 Lys enige VIER kenmerke van 'n volmaakte mark. (4 x 2) (8)

3.3 Voltooi die oop ruimtes in die volgende tabel: (8)

| Sjokoladestafies geëet | Grensnut | Totale nut |
|---|---|---|
| 1 | | 30 |
| 2 | 40 | |
| 3 | | 85 |
| 4 | | 90 |

3.4 Wat word bedoel met die term totale nut en hoe word grensnut bereken? (8)

[40]


**VRAAG 4**

Datarespons. Bestudeer die volgende inkomstetabel van Fruity Fruits (Edms) Bpk en beantwoord die daaropvolgende vrae:

| Hoeveelheid blikkiesvrugtes in 1000e | Arbeidseenhede | Vaste koste (R) | Veranderlike koste (R) | Totale koste |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 0 | 50 000 | 0 | 50 000 |
| 1 | 5 | 50 000 | 5 000 | 55 000 |
| 2 | 10 | 50 000 | 10 000 | 60 000 |
| 3 | 15 | 50 000 | 15 000 | 65 000 |
| 4 | 20 | 50 000 | 20 000 | 70 000 |
| 5 | 25 | 50 000 | 25 000 | 75 000 |
| 6 | 30 | 50 000 | 30 000 | 80 000 |

4.1 Noem drie vaste kostes. (3 x 2) (6)

4.2 Noem voorbeelde van drie veranderlike kostes. (3 x 2) (6)




4.3 Wat is ingesluit in die ATC-kurwe? (3)

4.4 Watter koste word verteenwoordig deur die gaping tussen AVC en ATC? (3)

4.5 Onderskei tussen die korttermynkostes en die langtermynkostes, sonder om 'n grafiek te teken. (16)

4.6 Verduidelik die verskil tussen normale wins en ekonomiese wins. (6)


[40]

## VRAAG C BEANTWOORD EEN VRAAG

Beantwoor een vraag.

### VRAAG 5

Besstudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae.




Wat verteenwoordig hierdie diagram? (4)

Verduidelik die verhouding tussen die wins van 'n besigheid, en sy kostes en inkomstes. (36)

[40]

### VRAAG 6

> "Die bekendstelling van die nuwe ipad (ipad 3) het 'n groot belangstelling in al ons produkte gaande gemaak. Die vraag na verwante produkte, soos die iphone het toegeneem en verkope van ipad-omslae het ook toegeneem," het 'n woordvoerder van Apple gesê.

Verduidelik watter faktore 'n rol speel in die pryselastisiteit van vraag na Apple-produkte. (10)

Hoe beïnvloed die kruiselastisiteit van vraag die verkope van items soos die omslae vir ipad-tablette? (30)

[40]

**TOTALE PUNTE: 150**

# JAAREINDEKSAMEN 1

## Makro-ekonomie en ekonomiese aktiwiteite

### INSTRUKSIES EN INLIGTING

**TYD 1½ UUR** **PUNTE: 150**

Beantwoord VIER vrae in jou antwoordboek.
Maak seker dat jou naam en van op al jou antwoordblaaie is.
Skryf die vraagnommer bokant elke antwoord.
Nommer die antwoorde korrek, ooreenkomstig die numeringstelsel in hierdie vraestel.
Lees die vrae aandagtig en begin elke antwoord op ’n NUWE bladsy.
Laat 2–3 reëls oop tussen die onderafdelings van elke vraag.
Skryf netjies en leesbaar.
Die gebruik van nie-programmeerbare sakrekenaars is toelaatbaar.

## AFDELING A VERPLIGTEND

### VRAAG 1

1.1

1.1.1 Suid-Afrika word in die algemeen beskou as 'n ... land.
- A) ontwikkelende
- B) ontwikkelde
- C) hoogs ontwikkelde

1.1.2 Die ... verdeling toon die verskil tussen ryk en arm lande.
- A) oos–wes
- B) noord–oos
- C) noord–suid

1.1.3 Steenkool en olie is voorbeelde van ... hulpbronne.
- A) herwinbare
- B) nie-herwinbare
- C) vaste

1.1.4 Globalisering het die volgende veroorsaak ...
- A) 'n vermindering van armoede
- B) 'n toename in wêreldhandelvlakke
- C) 'n vermindering van omgewingsprobleme.

1.1.5 Een metode van die herverspreiding van welvaart deur fiskale beleid is deur ...
- A) monetêre beleid
- B) prysvasstelling
- C) belastingheffing.

1.1.6 Watter EEN van die volgende word NIE gebruik om inkomste-ongelykheid te meet nie?
- A) Lorenz-kurwe
- B) Gini-koëffisiënt
- C) elastisiteitskoëffisiënt

1.1.7 Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) onderskei tussen DRIE groepe lande in die meting van ontwikkeling. Watter een is nie in ooreenstemming met die kriteria van die IMF nie?
- A) eerstewêreldlande
- B) ontwikkelende lande
- C) oorgangsekonomieë

1.1.8 Vryhandel vind plaas wanneer ...
- A) goedere vrylik tussen lande beweeg
- B) staatsinmenging plaaslike produsente beskerm sodat hul ondernemings kan groei
- C) arbeid toegelaat word om ingevolge 'n kwotastelsel te beweeg. (16)

1.2 Kies uit die konsepte in die raampie een wat pas by elk van die beskrywings by 1.2.1 tot 1.2.8. Skryf net die regte woord teenoor die vraagnommer op jou antwoordstel neer.

| | | |
|---|---|---|
| biodiversiteit | ekostelsel | stedelike uitspreiding |
| alternatiewe brandstowwe | Noord–Suid-verdeling | hongerwerkplaas |
| multinasionale maatskappy | vryhandel | kweekhuisgasse |
| Kyoto-verdrag | Wêreldhandelsorganisasie | armoedeput |
| gesentraliseerd | monopolie | geldmark |
| repokoers | rentekoers | oligopolie |
| relatiewe armoede | gemengde | |

1.2.1 Die verskeidenheid van lewensvorme binne ’n ekostelsel.
1.2.2 ’n Internasionale ooreenkoms ter beperking van kweekhuisgasse.
1.2.3 Die onderverdeling van die wêreld in die mees ontwikkelde en die minder ontwikkelde lande.
1.2.4 Organisasie wat vryhandel bevorder.
1.2.5 Wanneer mense arm is, vergeleke met ander mense in die samelewing.
1.2.6 ’n Mark wat saamgestel is uit slegs ’n klein aantal oorheersende produsente.
1.2.7 Die koers waarteen die Reserwebank bereid is om krediet aan banke te verleen.
1.2.8 Die ekonomiese stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (8)

1.3 Kies die korrekte antwoord uit die opsies tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord op jou antwoordblad neer.
1.3.1 (Globalisering/Vryhandel) vind plaas wanneer twee lande ooreenkom om sonder beperkinge met mekaar handel te dryf.
1.3.2 Indien ’n land ’n netto uitvoerder is, sal sy geldeenheid geneig wees om te (styg/daal) in waarde.
1.3.3 Globalisering het ’n (toename/afname) in die vervaardigingsektor veroorsaak.
1.3.4 Geld wat geïnvesteer word aan produksiemasjinerie en geboue wat bestem is om in die produksieproses gebruik te word, is bekend as (besparings/kapitaal).
1.3.5 Die (Kyoto-/Millennium-) verdrag is ’n ooreenkoms ter vermindering van kweekhuisgasse.
1.3.6 Brandstowwe wat verkry word van herwinbare planthulpbronne, staan bekend as (biobrandstowwe/fossielbrandstowwe). (6)


[30]

## AFDELING B

Beantwoord enige twee vrae.

### VRAAG 2

2.1 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.




| | | |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Verduidelik waarvoor die Lorenz-kurwe gebruik word en wat dit vir ons aantoon. | (8) |
| 2.1.2 | Verduidelik wat die kurwe aan die regterkant vir ons aantoon. | (4) |
| 2.1.3 | Verduidelik wat die Gini-koëffisiënt is. | (8) |
| 2.1.4 | Watter deel van die bostaande grafiek hou verband met die Gini-koëffisiënt? | (4) |
| 2.1.5 | Noem maniere waarop ons welvaart in Suid-Afrika kan herverdeel. | (12) |
| 2.1.6 | Word ’n lae Gini-koëffisiënt geassosieer met ’n ryk land? | (4) |
| | | [40] |

**VRAAG 3 EKONOMIESE AKTIWITEITE**

Datarespons.

| |
|---|
| Altesame 38 bekende soogdierspesies het tot op hede uitgesterf. Sommige bedreigde spesies word egter in gevangenskap gehou terwyl wetenskaplikes probeer om hul van uitsterwing te red.<br>Die feit is dat, namate aardverwarming 'n reuse-vraagstuk word, die oorblywende 28 270 soogdiere bedreig word weens die skade wat aan die planeet aangerig is.<br>Altesame 6 524 werweldierspesies is in 2006 as bedreig geklassifiseer, en in dieselfde jaar is 2 101 ongewerwelde dierespesies beskou as spesies wat bedreig staan te word. Altesame 253 visspesies en 442 amfibieë-spesies is in 2006 as kritiek bedreig gelys.<br>Altesame 81 dierespesies word tans beskou as uitgestorwe, kritiek bedreig, bedreig of kwesbaar . |

3.1 Skryf kort aantekeninge oor die belangrikheid van die bostaande feite aangaande spesies wat deur uitsterwing bedreig word. (10)

3.2 Verduidelik die betekenis van die woord "omgewing". (2)

3.3 Bespreek die probleem van gronddegradering. (6)

3.4 Noem EEN soort besoedeling. (2)

3.5 Verduidelik enige DRIE negatiewe gevolge van globalisering. (3 x 2) (6)

3.6 Verduidelik enige TWEE aspekte van omgewingsagteruitgang. (4)

[40]

**VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE**

| |
|---|
| **Die hawe van Ngqura** (ook bekend as die Coega-hawe), wat in Oktober 2009 begin het met kommersiële verskepingsaktiwiteite (skeepvraghouers), is sowat 20 km noordoos van Port Elizabeth geleë en is Suid-Afrika se agtste en jongste kommersiële haweontwikkeling. Ngqura is geleë aan die mond van die Coegarivier in Nelson Mandelabaai (Algoabaai). Die Transnet- Nasionale Haweowerheid van Suid-Afrika is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die vaargeulhawe, terwyl Transnet-Haweterminale aangestel is om al die eindaktiwiteite te beheer. Die vaargeulhawe by Coega is geposisioneer as 'n belangrike skeepshouerterminaal in die sub-Saharastreek van Afrika. |

4.1 Bespreek twee ekonomiese voordele van die nuwe hawe. (4)

4.2 Hoe, dink jy, het die hawe die tersiêre sektor van die ekonomie beïnvloed. (4)

4.3 Noem 'n aspek van infrastruktuur-ontwikkeling wat baat gevind het by die hawe. (2)

4.4 Kies die korrekte opsie uit dié tussen hakies:

4.4.1 HOP was bedoel as 'n strategie vir (fiskale/sosio-ekonomiese) transformasie. (2)

4.4.2 Die hoofoogmerk van GEAR is om (plaaslike/globale) ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. (2)

4.4.3 Liberale handel is ná die Tweede Wêreldoorlog begin met die totstandbrenging van die (IMF/GATT). (2)

4.5 Bespreek enige vier algemene kenmerke van ontwikkelende lande. (4 x 4) (16)

4.6 Hoe kan verhoogde toerisme Suid-Afrika bevoordeel? Noem drie maniere. (6)

4.7 Verduidelik hoekom die verbetering van die gehalte van produksiefaktore ekonomiese groei sal bevorder. (8)

[40]

## AFDELING C

Beantwoord slegs een van die volgende vrae.

**VRAAG 5 EKONOMIESE AKTIWITEITE**

5.1 Verduidelik die betekenis van "absolute voordeel" in handel. (10)

5.2 Met verwysing na lande A en B hieronder, bespreek die moontlikheid van handel. (10)

| | Land A | Land B |
|---|---|---|
| Masjinerie | 200 | 70 |
| Klerasie | 300 | 30 |

5.3 Globalisering het gelei tot die wydverspreide vestiging van talle handelsmerke. Bespreek die positiewe en negatiewe gevolge van globalisering. (20)

[40]

**VRAAG 6 EKONOMIESE AKTIWITEITE**


Net soos alle ontwikkelende lande, moet Suid-Afrika die uitdaging aanvaar van hoe om ekonomiese groei te bewerkstellig, terwyl die omgewing teen agteruitgang beskerm word.

Bespreek die belangrikste omgewingskwessies wat gehanteer moet word. (20)

Watter stappe kan Suid-Afrika doen om die omgewing te beskerm? (20)

[40]

**VRAAG 7**




Die bostaande kaart toon die geografiese verspreiding van verskeie belangrike minerale in Suid-Afrika.

7.1 Bespreek kortliks die belangrikheid van die primêre sektor van die ekonomie. (20)

7.2 Noem, naas die primêre sektor, die ander twee sektore van die ekonomie. (4)

7.3 Noem voorbeelde van drie dienste. (6)

7.4 Verduidelik hoe sommige Suid-Afrikaners tydens die vorige regeringsbewind benadeel is in die primêre sektor. (10)

[40]

**TOTALE PUNTE: 150**

# JAAREINDEKSAMEN 2

## Mikro-ekonomie en huidige ekonomiese kwessies

### INSTRUKSIES EN INLIGTING

**TYD 1½ UUR** **PUNTE: 150**

Beantwoord VIER vrae in jou antwoordboek.
Maak seker dat jou naam en van op al jou antwoordblaaie is.
Skryf die vraagnommer bokant elke antwoord.
Nommer die antwoorde korrek, ooreenkomstig die numeringstelsel in hierdie vraestel.
Lees die vrae aandagtig en begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.
Laat 2–3 reëls oop tussen die onderafdelings van elke vraag.
Skryf netjies en leesbaar.
Die gebruik van nie-programmeerbare sakrekenaars is toelaatbaar.

## AFDELING A VERPLIGTEND

### VRAAG 1

1.1

1.1.1 Die berekening vir totale inkomste (TR) is ...
- A) TR = prys – hoeveelheid verkoop
- B) TR = prys + hoeveelheid verkoop
- C) TR = prys x hoeveelheid verkoop

1.1.2 Watter een van die volgende is nie 'n konsep wat met nut geassosieer word nie?
- A) totale nut
- B) inkomstenut
- C) grensnut

1.1.3 Watter een van die volgende is nie 'n faktor wat die pryselastisiteit van vraag beïnvloed nie?
- A) vervangingsprodukte
- B) duursaamheid
- C) staatsinmenging deur die Reserwebank

1.1.4 Pryselastisiteit van vraag word gemeet in ...
- A) persentasies
- B) woorde
- C) diagramme.

1.1.5 Die volgende is 'n faktor wat die pryselastisiteit van aanbod beïnvloed:
- A) wisselkoers
- B) wetgewing van die regering
- C) spaarkapasiteit.

1.1.6 Welwaart word geskep deur ...
- A) besteding
- B) besparing
- C) belasting.

1.1.7 Produksiefaktore sluit in ...
- A) grond
- B) rente
- C) huurgeld.

1.1.8 Die verhouding tussen die koste van 'n inset en 'n uitset oor lang termyn staan bekend as die:
- A) totale veranderlike koste
- B) skaalbesparing
- C) skaalvoordeel. (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n konsep in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A tot H) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDBOEK.

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Eksplisiete kostes | A | Sluit nie geld in nie |
| 1.2.2 | Nie-duursame goedere | B | 'n Produk wat saam met 'n ander produk verbruik word |
| 1.2.3 | Korttermyn | C | Die addisionele kostes verbonde aan die produksie van een aanvullende eenheid van 'n produk |
| 1.2.4 | Marginale koste | D | Die tydraamwerk waarin minstens een inset van die produksieproses vas is |
| 1.2.5 | Komplementêre produk | E | Lug |
| 1.2.6 | Vry produk | F | Goedere wat gekoop word om in die produksieproses gebruik te word |
| 1.2.7 | Vastekapitaalvorming | G | Besigheidsuitgawes wat bereken kan word |
| 1.2.8 | Welvaart | H | Goedere wat slegs een keer gebruik kan word |

(8)

1.3 Kies die regte woord uit dié tussen hakies.

1.3.1 Geld wat belê is in die produksie van masjinerie en geboue wat bestem is om in die produksieproses gebruik te word, staan bekend as (besparings/kapitaal).

1.3.2 Die meeste van huishoudings se inkomste word bestee aan (duursame/nie-duursame) goedere.

1.3.3 'n Volmaakte mededinger is 'n prys- (ontvanger/soeker).

1.3.4 Totale koste is gelyk aan vaste koste plus (gemiddelde/veranderlike) koste.

1.3.5 Indien twee produkte gesamentlik verskaf word en die prys van een produk styg, sal die aanbod van die ander (daal/styg).


1.3.6 'n Mark wat bestaan uit slegs 'n klein aantal dominante produsente, is 'n (oligopolie/monopolie). (6)

[40]

## AFDELING B

Beantwoord enige twee vrae.

### VRAAG 2




2.1 Die diagram hierbo vertoon die aanbodkurwe, S, vir 'n onderneming. Verduidelik drie faktore wat die aanbodkurwe sal laat skuif na S2 of S1. (10)

2.2.1 Teken, in jou antwoordboek, 'n diagram met 'n vraagkurwe wat die drie aanbodkurwes sny by die gegewe hoeveelhede. (4)

2.2.2 Die prys bly konstant. Wat sê dit vir jou oor die elastisiteit van vraag? (6)

2.3 Indien botter en margarien vervangingsgoedere is, wat sal met die vraag na botter gebeur indien die prys van margarien styg, en hoekom? (4)

2.4 Skryf 'n kort verduideliking van die verskillende soorte inkomste-elastisiteit, en gee voorbeelde. (16)

[40]

### VRAAG 3

3.1 Gee die korrekte antwoord vir die volgende:

3.1.1 Die prys waarteen daar nie 'n oorskot of tekort is nie, staan bekend as die …

A) aansuiweringsprys
B) gelykheidsprys
C) billike prys
D) markopruimingsprys.

3.1.2 Veronderstel die prys van varkvleis het gedaal. Wat sal die uitwerking hiervan wees op die mark vir beesvleis?

A) Die vraag en die aanbod sal daal.
B) Dit sal die vraag en die hoeveelheid wat aangebied word, laat daal.
C) Dit sal die hoeveelheid in aanvraag laat daal en die voorraad ook laat daal.
D) Dit sal die hoeveelheid in aanvraag laat toeneem en die hoeveelheid aangebied laat daal.

3.1.3 Watter van die volgende sal die vraagkurwe vir varkvleis na regs laat skuif?

A) 'n daling in die koste van koring wat as varkvoer gebruik word
B) 'n daling in die prys van varkvleis
C) 'n styging in die prys van beesvleis
D) al die bogenoemde

3.1.4 Indien sowel die vraagkurwe en die aanbodkurwe na links beweeg, kan ons voorspel dat die ...
- A) prys sal daal, maar ons kan nie die hoeveelheid voorspel nie
- B) prys sal styg, maar ons kan nie die hoeveelheid voorspel nie
- C) hoeveelheid sal styg, maar ons kan nie die prys voorspel nie
- D) hoeveelheid sal daal, maar ons kan nie die prys voorspel nie. (8)

3.2 Bespreek die vier kenmerke van arbeid. (8)

3.3 Indien brood en botter komplementêre produkte is, wat sal met die vraag na botter gebeur indien die prys van brood styg? (2)

3.4 Verduidelik wat bedoel word met die term "welvaart". (6)

3.5 Definieer en verduidelik die verhouding tussen die twee soorte markte in die sirkulêre vloei van die ekonomie. (8)

3.6 Noem vier voorvereistes vir 'n volmaakte mark. (8)

[40]

**VRAAG 4**

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| Eenhede van uitset | Prys | AR | TR | MR |
|---:|---:|---:|---:|---:|
| 0 | - | - | 0 | - |
| 10 | 10 | 10 | 100 | 10 |
| 20 | 9 | 9 | | 8 |
| 30 | 8 | 8 | 240 | 6 |
| 40 | 7 | 7 | | |
| 50 | 6 | 6 | 300 | 2 |
| 60 | 5 | 5 | 300 | 0 |

4.1 Wat is die totale inkomste teen 'n uitset van 20 en 40 eenhede? (4)

4.2 Wat is die marginale inkomste teen 'n uitset van 40 eenhede? (2)

4.3 Wat gebeur met die marginale inkomste namate verkope toeneem? (2)

4.4 Voltooi die volgende sin en skryf die volle sin in jou antwoordboek oor. Winste is ... teen die uitsetvlak waar MC = ... is. (4)

4.5. 4 Sakeondernemings moet hul produksie beplan om goedere te kan verskaf. Teken 'n langtermyn-produksiediagram wat verduidelik hoe 'n vervaardiger se gemiddelde kostekurwe gekonstrueer sou word. (8)

4.6 Verduidelik die verskil tussen konstante, toenemende en afnemende skaalvoordele. (12)

4.7 Noem vier vereistes waaraan 'n onvolmaakte mark voldoen. (8)

[40]

## AFDELING C

Beantwoord enige enkele vraag.

**VRAAG 5**

Walmart, die grootste groothandelaar ter wêreld, is daarvan verdink dat hy sy markkrag oor insetverskaffers – handelsverskaffers sowel as werkers – laat geld. Daar is aangevoer dat Walmart in die VSA in sekere marksegmente as 'n monopolie optree, aangesien sy koopkrag vir 'n gegewe item die oorblywende mark kan verdwerg.

Skryf 'n verduidelikende verslag oor hoe Walmart in 'n onvolmaakte mark sou kon optree. Verduidelik ook hoe koopkrag oor verskaffers deur 'n reuse-groothandelaar soos Walmart verkry kan word. [40]

**VRAAG 6**

Risikokapitaal

*Talle nuwe sakeondernemings misluk, nie weens 'n gebrek aan werk of geleenthede nie, maar omdat hulle nie in staat is om die finansiering te bekom om hulle van die grond te kry nie.*

Verduidelik die betekenis van die term "kapitaal", hoekom risikokapitaal nodig is, en hoekom 'n gebrek aan kapitaal ekonomiese groei belemmer. [40]

**VRAAG 7**

*Wins hou verband met die koste wat 'n besigheid opgeloop het, en die inkomstes wat die besigheid verdien.*

Bespreek die bostaande stelling. [40]

**TOTAAL PUNTE: 150**

## HALFJAAREKSAMEN 1 MAKRO-EKONOMIE

## Memorandum

### AFDELING A

**VRAAG 1**

1.1

1.1.1 B
1.1.2 A
1.1.3 A
1.1.4 C
1.1.5 A
1.1.6 C
1.1.7 B
1.1.8 B (8 x 2) (16)

1.2

1.2.1 Fiskale beleid
1.2.2 Mikro-ekonomie
1.2.3 Globalisasie
1.2.4 Sirkulêre vloei
1.2.5 Bevel
1.2.6 Lug
1.2.7 Herwinbare grondstof
1.2.8 Restaurante en winkels (8 x 1) (8)

1.3

1.3.1 G
1.3.2 D
1.3.3 B
1.3.4 C
1.3.5 A
1.3.6 F (6 x 1) (6)

[30]

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1.1 Die gaping het groter geword. √√ (2)

2.1.2 gebrek aan onderwys,√√ opleiding √√ en werkgeleenthede √√ (4)

2.1.3 Gini-koëffisiënt of Lorenz-kurwe √√ (2)

2.2 Maatskaplike toelaes, √√ gratis voordele, √√ werkskeppingsprogramme, √√ minimum lone, √√ uitskakeling van dikriminasie, √√ herverdeling van grond, √√ belastingstelsel √√ (5 x 2) (10)

2.3 geluk, √√ besparings, √√ erfenisse, √√ winste uit bedryf van 'n sakeonderneming √√ (2 x 1) (2)

2.4 kapitaalinvestering – vir nuwe fabrieke, besighede, myne en infrastruktuur √√√√
verbeterde arbeidsproduktiwiteit vanweë beter onderwys, opleiding en bestuur √√√√
grondstowwe – ontdekking van nuwe neerslae en beter benutting van bestaande neerslae √√√√
tegnologiese verbeteringe ter verhoging van produktiwiteit van kapitaal en arbeid √√√√ (16)

2.5 Welvaart is al die produksiefaktore wat deur mense en lande besit word. Dit is nie geld nie. √√√√ (4)

[40]

### VRAAG 3

3.1 Die grootte van die primêre sektor het afgeneem van 49% tot 13 % van die BBP. (2)

3.2 Die sekondêre sektor het in die tydperk van 1914 tot 1960 voortdurend verbeter, en wel vanaf 6% tot 26%. √√ Sedertdien was daar 'n effense afname vanaf 26% tot 21%. √√ Die groot toename is toe te skryf aan die aksies van die regering om meer sekondêre nywerhede in Suid-Afrika te skep √√ en die afhanklikheid van ingevoerde goedere te verminder. √√ Hierdie toename in ekonomiese groei is geëwenaar deur 'n soortgelyke toename in die grootte van die tersiêre sektor, √√ wat daarop dui dat ons ekonomie aan die ontwikkel is. √√ (5 x 2) (10)

3.3 Formele markte bestaan; √√ daar is 'n ontwikkelde finansiële mark; √√ mense gebruik meer gesofistikeerde kommunikasiemiddele; √√ meer mense vra na professionele dienste soos vervoer en haarkappers. √√ (3 x 2) (6)

3.4 tersiêre sektor (2)

3.5 grond, √√ arbeid, √√ kapitaal, √√ entrepreneurskap √√ (4 x 2) (8)

3.6 bruto binnelandse produk (BBP) of bruto binnelandse besteding (BBB) (2)

3.7 BBP (E) = C + G + I + X – M.
Bruto binnelandse produk of besteding √√ = huishoudelike verbruik √√ tesame met staatsverbruiksbesteding √√ plus investering (brutokapitaalvorming) √√ plus uitvoere √√ MINUS invoere √√ (5 x 2) (10)


[40]

### VRAAG 4

4.1 Belonings vir produksiefaktore kan insluit lone vir arbeid √√ of rente op kapitaal of grond. √√ (2 x 2) (4)

4.2 Invoere word beskou as ekomiese lekkasies √√ omdat geld uit die land geneem word as betaling vir buitelande goedere en dienste. √√ Uitvoere is 'n inspuiting vir die ekonomie √√ omdat geld die land as buitelandse valuta binnekom vanaf lande wat ons goedere en dienste gekoop het. √√ (4 x 2) (8)

4.3 6 punte vir skematiese voorstelling √√√√√√




Produksiefaktore koop goedere en dienste (besteding), √√ maar verskaf ook produksiefaktore waarvoor inkomste verdien word. √√ Besighede produseer goedere en dienste waaruit hulle inkomste verdien √√ maar bestee tegelyk geld aan produksiefaktore sodat hulle hierdie goedere en dienste kan produseer. √√ Dit veroorsaak 'n sirkulêre vloei van goedere, dienste en geld. √√ (5 x 2) (10)

(16)

4.4 'n Tussentydse produk is steeds in die produksiefase √√ of bestem om verder in die produksieproses gebruik te word. √√ Dit is nog nie geskik vir die eindverbruiker nie. √√ 'n Eindproduk is regdeur die produksieproses, √√ gereed om deur die eindverbruiker gekoop te word, √√ en gaan nie weer verkoop word nie. √√ (4 x 2) (8)

4.5 lug, sonskyn, water in die see √√√√ (2 x 2) (4)

[40]

## AFDELING C

### VRAAG 5

Welvaartskepping

1 Definisie: welvaart is die grond, arbeid en kapitaal wat besit word deur mense en lande, en wat mense in staat stel om 'n inkomste te verdien. ✓✓ Dit is nie geld nie. ✓✓Die hoofbronne van welvaart is spaar, erfenisse, geluk en winste uit die bedryf van 'n besigheid. ✓✓ (2)

2 Metodes om welvaart te skep: welvaart word geskep deur besparing. ✓✓Selfs indien welvaart van 'n vorige generasie geërf is, moet die geld gespaar word om 'n inkomste te genereer. ✓✓ Inkomste (Y) = Verbruiksbesteding (C) + spaar (S). ✓✓ Die hoofmetodes vir welvaartskepping deur 'n land is verbeterde infrastruktuur, investering soos die verbetering van arbeidsvaardighede, die verbetering van die gehalte van hulpbronne, en die gebruik van meer kapitaalgoedere. ✓✓✓✓✓✓ (10)

3 Herverdeling: welvaart is nie gelyk verdeel onder die bevolking van 'n land nie. ✓✓ Dit is veral waar van Suid-Afrika. ✓✓ Die verspreiding van inkomste kan aangetoon word deur die gebruik van 'n Lorenz-kurwe ✓✓of die Gini-koëffisiënt. ✓✓Die regering gebruik verskeie metodes vir die herverdeling van inkomste en die verbetering van die lewensomstandighede van baie arm mense. Dit help om 'n regverdiger en meer stabiele samelewing te skep. ✓✓Metodes vir die herverdeling van welvaart sluit in belastingheffing, ✓✓maatskaplike toelaes, ✓✓ gratis voordele, ✓✓ werkskeppingsprogramme, ✓✓vasstelling van minimumlone, ✓✓ beleidsmaatreëls ter uitskakeling van die gevolge van diskriminasie, ✓✓ beleidsmaatreëls vir die hertoedeling van grond. ✓✓ (18)

Formaat – 5 punte

Liggaam – 30 punte

Vertolking van vraag – 5 punte

[40]

### VRAAG 6. OPSTELTIPE VRAAG

Definisie: die tersiêre sektor behels al die markte en omstandighede waarin die verkopers en kopers van eindgoedere en -dienste bymekaarkom. Dit staan ook bekend as die dienstesektor. √√ (2) Voorbeelde van nywerhede in die tersiêre sektor is: finansiering, bankwese, vervoer, staatsdienste, akkommodasie, groothandel- en persoonlike dienste. √√√√ (4)

BBP: die tersiêre sektor is die oorheersende sektor in meer ontwikkelde lande. √√ Tans lewer die tersiêre sektor die grootste bydrae tot Suid-Afrika se BBP, √√ wat daarop dui dat ons ekonomie al meer ontwikkeld raak. √√

Indiensneming en opleiding: √√ die tersiêre sektor is die grootste werkverskaffer in ons ekonomie en bied geleenthede aan sowel geskoolde √√ as ongeskoolde werkers. √√ Dit verskaf ook geleenthede vir opleiding. √√

Markte vir goedere en dienste, √√ wat formele markte is soos winkels √√ en ondernemings wat volgens regsvoorskrifte bedryf moet word. √√ Die tersiêre sektor verskaf markte vir goedere en dienste in die binneland sowel as die buiteland √√ en talle goedere en dienste word ingevoer of uitgevoer. √√ Die tersiêre sektor verskaf kommunikasiestelsels wat nodig is vir doeltreffende bedryf van besighede, √√ asook 'n formele finansiële bedryfsektor. √√

Ekonomiese groei word bewerkstellig √√ en bedrywe soos toerisme lok buitelandse toeriste na Suid-Afrika, wat buitelandse valuta na die land bring. √√

Die tersiêre sektor is ook belangrik in Suid-Afrika omdat dit geleenthede bied vir regstellende aksie √√ en Swart Ekonomiese Bemagtiging. √√ (Enige 12 x 2) (24)

Formaat – 5 punte

Liggaam – 30 punte

Vertolking van vrae – 5 punte

[40]

## HALFJAAREKSAMEN 2 MIKRO-EKONOMIE

## Memorandum

### AFDELING A

**VRAAG 1**

1.1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | A | |
| 1.1.2 | B | |
| 1.1.3 | A | |
| 1.1.4 | A | |
| 1.1.5 | B | |
| 1.1.6 | C | |
| 1.1.7 | C | |
| 1.1.8 | A | (8 x 2) (16) |

1.2

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | Mikro-ekonomie | |
| 1.2.2 | Nut | |
| 1.2.3 | Totale inkomste | |
| 1.2.4 | Komplementêre (Aanvullende) | (8 x 2) (8) |

1.3

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | F | |
| 1.3.2 | D | |
| 1.3.3 | E | |
| 1.3.4 | A | |
| 1.3.5 | B | |
| 1.3.6 | C | (6 x 1) (6) |
| | | [30] |


## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Produkte is nie homogeen nie; √√ daar is dikwels prysvasstellers; √√ vervaardigers span saam; √√ onvolledige markkennis; √√ hindernisse vir toetrede; √√ die staat meng in. √√ (4 x 2) (8)

2.1 vervangingsprodukte, √√ duursaamheid, √√ tydraamwerk, √√ inkomste, √√ handelsmerklojaliteit, √√ gewoontevormende goedere, √√ luukse-goedere of noodsaaklikhede √√√√ (8 x 2) (16)

2.3 ’n Mindere produk is een waarvan mense minder koop indien hul inkomste verhoog, soos brood en mieliemeel, omdat hulle dit kan bekostig om vleis te koop. √√√√ ’n Luukse-produk is een waarvan mense meer koop namate hul inkomste styg, soos juweliersware, seiljagte en motors. √√√√ (4 x 2) (8)




2.4 Die aanbodkurwe skuif af. √√ Boere kan meer tamaties verskaf op elke prysvlak. √√ Die vraagkurwe verander nie. Meer tamaties word dus verskaf teen ’n laer prysvlak. √√ (4 x 2) (8)

[40]

### VRAAG 3

3.1.1 prysontvanger √√

3.1.2 veranderlik √√

3.1.3 ekwilibrium √√

3.1.4 mindere √√ (4 x 2) (8)

3.2 prysnemer, √√ homogene goedere, √√ vryheid van toetrede tot en uittrede uit mark, √√ kopers en verkopers het volledige kennis √√ (4 x 2) (8)

3.3

| Sjokoladestafies geëet | Grensnut | Totale nut |
|---:|---:|---:|
| 1 | 30 | 30 |
| 2 | 40 | 70 |
| 3 | 15 | 85 |
| 4 | 5 | 90 |

(8)

3.4 Totale nut is die totale bevrediging geput uit die verbruik van bykomende eenhede van ’n produk, soos roomys. √√√√ Grensnut word ervaar met die verbruik van elke addisionele eenheid totdat daar uiteindelik hoegenaamd geen bykomende bevrediging ervaar word nie. √√√√ (4 x 2) (8)

[50]

**VRAAG 4**

4.1 huur,√√ kantoorpersoneel, √√ verband- √√ en renteterugbetalings √√ (3 x 2) (6)

4.2 arbeid, √√ elektrisiteit, √√ telefoon, √√ uurliks betaalde personeel √√ (3 x 2) (6)

4.3 totale koste verdeel deur die hoeveelheid uitset vir 'n aanduiding van die totale koste per eenheid √√√ (3)

4.4 gemiddelde vaste kostes √√√ (3)

4.5 Op kort termyn is dit moeilik om produksie te verander √√√ aangesien die deurvoering van veranderinge in kapitale goedere soos masjinerie en geboue √√ tyd in beslag neem. √√√ Korttermyn is dus die tydperk waarin minstens een produksiefaktor vas is. √√√ Op lang termyn word alle produksiefaktore veranderlik √√ en hulle kan dus verander word. √√ (16)

4.6 Ekonomiese wins is die verskil tussen die inkomste ontvang uit verkope en die geleentheidskoste van die insette wat in die proses gebruik is. √√√ Normale wins is die minimum winsvlak wat 'n onderneming nodig het om mededingend te bly. √√√ (6)

[40]

## AFDELING C

### VRAAG 5

1 Wins: die hoofoogmerk van enige besigheid is om die maksimum wins te maak. ✓✓ Wins is die verskil tussen die produksiekostes en die verkoopprys. ✓✓ (4)

2 Verduideliking van vaste en veranderlike kostes: die korttermyn is die tydperk waarin minstens een produksiefaktor vas is ✓✓ en uitset slegs verander word deur minder of meer van die veranderlike faktore te gebruik. ✓✓ Veranderlike kostes is die kostes wat regstreeks saam met uitset verander, ✓✓ soos die kostes van grondstowwe, lone van deeltydse of uurliks betaalde werkers, en kostes van elektrisiteit en water. ✓✓

Gemiddelde veranderlike kostes (AVC) = $\dfrac{\text{totale veranderlike kostes (TVC)}}{\text{uitset (O)}}$

Vaste kostes is kostes wat nie verander saam met uitsette soos rente en die salarisse van heeltydse werknemers nie. ✓✓ Die gemiddelde totale koste is die koste per eenheid geproduseer. ✓✓

(Enige gepaste antwoord 4 x 2) (8)

3 Wins en verlies: dit word bereken deur die totale kostes af te trek van die totale inkomste. ✓✓ Vir 'n wins moet totale inkomste meer wees as totale kostes; so nie, word 'n verlies gely. ✓✓ Ons kan winste en verliese bereken deur marginale inkomste en marginale kostes te bereken. ✓✓ Winste is die hoogste waar MC =MR. ✓✓ (8)

4 Entrepreneurs gebruik die produksiefaktore – grond, arbeid en kapitaal – om goedere en dienste te produseer. ✓✓ Hulle moet oorweging gee aan die geleentheidskoste van die vervaardiging van een produk in plaas van 'n ander. ✓✓ Daar is drie soorte winste wat gemaak kan word: rekenkundige wins, ekonomiese wins of normale wins. ✓✓ Normale wins is die minimum wins wat nodig is vir die besigheid om mededingend te wees. ✓✓ Ekonomiese wins is meer wins as normale wins. ✓✓ Dit is die verskil tussen die inkomste ontvang uit die verkoop van 'n uitset en die geleentheidskoste van die gebruik van die produksiefaktore op 'n ander manier. ✓✓ Dit wys dat die besigheid meer verdien as wat dit op enige ander manier sou kon doen, en dat produksieprosesse gebruik word op die beste moontlik manier. ✓✓✓✓ (10)

Formaat – 5 punte
Liggaam – 30 punte
Vertolking van vraag – 5 punte

[40]

### VRAAG 6

Pryselastisiteit van vraag dui aan hoe verbruikers reageer op 'n verandering in die prys van 'n produk. Ons kan die persentasie verandering met die verandering in prys meet. Dit is belangrik vir verskaffers, aangesien dit vir hulle sal aandui hoe verbruikers sal reageer. ✓✓✓✓✓✓ (6)

Faktore wat elastisiteit beïnvloed, is: vervangingsgoedere, ✓✓✓✓ die persentasie van inkomste bestee aan 'n produk, ✓✓✓✓ duursaamheid, ✓✓✓✓ tydraamwerk, ✓✓✓✓ handelsmerklojaliteit, ✓✓✓✓ gewoontevormende goedere. ✓✓✓✓ Motors is luukse- en duursame goedere, en derhalwe inkomste-elasties. Mense koop gewoonlik nie motors in 'n resessie nie. ✓✓✓✓ Meelprodukte en brood is noodsaaklikhede en inkomste-onelasties. Daarom moet mense dit koop. ✓✓✓✓ (Plus verduideliking) (24)

Formaat – 5 punte
Liggaam – 30 punte
Vertolking van vraag – 5 punte

[40]

## JAAREINDEKSAMEN 1 Memorandum

## Makro-ekonomie en ekonomiese aktiwiteite

### AFDELING A

**VRAAG 1**

1.1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | A | |
| 1.1.2 | B | |
| 1.1.3 | B | |
| 1.1.4 | B | |
| 1.1.5 | C | |
| 1.1.6 | C | |
| 1.1.7 | C | |
| 1.1.8 | A | (16) |

1.2

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | biodiversiteit | |
| 1.2.2 | Kyoto-verdrag | |
| 1.2.3 | Noord–Suid-verdeling | |
| 1.2.4 | Wêreldhandelsorganisasie (WHO) | |
| 1.2.5 | relatiewe armoede | |
| 1.2.6 | oligopolie | |
| 1.2.7 | repokoers | |
| 1.2.8 | gemengde | (8) |

1.3

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | vryhandel | |
| 1.3.2 | styg | |
| 1.3.3 | toename | |
| 1.3.4 | kapitaal | |
| 1.3.5 | Kyoto | (10) |
| 1.3.6 | biobrandstowwe | (6) |
| | | [30] |

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1.1 Die Lorenz-kurwe word gebruik om ’n aanduiding te gee van die verspreiding van inkomste √√ in ’n land √√ en die mate van ongelykheid wat bestaan. √√ Hoe verder van die sentrale mediaanlyn, des te groter is die ongelykheid. √√√√ (8)

2.1.2 hoe ongelyk die verspreiding is √√ (4)

2.1.3 Die Gini-koëffisiënt meet die ongelykheid van inkomste. √√ ’n Gini-koëffisiënt van nul dui op volmaakte gelykheid, √√ waar al die waardes dieselfde is √√ (byvoorbeeld, waar almal se inkomste presies dieselfde is). √√ (8)

2.1.4 die geboë lyn √√√√ (4)

2.1.5 belastingheffing, √√ subsidies, √√ toelaes, √√ herverdeling van grond √√ (4 x 3) (12)

2.1.6 Ja, ’n hoë koëffisiënt verteenwoordig ongelykheid. √√√√ (4)

[40]

### VRAAG 3

3.1 Altesame 38 van die wêreld se spesies het uitgesterf; √√ 81 word as bedreig beskou; √√ 28 270 dierespesies is in gevaar; √√ talle vis- en amfibiëspesies is ook in gevaar. √√ Dit beteken dat byna die helfte van alle spesies kwesbaar of onder bedreiging is. √√ (5 x 2) (10)

3.2 Die omgewing behels alle lewende en nie-lewende dinge rondom ons. √√ (2)

3.3 skade aan die omgewing, √√ soos ontbossing, √√ gronderosie, √√ gevaarlike afvalstorting, √√ swak boerderymetodes √√ (3 x 2) (6)

3.5 lug, √√ water, √√ grond, √√ see √√ (2)

3.6 verhoogde ekonomiese groei, byvoorbeeld China of Indië, √√ √√ vergroting van die gaping tussen die arm en ryk lande, weens multinasionale sakeondernemings, √√√√ verlies aan nasionale identiteit – individuele kulture word verswelg, √√√√ veranderde praktyke ten opsigte van indiensnemingsvoorwaardes – gebruik van hongerwerkplase, √√√√ verhoogde handelsvlakke – groter keusemoontlikhede, √√√√ vernietiging van die omgewing – uitbuiting van natuurlike hulpbronne √√√√ (3 x 2) (6)

3.7 klimaatverandering, √√ verlies aan biodiversiteit, √√ gronddegradering, √√ besoedeling, √√ probleme met afvalbestuur, √√ energiekrisis, √√ oorbenutting van natuurlike hulpbronne √√ (2 x 2) (4)

[40]

### VRAAG 4

4.1 verhoogde ekonomiese groei weens infrastruktuurontwikkeling, verbeterde kommunikasiestelsels, invloei van geld vanweë bouwerk en kommersiële verskepingsaktiwiteite, indiensneming vir konstruksie √√√√ (4)

4.2 bankwese, versekering, winkels en ander dienste √√√√ (4)

4.3 paaie of stadiums √√ (2)

4.4.1 sosio-ekonomies √√ (2)

4.4.2 plaaslik √√ (2)

4.4.3 GATT √√ (2)

4.5 lae lewenstandaarde, √√ lae inkomste per capita, √√ lae geletterdheidsvlakke, √√ lae lewensverwagting, √√ hoë bevolkingsaanwaskoerse, √√ afhanklikheid van primêre produkte, √√ lae produktiwiteit, hoë werkloosheid √√ (4 x 4) (16)

4.6 meer indiensneming, √√ invloei van buitelandse valuta, √√ vaardigheidsopleiding van arbeidsmag √√ (6)

4.7 bevordering van entrepreneurskap, √√ verbetering van die gehalte en hoeveelheid natuurlike hulpbronne, √√ verhoogde kapitaalinvestering, √√ beter gehalte van geskoolde arbeid √√ (8)

[40]

## AFDELING C

### VRAAG 5

’n Land het ’n absolute voordeel bo ’n ander indien dit meer van ’n sekere produk kan produseer √√ as ander lande met dieselfde hoeveelheid hulpbronne. √√ Indien twee lande albei ’n absolute voordeel in die vervaardiging van twee verskillende produkte het, √√ is spesialisasie moontlik √√ wat kan lei tot ’n verhoging in wêrelduitset. √√ (10)

Land A het ’n absolute voordeel in die produksie van albei goedere, maar ’n betreklike voordeel in die produksie van klerasie. √√ Land B produseer meer masjinerie wanneer hy al sy hulpbronne gebruik, as wat die geval sou wees indien hy klerasie sou vervaardig. √√ Daarom behoort hulle handel te dryf, en hul betreklike voordele te benut. Land A behoort klere te produseer √√ en Land B behoort masjinerie te produseer. √√ (10)

Onpeberkte globalisering kan die ontwikkeling van minder ontwikkelde lande belemmer. √√
Multinasionale sakeondernemings kan plaaslike besighede se ondergang bewerkstellig. √√
Lande raak van ander lande afhanklik vir die vervulling van hul behoeftes aan goedere en dienste. √√
Globalisering kan ook lei tot ’n vinniger verspreiding van aansteeklike siektes. √√
Globalisering begunstig hoofsaaklik ryker lande. √√
Daar is geen waarborg dat die welvaart van inkomende investering die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel nie. √√
Daar is verlies van nasionale identiteit. √√
Die verspreiding van ekonomiese probleme, omdat enige ekonomiese probleem in een van die groot ekonomieë vinnig na die res van die wêreld versprei. √√
Vernietiging van die natuurlike omgewing en probleme soos besoedeling. √√
Hulpbronne word teen ’n hoë tempo ontgin. √√
Die verspreiding van Amerikaanse en Europese kulture na ander dele van die wêreld. √√
Die gaping tussen ryk en arm het verbreed. √√
Werkloosheid kom voor in lande waar kleiner vervaardigers nie in staat was om met groter maatskappy in China en Indië mee te ding nie. √√ (10 x 2) (20)

[40]

### VRAAG 6

Metodes ter beskerming van die omgewing: deurvoer van wetgewing, √√ vermindering van voertuie se uitlaatgasse √√ deur die gebruik van nuwe tegnologie, √√ openbare mening, √√ bewustheid onder sakeondermings en huishoudings, √√ bou van energiedoeltreffende huise, √√ verwydering van petrolbymiddels. √ (Maksimum 15)

Grootste omgewingsuitdagings: klimaatverandering, √√ verlies aan biodiversiteit, √√ energiekrisis, √√ oorbenutting van natuurlike hulpbronne, √√ gronddegradering, √√ oorbevolking, √√ besoedeling, √√ afvalbestuur. √√ (Maksimum 15)

Formaat – 5 punte
Liggaam – 30 punte
Vertolking van vrae – 5 punte

[40]

**VRAAG 7**

7.1

- Dit verskaf grondstowwe vir sekondêre nywerhede.
- Dit verskaf krag.
- Dit verdien buitelandse valuta en stimuleer handel.
- Dit dra by tot BBP.
- Dit verskaf geleenthede vir indiensneming, opleiding en verhoogde vaardighede.
- Dit verskaf voedsel.
- Dit verskaf staatsinkomste. (Enige 5 x 2 feite) (20)

7.2 sekondêre en tersiêre (4)

7.3 banke, winkels, restaurante, dokters, skole (Enige drie toepaslike antwoorde) (6)

7.4 Diskriminasie in Suid-Afrika voor 1994 het beteken dat talle swartmense hul tradisionele grondgebied aan blanke boere moes afstaan en nie gemagtig was om grond te bekom buite die gebiede wat vir swartmense gereserveer is nie. Swartmense kon ook nie finansiële staatsbystand bekom soos aan blanke boere verleen is nie.

Die Program vir die Herverdeling van Grond is in 1995 begin en gemik op die verbetering van swartmense se toegang tot landbougrond. Tog was die vordering in swart eienaarskap van landbougrond maar stadig.

Myne is meesal besit deur buitelandse aandeelhouers, maar die mynbedryf het sedert 2006 'n groot aantal ooreenkomste vir Swart Ekonomiese Bemagtiging gesluit. (10)

[40]

**TOTALE PUNTE: 150**

## JAAREINDEKSAMEN 2 Memorandum

## Mikro-ekonomie en huidige ekonomiese kwessies

### AFDELING A

**VRAAG 1**

1.1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | b | |
| 1.1.2 | b | |
| 1.1.3 | c | |
| 1.1.4 | a | |
| 1.1.5 | c | |
| 1.1.6 | b | |
| 1.1.7 | a | |
| 1.1.8 | c | (16) |

1.2

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | G | |
| 1.2.2 | H | |
| 1.2.3 | D | |
| 1.2.4 | C | |
| 1.2.5 | B | |
| 1.2.6 | E | |
| 1.2.7 | F | |
| 1.2.8 | A | (8) |

1.3

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | kapitaal | |
| 1.3.2 | nie-duursaam | |
| 1.3.3 | prysontvanger | |
| 1.3.4 | veranderlik | |
| 1.3.5 | daal | |
| 1.3.6 | oligopolie | (6) |
| | | [40] |

## AFDELING B


### VRAAG 2

2.1 veranderinge in die prys van insette, tegnologiese veranderinge, veranderinge in verbruikersmake, beskikbaarheid van insette, veranderinge in komplimentêre of vervangingsgoedere √√√√√√ (3 x 2) (6)

Positiewe verandering sal die aanbodkurwe na links skuif, die besigheid kan meer op elke prysvlak verskaf. Negatiewe veranderinge sal die aanbodkurwe afwaarts na regs skuif, die besigheid sal minder verskaf op elke prysvlak. √√√√ (4)

(10)

2.2.1




(4)

2.2.2 Verbruikers is slegs bereid om teen die heersende prys te koop; daarom is die vraag onelasties. √√√√√√ (6)

2.3 Mense sal eerder margarien koop; √√ die vraag na margarien sal dus toeneem. √√ (4)

2.4 Normale goedere het 'n positiewe inkomste-elastisiteit van vraag. Namate die inkomste van verbruikers styg, styg die vraag op elke prysvlak. Namate die inkomste van verbruikers daal, daal die vraag op elke prysvlak. Vrugte en klerasie is voorbeelde. √√√√

Lewensnoodsaaklikhede is inkomste-onelasties omdat hulle noodsaaklik is. Die verandering in inkomste is groter as die verandering in vraag. Voorbeelde is basiese noodsaaklikhede soos brood, melk, bus- en taxigeld. √√√√

Luukse-goedere is inkomste-elasties. Die verandering in inkomste is minder as die verandering in die hoeveelheid in aanvraag. Voorbeelde is duur motors, juweliersware en vakansies. √√√√

Mindere goedere is goedere wat 'n negatiewe inkomste-elastisiteit van vraag het: namate die inkomste van verbruikers styg, word die vraag op elke prysvlak al minder. Voorbeelde is staatsbehuising en supermarkgoedere wat nie handelsname het nie. √√√√ (16)

[40]

**VRAAG 3**

3.1.1 D
3.1.2 C
3.1.3 D
3.1.4 D

3.2 Eienaarskap kan nie geskei word van die persoon wat die diens verkoop nie. √√ Normaalweg moet arbeiders fisiek teenwoordig wees wanneer hul dienste gebruik word. √√ Arbeid kan nie geberg of opgegaar word vir toekomstige gebruik nie. √√ Die geografiese en beroepsbeweeglikheid van arbeid is relatief beperk.√√ Arbeid is heterogeen. √√ Die gebruik van arbeid deur 'n onderneming is deel van 'n bedingingsproses tussen die onderneming en die werker. √√ Dit is nie moontlik om die aanbod van arbeid op kort kennisgewing te verhoog nie. √√ (4 x 2) (8)

3.3 Die vraag na botter sal afneem. √√ (2)

3.4 Welvaart is al die produksiefaktore wat deur mense en lande besit word, te wete grond, arbeid en kapitaal. Dit is NIE geld in die bank nie. √√√√ (4)

3.5 Die sirkulêre vloei van die ekonomie behels twee markte, naamlik die goederemark en die faktormark. √√ Die goederemark bestaan uit al die individuele goedere en dienste wat in aanvraag is √√ en die faktormark bestaan uit die produksiefaktore wat deur entrepreneurs gebruik word, te wete grond, arbeid en kapitaal. √√ Die twee markte hou met mekaar verband. √√ (8)

3.6 homogene produkte, √√ talle kopers en verkopers,√√ kopers en verkopers kom nie byeen nie, √√ volledige kennis van die mark, √√ vrye toegang tot die mark, √√ geen staatsinmenging nie,√√ alle verkopers het dieselfde vervoerkoste √√ (8)


[40]

**VRAAG 4**

| Produkeenhede | Prys | AR | TR | MR |
|---|---|---|---|---|
| 0 | - | - | 0 | - |
| 10 | 10 | 10 | 100 | 10 |
| 20 | 9 | 9 | 180 | 8 |
| 30 | 8 | 8 | 240 | 6 |
| 40 | 7 | 7 | 280 | 4 |
| 50 | 6 | 6 | 300 | 2 |
| 60 | 5 | 5 | 300 | 0 |

4.1 180 and 280 √√ √√ (4)
4.2 4 √√ (2)
4.3 Dit daal. √√ (2)
4.4 Winste is optimaal wanneer marginale inkomste gelyk is aan marginale kostes. √√√√ (4)

4.5




Die diagram moet voorsien wees van duidelike byskrifte en sowel die langtermyn-kostekurwe as 'n reeks korttermynkurwes vertoon. √√√√√√√√ (8)

4.6 Konstante skaalvoordele kom voor wanneer die styging in totale inkomste in verhouding is tot die styging in totale kostes. √√√√ Toenemende skaalvoordele kom voor wanneer die styging in totale winste groter is as die styging in totale kostes. √√√√ Dalende skaalvoordele kom voor wanneer die styging in totale winste minder is as die styging in totale kostes. √√√√ (12)

4.7 hindernisse vir toetrede, √√ geen homogene produkte, √√ onvolledige kennis onder verkopers en verkopers, √√ alleeneienaarskap van 'n hulpbron, √√ samespanning tussen verkopers, √√ sakeondernemings is prysbepalers √√ (8)

[40]

## AFDELING C

### VRAAG 5

Soorte onvolmaakte markte: monopolie, oligopolie, monopolistiese mededinging (6) √√√√√√
Redes: kapitaal, eienaarskap van grondstowwe, eienaarskap van patent of kopiereg, tegnologie √√√√√√√√ (4 x 2) (8)
Kenmerke van elke marksoort: monopolie, oligopolie, monopolistiese mededinging (16)
Formaat – 5 punte
Liggaam – 30 punte
Vertolking van vraag – 5 punte [40]

### VRAAG 6

Definisie van kapitaal: vervaardigde goedere gebruik in die produksie van verbruikersgoedere. √√√√ (4)
Bronne: huishoudings, besighede, regering, ander lande √√√√√√√√ (8)
Kenmerke: noodsaaklik vir ekonomiese groei, kapitaalgoedere depresieer en moet vervang word, kan geklassifiseer word as maatskaplike of menslike kapitaal√√√√ (4)
Belangrikheid: ekonomiese groei kan nie plaasvind sonder kapitaal nie. √√ Wanneer besighede geld bestee aan kapitaalgoedere, staan dit bekend as investering, √√ wat nodig is vir die handhawing van produksie. √√ Skep ruimte vir ekonomiese groei. √√ Kapitaalverdieping kom voor wanneer die hoeveelheid kapitaal per werker toeneem, sodat die kapitaalvoorraad groter is as die aantal werkers. √√ Direkte buitelandse investering √√ vind plaas wanneer ’n buitelandse sakeonderneming plaaslik ’n fabriek oprig. √√ (14)
Formaat – 5 punte
Liggaam – 30 punte
Vertolking van vraag – 5 punte [40]

### VRAAG 7

*Wins hou verband met die koste wat ’n sakeonderneming opgeloop het en die inkomstes wat die onderneming verdien.*

Bespreek die bostaande stelling.

Die hoofoogmerk van ’n besigheid is **maksimum winsverdienste.**√√ Wins kan die volgende wees:

- die verskil tussen die koste van produksie en die verkoopprys daarvan
- die bedrag wat oorbly nadat alle produksiekostes betaal is
- enige addisionele inkomste wat deur entrepreneurs ontvang word. √√√√√√

**Geleentheidskoste** is die waarde van die naasbeste alternatief wat opgeoffer word sodat iets anders bewerkstellig kan word. As verbruikers weet ons almal dat goedere, dienste en geld skaars is en dat ons moet kies wat ons met ons geld koop, en wat nie. √√√√√√
Wins kan op drie maniere uitgedruk word: rekenkundige wins, ekonomiese wins en normale wins.

1 **Rekenkundige wins.** Besighede loop eksplisiete en implisiete kostes op. Eksplisiete kostes is uitgawes wat maklik verantwoordbaar is, soos lone en huurgeld. Implisiete kostes is onberekenbaar, soos die tyd en inspanning wat die bedryf van ’n besigheid verg. Rekenkundige wins verreken slegs die eksplisiete kostes van die bedryf van ’n besigheid. Rekenkundige wins is die bedrag wat oorbly nadat al hierdie kostes vereffen is. Hierdie metode wek die verkeerde indruk, aangesien die **implisiete kostes** nie in ag geneem is nie. √√√√√√

2 **Ekonomiese wins (of verlies).** Dit is die verskil tussen die inkomste ontvang uit die verkoop van ’n uitset en die geleentheidskoste van die insette wat gebruik is, plus die eksplisiete kostes. Dit toon hoe

doeltreffend hulpbronne gebruik word, relatief tot ander opsies. Dit toon dat die besigheid meer verdien as wat hy op enige ander manier sou kon doen. √√√√√√
Die geleentheidskostes van die gebruik van hulpbronne vir 'n ander doel word afgetrek van die inkomstes wat verdien is. Dit beteken dat dit moontlik is om 'n rekenkundige wins te maak, maar met 'n klein ekonomiese wins of geen ekonomiese wins nie.

3 **Normale wins.** Dit is die minimum wins wat nodig is vir 'n besigheid om in die mark mededingend te bly. Dit kom voor wanneer 'n besigheid sy hulpbronne doeltreffend aanwend en nie beter kon benut nie. Dit verskil van rekenkundige wins omdat geleentheidskoste in berekening gebring word. √√√√√√
Winste en verliese – totale winste is gelyk aan totale inkomste minus totale kostes. √√ Indien TR groter is as TC, maak die besigheid 'n wins, √√ en indien TR minder is as TC, ly die besigheid 'n verlies. √√

Formaat – 5 punte
Liggaam – 30 marks
Vertolking van vraag – 5 marks

[40]

**TOTALE PUNTE: 150**